Title changed.

# DIE STREWE VAN DIE „COUNCIL OF EDUCATION" VAN JOHANNESBURG VERGELYK MET DIÉ VAN DIE MANNE VAN „CHRISTELIK-NASIONAAL ONDERWYS.

~~DIE ONTSTAAN EN V[illegible] ONTWIKKELING VAN DIE [illegible] VIR~~

~~CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS.~~

Tesis ter verkryging van

die M.Ed-GRAAD

aan die Universiteit van die Witwatersrand,

deur

M.J.GREGORY, M.A.

1944

UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND
[illegible] AUG [illegible]
LIBRARY.

VERKLARING.

Ek, Morgan Jenkins Gregory, verklaar dat die Tesis „DIE ONTSTAAN EN VROEË ONTWIKKELING VAN DIE BEWEGING VIR CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS" my oorspronklike werk is, en dat ek dit nie tevore aan 'n ander Universiteit voorgelê het nie.

M.J. Gregory.

# DIE ONTSTAAN EN VERDERE ONTWIKKELING VAN DIE BEWEGING VIR CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS.

---

## INHOUDSOPGAWE.


| | | |
|---|---|---|
| Hoofstuk 1. | Tweetaligheid in Wallis, Skotland en Ierland. | bls. 1. |
| Hoofstuk 2. | Historiese agtergrond van die kultuurstryd in Suid-Afrika na die Groot Trek. | bls. 26. |
| Hoofstuk 3. | Onderwystoestande in die Suid-Afrikaanse Republiek voor 1892. | bls. 60. |
| Hoofstuk 4. | Wet No. 8 van 1892. | bls. 78. |
| Hoofstuk 5. | Britse skoolstelsels. | bls. 94. |
| Hoofstuk 6. | Christelik-Nasionale Onderwys. | bls. 105. |
| Hoofstuk 7. | Medium van onderwys en die indiwidu. | bls. 151. |
| Hoofstuk 8. | Samevatting. | bls. 174. |
| Bibliografie. | | bls. 197. |

# Hoofstuk 1.

## Tweetaligheid in Wallis, Skotland en Ierland.

Onder amptelike tweetaligheid word verstaan dat twee lewende tale saam bestaan in 'n land, dat elkeen deur 'n gedeelte van die bevolking gebruik word en amptelike erkenning geniet.[1)]

Soms is daar 'n aantal nasionaliteite elk waarvan sy identiteit behou en sy eie taal praat, en tog beteken dit nie dat die land waarin hulle woon amptelik twee- of meertalig is nie. Daar is meertaligheid in die omgang, maar daar is nie noodwendig erkenning van staatsweë nie. Dit is die geval in die Verenigde State van Amerika, waar die Amerikaanssprekendes soveel meer is as die wat byvoorbeeld Duits, Italiaans, ens., praat, dat hierdie tale geen amptelike erkenning het nie.

In 'n land waar daar meertaligheid in omgang bestaan, word saamhorigheid op kultuurgebied gemis, want elke taalgroep leef sy eie kultuur uit. Dit spreek van self dat elke groep sy eie volksliedere sal sing, byvoorbeeld.

In die geval van amptelike of administratiewe tweetaligheid is daar die ekonomiese moeilikheid. Alle staatstukke moet tweetalig uitgegee word en dit beteken dat die koste verdubbel word. Verder moet die staat sorg dat sy amptenare tweetalig is.

Die twee volksdele van 'n tweetalige land moet vreedsaam saamleef en daarom moet die taal van die een gelyk geregtig wees met dié van die ander. Vanweë die owerheid behoort daar nie aan die

1) Aucamp, A.J.: Bilingual Education and Nationalism, bls. 9.

een of ander van die twee tale voorkeur gegee te word nie. 'n Ideale toestand op taalgebied sou wees as elke inwoner albei die tale handhaaf. Maar so 'n toestand is nog nooit in 'n tweetalige land bereik nie. In die gevalle van Ierland, Wallis en Skotland, sal ons sien dat tweetaligheid as gevolg gehad het die oorheersing van die een of die ander taal. In Skotland en in Wallis het die volkstaal plek gemaak vir die taal van die oorheerser.

Nadat die Romeine Brittanje verlaat het in die 5de eeu N.C., is die Britte aangeval deur die Angele, Saksers, Jutte en Dene. Anders as die Romeine het die nuwe veroweraars die Britte weggedrywe. 'n Groot deel van die verwoerdes verowerdes het skuiling gesoek in die huidige bergagtige Wallis.

Die Saksers het hulle tevrede gestel met 'n blote verowering van die Wallisers en het hulle verder feitlik aan hulself oorgelaat.

In die 11de eeu, met die koms van die Noormanne of Noordmanne van Gallië, is die Saksers sowel as die Wallisers verower. Reusagtige kastele is oor die hele Wallis gebou om die inwoners in bedwang te hou. Net soos in Engeland, was Frans ook toe in Wallis die taal van die hof, van die adel en van die beskaafde kringe. Hoewel die veroweraar met veragting op die Walliese taal neergesien het, is dit nogtans oor die algemeen gebruik.

Ná die Noorse tydperk is Wallis deur Eduard I verower. Hierdie koning het nie Engels aan die Wallisers opgedring nie en hy

het ook nie probeer om hulle hul nasionaliteitskarakter te ontneem nie.

Deur die „Act of Union 1535," wat die vereniging van Engeland en Wallis teweeggebring het, is daar 'n end gemaak aan Wallies as ampstaal.

Die vraag kom onwillekeurig by ons op hoekom die Walliesers goedskiks hierdie onderdrukking van hulle taal verdra het. Die nasionale trots van die Walliser is bekend. Sy beskawing is baie ouer as dié van sy oorheerser. Een rede is miskien daarin te soek dat die destydse Engelse koning, Hendrik VIII, van Walliese afkoms was. Dit was in die tyd van hierdie koning dat Engels die politieke sowel as die kerktaal van Wallis geword het.

Teen die end van die 19de eeu is aan die Walliese taal 'n bepaalde plek gegee in die onderwysstelsel van Wallis, en tereg ook, want die taal word volgens die sensus van 1921 deur 38% van die bevolking gebesig.

Die gebruik van Wallies op die laerskool is opsioneel en word oorgelaat aan die plaaslike outoriteite en die ouers.

Hoewel dit toegelaat word dat enige vak deur medium van Wallies in die hoër grade van die laerskool mag doseer word, word dit selde gedaan, om die rede dat die meeste onderwyskragte hulle opleiding deur Engels gehad het, en ook omdat ouers gretig is dat hulle kinders goed onderlê moet wees in Engels, want vir die Walliser is Engels sy „bread language."[1] Die Walliese ouer moet dus Engels

1) Jones, Dan: mededeling.

kies as medium van onderrig vir sy kind, nie omdat dit opvoedkundig reg is nie, maar omdat hy die toekoms van sy kind op ekonomiese gebied nie uit die oog mag verloor nie. Ook in Suid-Afrika het ons hierdie ongesonde toestand in ons onderwysaangeleenthede; maar daaroor later.

Die gewone ouer begryp nie hoeveel die kind in sy intellektuele vooruitgang gestrem word deur die gebruik van 'n vreemde taalmedium nie. Wat die ouer wel begryp, is dat hoe meer die kind die vreemde taal hoor en verplig word om dit te gebruik, hoe beter hy die taal sal leer ken. Om 'n taal aan te leer, vera. 'n ampstaal, is werd om aangemoedig te word, is selfs 'n noodsaaklike vereiste by elke toekomstige burger van 'n tweetalige land, maar dis nie nodig dat dit gepaard gaan met die opoffering van die voordele van moedertaalonderwys nie. Sonder hierdie opoffering kan die vreemde taal net so goed aangeleer word.

As 'n voorbeeld van onderdrukking van die Walliese taal van ampsweë gedurende die 17de eeu dien die volgende: „No person or persons that use the Welsh speech or language shall have or enjoy any Manner, Office, or Fees within this Realm of England and Wales, or other of the King's Dominion, upon pain of forfeiting the same Office or Fees, unless he or they use or exercise the English Speech or Language."[1)]

Wetgewing van hierdie aard, opgevolg deur nog strenger bepalings, moes as gevolg hê dat Wallies al meer en meer in onbruik

1) Aucamp, A.J.: Bilingual Education & Nationalism, bls. 24.

gemaak het, veral by die hoër stande, die amptenare en geleerdes, terwyl Engels al dieper en dieper wortel geskiet het. By die laer stande was dit nie die geval nie, met die gevolg dat daar 'n onnodige kloof ontstaan het tussen die hoër en laerklasse, 'n toestand wat nie bevorderlik kon gewees het vir nasionale of opvoedkundige vooruitgang nie.

Die stigting van Engelse staatskole was ook vir die voortbestaan van Wallies nie bevorderlik nie.

Wetgewing alleen kan egter geen gevestigde nasionale taal laat uitsterwe nie.[1)]

Al was die taal van die Engelse Kerk Engels, was daar baie mense, die sogenaamde „Nonconformists," wat nie onder die invloed van die Kerk gekom het nie.

Volgens meedeling van Dan Jones, Sekretaris van die „Cambrian Society," Witwatersrand, word die Walliese taal in die sondagskool geleer en gehandhaaf. Die sondagskool is in Wallis 'n nasionale instelling wat mens op elke dorpie sonder uitsondering aantref. Sondag na Sondag word die volkstaal daar vir ongeveer twee uur gebruik. In die dagskool het Jones self niks anders as Engels geleer nie, en al sy kennis van sy moedertaal het hy in die sondagskool en tuis opgedaan.

„By ons in Wallis," sê Jones, „is Engels 'the bread language,' en Wallies 'the language for the soul.'"In die nywerhede is die algemene taal Engels. In 'n nywerheidstad soos Cardiff, wat erg

1) Aucamp, A.J.: t.a.p. bls 28.

kosmopolitiese is, hoor 'n mens feitlik net Engels, want alle vreemdelinge leer en praat Engels.

Voeg hierby die radio, wat al sy nuus- en ander berigte en dienste uitsluitlik in Engels gee, dan voel 'n mens of jy met persone soos Dan Jones kan saamstem as hulle beweer dat Wallies 'n sterwende taal is.

Maar behalwe die sondagskool is daar 'n vername faktor wat bygedra het tot die instandhouding van die Walliese taal en nasionaliteit: die eisteddfodd.[1] Die woord beteken 'n sessie of sitting, en is vroeër gebruik om die vergaderings van die ou barde of sangers van Wallis aan te dui. Die ou sangers was nie alleen digters nie, maar die geleerdste manne van die tyd, die manne wat belang gestel het in wetenskap en kuns, opvoeding en godsdiens. Hulle was 'n afdeling van die druide, wat op hulle beurt weer die priesters van die religieuse stelsel van die ou Britte was.

Die druide was ook die wêreldlike leiers van die volk. Hulle moes taamlik bedrewe gewees het in die werktuigkunde, want Stone Henge was moontlik die katedraal van die aartsdruid van heel Brittanje.[2]

Hulle het daarna gestrewe, (a) om die sedes te hervorm,
(b) om vrede te handhaaf, en
(c) om wellewendheid te bevorder.

Die bevele van die druide is deur die barde in verse gegee.

1) Aucamp, A.J.: t.a.p. bls. 30.
2) Morton, H.V.: In search of Wales, bls. 80.

Teenswoordig het die eistedfodd sy godsdienstige grondslag heeltemal verloor. Dit is feitlik nou 'n volksuniversiteit waar taal, poësie, sang en musiek beoefen word.[1]

Alle klasse en stande van die volk neem daaraan deel, arbeiders, ambagsmanne en gedurende die afgelope vyftig jaar, ook die geleerdes.[2]

Daar word 'n prys vir die beste gedig uitgeloof, en die pryswenner, die sogenaamde „Chief Bard" is dan wekelank die mees-bespreke persoon in die ganse land.

Daar bestaan in Wallis twee groot eistedfoddau, een in Noord-Wallis en die ander in Suid-Wallis. Kleiner eistedfoddau word jaarlike in byna elke dorp in Wallis gehou.

Dit sou kwalik moontlik wees om na waarde vas te stel wat die Nasionale Eistedfodd gedaan het vir die Walliese letterkunde, musiek en kuns. Oor elkeen van hierdie onderwerpe sou 'n deskundige 'n opstel kan lewer wat die onskatbare waarde van die Nasionale Eistedfodd sou beklemtoon.[3]

Maar... nieteenstaan sondagskool, en tenspyte van die eistedfodd is die Walliese taal „a dying language".

Die Skotse nasionaliteit is nie deur die handhawing van die volkstaal behou nie, maar wel deur 'n vereniging, die „Au Comunn," wat as doel gehad het:

(a) Die onderwys en gebruik van die Keltiese taal en literatuur;

(b) Die bevordering van nywerhede wat eie is aan die Hooglande;

1) Jones, Dan.: meedeling.
2) Dieselfde.
3) Transactions of the Hon. Soc. of Cymmrodorion, bls. 38.

(c) Aanmoediging van die dra van die Skotse „kilt."[1]

Nieteenstaande hierdie beweging kon die Hoofinspekteur van skole rapporteer dat die Keltiese taal in 'n groot deel van die Skotse Hooglande uitgesterf het.

Die nasionale bewussyn van die Skotse Hooglander het behoue gebly al is sy taal grotoliks deur Engels vervang.

Die Gaeliese naam vir „Tartan" is „Breacan," afgelei van die woord „Breac," wat „geruit" beteken. Die oorspronklike gebruik van hierdie geruite kledingstukke was nie om aan te toon tot watter stam of geslag die draer daarvan behoort het nie, maar dit was 'n onderskeidende teken van sy rang. Daar was slegs een kleur in die klere van 'n bediende; twee in die klere van 'n boer; drie in die klere van offisiere; vyf in die klere van owerstes; ses in die klere van digters; terwyl die koning, „Ard-righ," of hoof geregtig was op sewe kleure in sy kleredrag.

In die Skotse Kerk van vroeër het die kleredrag van die priester aan die volgende beskrywing beantwoord:

„Over all was placed a wide, loose, flowing garment, called the Robe of Offering, a square or oval cloth having in the centre a hole through which the head was passed. It was usually striped or chequered with eight colours, to indicate that while officiating the priest was superior to the King, who, according to our ancient court etiquette, wore seven colours in his tartan, while others wore fewer according to their rank."[2]

1) Aucamp, A.J.: t.a.p., bls. 40.
2) Adam, Frank: The Clans Septs & Regiments of the Scottish Highlands, bls. 223.

Dit is interessant om uit die voorgaande op te merk dat waar die Koning die hoof is van die Engelse Kerk, die verdediger van die geloof, daar is hy in die Skotse Kerk ondergeskik aan die priester, al is dit slegs gedurende die diens.

Daar bestaan derhalwe op godsdienstige gebied verskil in uitkyk tussen die Engelsman en die Skotsman. Die hoof van die Engelse Kerk is die koning; die hoof van die Skotse Kerk is Christus.

In 1747 is die dra van die „tartan" deur Wetgewing verbied. Hierdie verbod het op 'n politieke grondslag berus, want ná die Rewolusie van 1688, waardeur die Stuarts van die troon gedryf is, vind ons dat die „tartan" en die dra daarvan nasionale betekenis gehad het.[1)]

Die verbod op die „tartan-"drag het 'n uiters nadelige invloed gehad op die huisvlyt van die Skotse Hooglande. Voor 1747, toe die Hooglandse drag algemeen was, is die kledingstof gespin en gekleur deur die vroue. Elke man het sy eie „kilt, hose and brogues" gemaak terwyl die dorpsmid op kunstige wyse nie alleen „dirks, sgian-dhus and bickles" gemaak het nie maar ook „brooches, sporran-tops, etc." Alles wat die inwoners van die „glen" nodig gehad het, wat betref klere en benodighede, was hulle verplig om self te maak, en op dié manier was hulle heeltemal onafhanklik van die dorpe. Toe die gehate broek moes gedra word in die plek van die „Highland garb" en toe alle Hooglandse wapens en tooisels verbied is, was dit nie meer nodig vir die huisvrou om kleurstowwe te berei nie, of vir

1) Adam, Frank.: t.a.p., bls. 226.

die smid om wapens en versiersels te maak nie. Twee geslagte het verbygegaan voor die verbod herroep is, maar toe was die vrouens wat die kleurstof berei het en die smids wat die wapens vervaardig het ook nie meer daar nie en hulle het geen opvolgers nagelaat nie. As 'n mens vandag daardie artikels wil koop, moet jy na die fabrieke in die stede gaan. Menige nasionale Skotsman moes ná die verbod op die dra van die „tartan" opgehef is die broek dra omdat hy die nasionale drag nie kon bekostig nie.

Die „tartan" is nie alleen vir die Hooglander nie, maar ook vir die Laaglandse Skotsman 'n embleem van sy nasionaliteit. Enige poging om die „tartan" te beskimp of dit af te skaf, sal die gevoelens van Hooglander sowel as Laaglander seer maak.

„The sight of the tartan reminds us of the days when the kilt and the tartan were our youthful dress, and carries our thoughts back to happy days spent on the hills and by the loch-side of our loved Highlands, and to scenes which can be eclipsed by no other land upon earth. Ay! I venture to believe that all my readers of Scottish nationality will be willing to confess that, when our „heart does not warm to the tartan, it will be as cold as death can make it."[1)]

Geen boek oor Skotse Hooglandse aangeleenthede sou volledig wees sonder verwysing na die Hooglandse doedelsak nie. Dit is die nasionale musiekinstrument van die Hooglande van Skotland. Daar is geen musiekinstrument ter wêreld wat so 'n belangrike rol in die

1) Adam, Frank.: t.a.p., bls. 229.

geskiedenis van 'n volk gespeel het nie. Dit het vir eeue 'n kragtige invloed op die Gaeliese volksgevoel uitgeoefen.[1]

Nie alleen van die Gaeliër nie maar van die hele Skotland is die doedelsak die nasionale musiekinstrument. Hierdie feit is deur die regering erken toe daar in 1881 'n reorganisasie van die Britse leërmagte plaasgevind het, want alle Skotse regemente, Hooglandse sowel as Laaglandse, is toe van doedelsakorkeste voorsien.[2]

Na die Hervorming het die ernstige Kalvinistiese predikante 'n banvloek oor die doedelsak uitgespreek. Toe het die populariteit daarvan in die Laaglande afgeneem.

James Reid, 'n doedelsakspeler, is tot die dood veroordeel as rebel te York op 15 November 1746. Tydens sy verhoor is vir sy verdediging aangevoer dat hy geen wapens gedra het nie. „The Court, however, observed that a Highland regiment never marched without a piper, and, therefore, that in the eye of the law, Reid's bagpipes were an instrument of war."[3]

Die Skotsman onderskei hom van die Engelsman deur sy eie nasionale kleredrag en musiek, maar hy het sy nasionale taal afgestaan vir Engels.

Tydens die regering van „Queen Mary of Scots" is Gaelies nog in Skotland gepraat. In 1543 is deur 'n wet van die Parlement bepaal dat dit wettig sou wees „to all our Sovirane Ladyis lieges to haif the Holy writ baith New Testament and Auld in

1) Adam, Frank.: t.a.p., bls. 230.
2) Dieselfde: bls. 234.
3) Dieselfde: bls. 239.

the commo· ..gue in Inglis or Scottes of ane gude and new translation."[1]

Toe Jacobus VI die Skotse troon bestyg het, was dit noodlottig vir die bestaan van die Gaeliese taal, want daardie koning het nóg vir die Hooglanders nóg vir hulle taal enige liefde gehad. Die wetgewing van Jacobus VI teen die Gaeliërs en die Gaeliese taal, veral nadat hy ook koning van Engeland geword het, was baie streng.

Hier volg 'n paar voorbeelde van dié wetgewing:-

A. „The chiftanes and principal clannit men of the Ylles shall send thair bairnes being past the age of nyne yeare to the scolis in the Lawlandis to the effect that they may be instructit and trayned to wryte and reid and to speke Inglische; and that nane of thair bairnis shall be served air unto them nor acknawlegeit nor received as tennentis to his Majestie unless they can wryte, reid, and speik Inglische."

B. „Forasmeikle that the Inglische toung may be universallie planted, and the Irish language, which is one of the chief and principale causes of the continuance of barbaritie and incivillitie among the inhabitants of the Isles and Highlands may be abolished and removit, etc."[2]

As gevolg van hierdie kwaai wetgewing het die Gaeliese taal teen die einde van die 18e eeu in die Laaglande van Skotland heeltemal uitgesterf. Maar in die Hooglande het dit bly voortbestaan selfs as skryftaal. In die 19de eeu het die taal ook in

1) Adam, Frank: t.a.p., bls. 250.
2) Dieselfde, bls. 251.

die Hooglande veld verloor.

Dat hierdie agteruitgang reeds lankal begin het, blyk uit die volgende uittreksel van die „Statiscal Account of Scotland" deur predikante van die verskillende gemeentes, wat in 1845 gepubliseer is: „The language generally spoken is an impure dialect of the Gaelic; but it is rapidly losing ground. In the more Highland parts it is better understood than English, but in the low parts both languages are spoken indifferently. The Gaelic School Society, by establishing schools throughout the country, have done much to eradicate the language. This may appear paradoxical, but it is actually the case. Those children that had learned to read Gaelic found no difficulty in mastering the English; and they had a strong inducement to do so, because they found in that language more information suited to their capacity and taste than could be found in their own. English being the language universally spoken by the higher classes, the mass of the people attach a notion of superior refinement to the possession of it, which makes them strain every nerve to acquire it; an [illegible] o uncommon thing for those who have lived for a short time [illegible] south to affect, on their return, a total forgetfulness of the language which they had so long been in the habit of using."[1)]

Teenswoordig is die toestand van die Gaeliese taal net soos dit in 1845 was. Die taal is aan die uitsterf en dit deur die toedoen van die Skotte self. Die vraag is aan 'n Skotse Hooglander

1) Adam, Frank: t.a.p., bls. 252.

gestel waarom sy kinders nie hulle eie taal (Gaelies) kon praat nie. Hy het geantwoord: „'Deed, sir, there's no child of mine that I'll be letting learn the Gaelic, for it is the Gaelic that was making the fool of me. I would be twelve years old before I would be knowing the difference from 'yes' and 'no' in the English; and that's why I'll not be letting my children know the Gaelic."[1) ] As die gewone Gaelieër so dink oor sy taal, spreek dit van self dat dit met Gaelies net so sal gaan soos met Wallies: dit sal uitsterf. Daar word baie deur patriotiese Skotte gedaan om hulle taal te bestendig. Dit is byvoorbeeld ŉ erkende vak op die Universiteit van Edinburg. Daar is ook die jaarlikse „Gaelic Mod" wat baie te vergelyk is met die eisteddfod in Wallis.

In Januarie 1902 is voor die Parlement ŉ rapport van ŉ volkstelling gelê wat aangetoon het die getal persone in die verskillende parlementêre afdelings in Skotland wat uitsluitlik Gaelies g praat het, en die getal persone wat beide Gaelies en Engels gepraat het. Uit die volkstelling het dit geblyk dat daar uit ŉ totale bevolking van 2,036,483 slegs 348 persone uitsluitlik Gaelies gepraat het en 39,113 beide Engels en Gaelies.[2)] Tel die laaste twee syfers by mekaar en trek af van die eerste, dan vind ons dat 1,997,022 Skotte Engelssprekend was en hulle oorspronklike moedertaal nie gebruik of geken het nie.

Heel anders is die geval in Ierland: „Undisturbed by the Romans; unconquered though shattered by the Norsemen; unsubdued

1) Adam, Frank: t.a.p., bls. 252.
2) Dieselfde, bls. 487.

though sorely stricken by the Normans, and still struggling with the Saxon, the Irish Gael alone has preserved a record of his own past, and preserved it in a literature of his own, for a length of time and with a continuity which outside of Greece has no parallel in Europe."[1)]

Met so 'n tradisie hoef dit niemand te verbaas dat die Iere, nadat hulle verower is, nieteenstaande verdrukking en vervolging, geweier het om afstand te doen van óf hulle taal óf hulle nasionaliteit nie.[2)]

Hoewel daar geen wetlike bepalings teen Iers in die onderwys was nie, is dit heeltemal verwaarloos. Nie alleen was die skooltaal Engels nie, maar die hele opvoeding was Engels.

'n Hoofinspekteur van Onderwys het gesê:

„The language of the National Schools, the books, the teaching, are all English. The Irish native culture, music and language have been deliberately obliterated by a system of Education based upon another culture and imparted in another language."[3)]

Geen wonder dat 'n groot deel van die Ierse bevolking sy ondersteuning nie heelhartig aan so 'n stelsel gegee het nie. Die gevolg was dat meer en meer toegegee is aan die regte van die Ierse taal as vak en as medium.

Ook op die universiteite het dieselfde veranderings plaasgevind, sodat daar op verskillende universiteite leerstoele vir Gaelies gestig is.

1) Hyde, D.: Literary History of Ireland, bls. 17.
2) Aucamp, A.J.: Bilingual Education & Nationalism, bls. 45.
3) Dieselfde, bls. 49.

Die herstel van die Gaeliese taal is grootliks te danke aan verenigings waarvan die doel was om Ierland deur middel van sy volkstaal te nasionaliseer.

Daar is twee soorte Iere. Onder die eerste soort tel ons die Iere van Engelse afkoms wat gewoonlik Protestante is en ook offisiere van die leërmag. Die tweede soort is die Iere van Ierse afkoms. Hulle is gewoonlik Katolieke en hulle mag soms die rang van sersant in die Britse leër beklee. Hoewel die Protestantse offisiere dit iemand baie kwalik sou neem wat hulle Engelse noem, beskou die Katolieke sersante hulle so half en half as Engelse.[1]

Vir 'n buitestander wat onbekend is met die Ierse geskiedenis is die onderskeid wat gemaak word ietwat verwarrend. Dit bring by die Afrikaner onwillekeurig C.P.Hoogenhout se verdeling van Afrikaners in „Afrikaners met Engelse harte, Afrikaners met Hollandse harte en Afrikaners met Afrikaanse harte,"[2] in die gedagte.

Nieteenstaande onderlinge verdeling het Ierland na 'n hewige politieke stryd dominiumstatus verkry.[3]

Die geskiedenis van Ierland kom as 't ware neer op die verhaal van die Ierse stryd teen Engeland. Die Engelse het vir eeue probeer om van die Ier 'n soort Engelsman te maak, maar sonder sukses. Soms wil dit voorkom of die Ier 'n haat in die Engelsman het, maar dit is nie die geval nie. Die Iere hou tenminste meer van die Engelse as van ander vreemdelinge. Maar die Iere haat

1) Morton, H.V.: In search of Ireland, bls. 4.
2) Die Patriot, 15.1.1876.
3) Morton, H.V.: t.a.p., bls. 4.

die Engelse politici.[1]

Die Ier wil hom self wees en daarom gee die skares op die strate van Dublin, byvoorbeeld 'n ander indruk as die mensemassas in 'n Engelse stad. By die Iere sien 'n mens nie die „haggard money look" wat al 'n algemene kenmerk in Engelse stede word nie. Daar is sekere skynbare kleinighede wat nogtans 'n dieper betekenis het. Die rooi kleur van die Engelse het byvoorbeeld van die strate verdwyn en alle briewebusse word groen geverf. Telegramme en briewe word in groen koeverte afgelewer. Die name van strate word in Gaelies geskrywe, hoewel baie Dubliners dit nie kan lees nie. maar dis dinge wat duidelik 'n strewe aandui om Iers te wees.[2]

Nog voor die dae van die Republiek kon 'n mens eens wanneer 'n klompie Iere gesellig bymekaar was, die volgende volksliedjie op die wysie van „Paddy McGinty's Goat" hoor sing:

„God save the Free State, Tim Healy, and the King,
The Harp and the Shamrock and the old Claddagh Ring,
The round tower of Clonmacnoise, the pistol and the bomb,
But when we get the Republic, boys, we'll make the old land hum."[3]

Dail Eirann, die Ierse Parlement, hou sy sittinge in 'n groot agtiende-eeuse huis. Die eerste indruk wat 'n mens daar kry, is dat die nasionale groen kleur op elke moontlike manier tentoongestel word. Lede van die Dáil hou groen vraestelle in die hand. Die aantekeningboeke is in groen band gebind. Nou en dan trippel 'n bode op sy tone die gang af en lewer 'n grasgroen telegram af.

1) Morton, H.V.: In search of Ireland, bls. 5.
2) Dieselfde, bls. 8.
3) Dieselfde, bls. 11.

Die President maak nóu ʼn ander indruk as vorige leiers. Hy het die waardigheid van ʼn magistraat of ʼn regter. Ierse nasionaliteit is nie meer ʼn opstand of doodgebore beweging nie. Ierland het ʼn nasionale staat geword.

Vrae aan ministers word in Iers gestel. In geval die vrae nie goed verstaan word nie, word hulle in Engels oorgesit.

Dis eienaardig, maar Iere het gewoonlik twee name, een Engels en die ander Iers. Die meeste lede van die Dáil gee voorkeur aan hulle Gaeliese name. Dis nie verbasingwekkend dat die volksverteenwoordiger in hierdie opsig nasionaal is nie.[1]

Die besoeker aan Dáil Eireann kom sterk onder die indruk van die erns wat daar heers. Daar is gladnie die speelsigheid of oppervlakkigheid wat ʼn mens af en toe in die Britse Parlement waarneem nie. Hulle het geveg vir wat hulle het, nie alleen met hulle stemme nie, maar ook met die vuurwapen. Hulle Parlement is gedrenk met die bloed van hulle vriende en skoolmaats.[2]

Vir die Engelsman skyn dit of die Ier onredelik is in sy verbittering. Dit gee vir hom die gedagte dat die Ier geen sin vir geskiedkundige perspektief besit nie, want selfs opgevoede Iere sal van Cromwell se kampanje praat asof die teenwoordige Britse Goewerment daarvoor verantwoordelik is. Elke onreg aan Ierland gedaan vanaf die dae van Strongbow is vir die Ier so werklik as die begroting van die vorige jaar.

Hierdie weerstand teen Engeland het sy oorsprong in ʼn nasio-

1) Morton, H.V.: t.a.p., bls. 15.
2) Dieselfde.

naliteitsgevoel, een van die sterkste menslike emosies. Die Ier vra hom self af: „Kan die Iere as verraaiers bestempel word as hulle nooit voorgegee het dat hulle lojaliste is nie?" Die kiem van nasionalisme het nooit in die Ier gesterf nie, selfs nie in die tye toe Engeland en Ierland oënskynlik besig was om tot een nasie saam te smelt nie.[1]

Dit is eienaardig dat die karaktertrekke van beslistheid en vasberadenheid wat veronderstel is om kenmerkend te wees van die Engelse juis onder die Iere in ruimere mate aanwesig moet wees. Die Ierse stryd is nieteenstaande vervolging en teenslae vir eeue sonder verposing voortgesit. Vervolging en dreigende strawwe was vir die Iere slegs spoorslae tot nuwe en harder pogings tot weerstand en rebellie.
Die hele geskiedenis van Ierland is die geskiedenis van 'n onafhanklikheidstryd wat uiteindelik uitgeloop het op die oorwinning.[2]

Of die manne wat besig is om die Ierse Staat op te bou daarin sal slaag om die Gaeliese taal te laat herleef, is nie met sekerheid te voorspel nie. Die name van al die strate in Dublin word in Gaelies gestel. Die goewermentskennisgewings word in Engels en in Gaelies gedruk. 'n Bekende Gaeliese geleerde het gesê dat hierdie gewoonte 'n soort Goewermentsgaelies laat ontstaan het wat vir die kenner van Gaelies die indruk gee van die taal wat 'n busbestuurder van Bethnal Green gebruik.[3]

1) Morton, H.V.: t.a.p., bls. 17.
2) Dieselfde.
3) Dieselfde, bls. 22.

Die grondoorsaak van die Ierse opstand is die drang om die Gaeliese taal te laat herlewe. Die teenstanders daarvan meen dat die taal nooit deur 'n moderne staat gebruik kan word nie. Die ondersteuners daarvan glo weer dat dit die enigste middel is waarmee 'n nasionale gees opgebou kan word. Anderes het weer 'n agting daarvoor as letterkundige taal, en sou selfs wou sien dat dit sy plek op skool ' neem langs Grieks en Latyn.

In die geval van die Walliser het ek daarop gewys dat sy moedertaal vir hom die taal van sy siel is, maar die Engelse taal sy „bread language." Net so gaan dit met die Iere, tenminste dié van hulle wat in die onvrugbare dele van Ierland woon.

Connemara was oorbevolk en die regering wou probeer om 'n deel van die bevolking na die vrugbare Leinster te verskuiwe. Maar die bewoners van Connemara het geweier om te gaan, en hulle sou ook nie na enige ander deel van Ierland gaan nie. Vir hulle was dit Connemara of Amerika. Die jong Iere se koppe staan Amerika-toe. In daardie woord „Amerika" moet ons die rede soek waarom die inwoners van Connemara so 'n teensin het in die Ierse taal, of liewer in die onderwys daarvan op skool. Hulle sê: „Why are our children taught so much Irish at school? What wonder if I was Irish! It is English they want. They must go to America to earn their living, and English is of use to them in America and Irish is not."[1).]

Tog is dit wonderlik hoe die Ierse boere die Gaeliese litera-

1) Morton, H.V.: t.a.p., bls. 177.

tuur aan die lewe gehou het. Die Ierse boere van Connemara is nie agterlik nie, en 'n mens kan nie help om op te merk dat hulle van goeie afkoms is nie, want onder hulle is die afstammelings van die „O's" en „Mac's" van die ou Ierse adel.

Dit word beweer dat die plattelandsbevolking in Engeland 'n woordeskat van 300 tot 500 woorde besit. Na ondersoek het dit geblyk dat die Ierse plattelander van die Araneilande 2,500 woorde, dié van Roscommon 3,000 woorde en dié van Munster selfs tussen 5,000 en 6,000 woorde tot sy beskikking het.

Die mening is taamlik algemeen dat daar meer ongeletterdheid onder die Ierse boerebevolking bestaan as onder enige ander groep in Brittanje. Dit is egter wenslik om 'n bietjie navraag te doen na wat eintlik met ongeletterdheid bedoel word. Die Ierse boere het nie alleen 'n uitstekende kennis van die Ierse letterkunde nie, maar ook van hulle geskiedkundige tradisies. Al kan sulke persone nie lees of skryf nie, kan hulle kwalik as ongeletterd beskou word. Verder dien ook onthou te word dat die geskiedenis van Ierland uitgesluit is van die leerplan op die Ierse skole.[1)]

Onderdrukking van die nasionale aspirasies het as gevolg gehad haat tussen Ier en Engelsman. Hierdie haat is verder verskerp deur die kerklike hervorming in die tyd van Koningin Elizabeth. Telkens was daar opstand teen die Britse regering, en elke keer dat 'n opstand onderdruk is, is die gronde van die rebelle gekonfiskeer en aan Engelse oorhandig om op dié manier die land te kan

1) Morton, H.V.: t.a.p., bls. 31.

angliseer. Onder die veroweraars en uitbuiters van Ierland was Humphrey Gilbert, Walter Raleigh, Grenville, bevelvoerder van die „Revenge" en die digter van die „Faery Queen." Amerika en Ierland was lande waar sulke manne groot rykdom kon vergaar, waar hulle publieke dienste aan hulle koningin kon bewys en waar hulle die ware geloof teen die Paus kon verdedig. As Raleigh en Spenser stokblind was vir die werklikhede van die Ierse rasse- en geloofsprobleem dan was dit nie denklik dat die gewone Engelsman in Engeland dit selfs in die loop van eeue sou verstaan nie.[1)]

Jacobus I, die opvolger van Koningin Elizabeth het besluit om Engelse en Skotse boere in die noorde van Ierland te vestig. Om sy doel te bereik, was dit nodig vir Jacobus om ontslae te raak van die Ierse voormanne O'Neill, graaf van Tyrone, en O'Donnell, graaf van Tyrconnell. Daar is 'n valse aanklag van sameswering teen hulle ingedien. Hulle het geweet dat enige verdediging nutteloos sou wees, en hulle het besluit om te vlug.

Op 'n dag in September 1607 het 'n skip uitgevaar na Frankryk. Die twee grawe het van boord af die groen heuwels van hulle vaderland agter die see sien verdwyn; en net soos tallose seuns van hulle vaderland het hulle weggegaan om te kan lewe.

Die vlug van die twee grawe het die lot van Noordelike Ierland bepaal. Sodra hulle vertrek het, is die Protestantse Ulster gebore. O'Donnell is die volgende jaar oorlede en O'Neill nege jaar daarna in 'n stad waar menige vlugteling rus gesoek en gevind het;

1) Morton, H.V.: t.a.p., bls. 235.

Rome.

Elke duim grond wat die grawe besit het, is gekonfiskeer. In Ierse oë was hierdie grond nie die eiendom van die grawe nie: dit het aan die stam behoort. Maar dit het geen saak gemaak vir Jacobus en sy ministers nie.[1]

Dit sou te veel plek in beslag neem om al die onreg wat die Iere gely het op te noem. Die wonde wat geslaan is in die loop van drie eeue sal denkelik nie gou vergeet word nie, miskien nooit nie. Vandaar die Ierse streek van terug te kyk inplaas van vorentoe.[2]

Hoe meer hierdie streek hom openbaar, hoe meer die Ierse volk hom afkerig sal voel teenoor sy veroweraar. Anders as die geval in Wallis en Skotland wil dit voorkom of die Ierse nasionaliteit sowel as die Ierse taal bewaar gaan bly.

In Wallis, Skotland en Ierland het die Engelse oorheerser in ieder geval sy taal aan die verowerde volk opgedring. In Wallis en in Skotland het Engels die landstale omtrent heeltemal vervang. In Ierland het dit minder sleg gegaan met die volkstaal. Maar ook dáár, veral in Ulster, neem die Engelse taal 'n vername plek in landsake in. Die Engelsman het gewoon geword daaraan dat sy taal in die Britse besittings die botoon voer.

Die Kaap word 'n besitting van Engeland in 1806, en soos die historicus Theal daarop wys, was dit 'n uitgemaakte saak vir die nuwe bewindhebbers dat die 30,000 Afrikaners hier so gou moontlik

1) Morton, H.V.: t.a.p., bls. 236.
2) Dieselfde, bls. 273.

in die Engelse beskermingstroom opgeneem moes word. „It seemed absurd that such a small body of people should be permitted to perpetuate ideas and customs that were not English in a country that had become part of the British Empire." Daarom word die Hollandse taal se krag oral verswak en verdwyn dit uit die staatsdepartemente en uit die onderwys. Selfs dring Engels die bolwerk van die Hollandse beskawing, nl. die kerklewe sodanig binne dat hier later op gesette tye- hoe vreemd klink dit nie vandag nie! - Engelse preke gehou is. Hierdie omwenteling wat kragdadig en bewus voortgesit word, het tot gevolg dat in die stede veral, die maatskaplike lewe van die Afrikaner in die 19de eeu 'n grondige verandering ondergaan. Die Engelse vormlewe dring deur. Gebruike in die daaglikse omgang, aan die tafel, in die gesprekke, in die houding teenoor mekaar word op 'n Engelse lees geskoei, of dikwels kry ons 'n vreemde vermenging van Hollandse en Engelse gebruike. Twee maatskaplike wellewendheidsvorms raak deurmekaar gevleg en alhoewel die platteland sy Afrikaanse karakter behou, word die stede al meer Engels gekleurd.

Die Groot Trek, wat die ontstaan van die twee Boere-republieke in die Noorde ten gevolge het, red 'n groot deel van die Afrikaanse beskawing, wat vinnig besig was om verswelg te word. Dit roep ook nuwe stede en nuwe maatskaplike verhoudinge in die lewe. Die Engelse sendelinge se verwronge opvatting teenoor die naturelle skep veel bitter gevoel en is verantwoordelik vir baie ongunstige

reaksies van die Afrikaanse kant. Dit spreek vanself dat die groot historiese gebeurtenisse, soos die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog die vyandigheid tussen Afrikaner en Engelsman baie aangeblaas het. Dit werk deur in die hele maatskaplike lewe en laai hoog op in die partypolitiek.[1]

Gedurende die laaste kwart van die neëntiende eeu kon C.P.Hoogenhout uitroep:

„Engels! Engels! Engels! Alles Engels, wat jy sien en hoor!
In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal vermoor."[2]

Ná die Tweede Vryheidsoorlog, sal ons sien, het die Britse owerheid sy taal en onderwysstelsel aan die Afrikaners opgedring. Teen hierdie plan het die manne van die C.N.O. hulle gekant en geveg vir die behoud van die volkstaal en die christelike beginsels waaraan hulle gewoon was vóór die Tweede Vryheidsoorlog.

1) Van den Heever, C.M.: Die stryd om ewewig, blo. 250.
2) Hoogenhout, C.P.: Vooruitgang.

## Hoofstuk 2.

## Historiese agtergrond van die kultuurstryd in Suid-Afrika ná die Groot Trek.

Vandat die Engelse die Kaap in besit geneem het in 1806 het die stryd op kultuurgebied 'n aanvang geneem, in hewigheid soms toegeneem, dan weer afgeneem, maar steeds voortgeduur tot op die huidige dag.

Uit 'n toespraak wat mev. Olive Schreiner op 'n vergadering van vroue op Somerset-Oos gehou het,[1] skyn dit of daar baie Afrikaners in die Kaapkolonie was, wat voor die Tweede Vryheidsoorlog hulle heeltemal tevrede gevoel het met die Britse regeringstelsel en selfs goed op pad was om die Britse kultuur aan te neem.

Sy het gepraat van die onherroeplike verlies wat Engeland in die oorlog gely het aan offisiere en manskappe. Hoewel hierdie verlies groot en onherroeplik was, het Engeland in 'n ander opsig nog 'n groter verlies gely. Hy het vir goed die vertroue en liefde van die bevolking van die Kaapkolonie verbeur.

„Fourteen months ago," vervolg mev. Schreiner, „in spite of much that had taken place in the past, we, the bulk of the people in this Colony, believed in England, and in the power of the more righteous element in her people ultimately to overpower and control the baser and more servile. Fourteen months ago I sat in a little up-country Boer farm-house; and when we spoke of the possibility of war, men and women alike said, „There can be

1) Eastern Province Herald, 22.10.1900.

no war, our Queen would never allow it. She has always loved us and been good towards us, she would never allow them to kill our kindred in the Republics........... „Fourteen months ago as you all know, there was hardly a farm-house in the length and breadth of the Cape Colony where the picture of the Queen was not to be found hanging on the walls......"

Hierdie versoenende verhouding teenoor die Engelse was begryplikerwyse minder merkbaar onder die Boere-Emigrante wat hulle eers in die Republiek Natalia en daarna in die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat gaan vestig het.

Die afsydigheid van hierdie Boere in verband met die Engelse is deur 'n aantal uitstaande gebeurtenisse verskerp. Ek bedoel die Anneksasie van die Republiek Natalia, Britse inmenging in die stryd tussen die Vrystaters en Mosjesj, die Anneksasie van Transvaal deur Theofilus Shepstone in 1877, die Jameson-strooptog en die Tweede Vryheidsoorlog.

Ná die moord van die Trekleier, Piet Retief, het die Voortrekkers daarin geslaag om 'n man in die persoon van Andries Pretorius te vind wat hulle tot die oorwinning teen Dingaan se hordes sou lei.

Binne vyf weke nadat Pretorius in die laer aan die Klein Toegela afgestyg het, was die hele veldtog teen Dingaan afgeloop, en die kommandomense alweer tuis. In minder as 'n maand was die magtige Zoeloeleërs van 17 Januarie tevore, verslaan en verjaag,

met 'n verlies van minstens 4,000 man.[1] Die Zoeloemag was gebreek, Umkungunhlovu in as gelê, al Dingaan se militêre krale in die nabyheid verwoes, en die helfte van Zoeloeland- al die land suid van Umfoloos- in hande van die Boere, met 'n verlies aan hulle kant van slegs ses menselewens.

Deur sy meesterlike aanvoering van die Wenkommando, die skerpsinnige taktiek wat hy daarby tepas gebring het, het Pretorius hulle 'n skitterende seë besorg, vertroue onder die Voortrekkers herstel en 'n skrik onder die vyand versprei.

Die laers aan die Klein Toegela wat daar toe al byna 'n jaar lank vasgekeer was, het byna dadelik na die terugkeer van die kommando opgebreek, en die mense het opgetrek, sommiges tot waar Pietermaritzburg nou lê. Enkeles is terug, oor die berg, om hulle by Potgieter se mense aan te sluit, maar die meeste het verder afgetrek na die kus toe, waar die Greylings en ander reeds gestaan het aan die Umlaas.[2] Na alle kante toe, ook na die Noorde, onder die Berg, het die mense plase uitgesoek en hulle versprei.

Die Boere het oral, in klein klompies versprei, gaan staan, met die oogmerk om hulle blywend daar te vestig. 'n Lang tyd het hulle in tente gestaan, maar ander het vir hulle hutte gebou, en dié van sooimure omgewe. Die laertoestande waaronder hulle solank geleef het, was, selfs in volle vredestyd, nie van die aangenaamste nie, maar hulle leef toe al byna 'n jaar in 'n

1) Preller, Gustav S.: Andries Pretorius, bls. 73.
2) Dieselfde, bls. 75.

toestand van oorlog, en almal was bly om tot meer normale omstandighede en h vryer beweging van mens en vee, terug te keer.

Die Voortrekkerdorp, Pietermaritzburg, na die twee leiers Pieter Retief en Gerrit Maritz genoem, is aangelê. h Watervoor 6,000 treë lank is uitgehaal en pragtige tuine is aangelê.

Op 11 Desember 1838 kom twee Kaffers, elk van h witvlag voorsien, in Maritz se Sooilaer aan.[1] Hulle bring h groot pakket briewe en h afskrif van h proklamasie van sir George Napier, Goewerneur van die Kaap.

Majoor Charters, Engelse bevelvoerder in Durban, het h brief aan Andries Pretorius gerig om hom te gelas om pad te gee uit Dingaan se land uit, en terug te keer na sy voormalige posisie.

Hy sluit daarby h proklamasie in van sir George Napier waarin verklaar word dat Haar Majesteit se Regering besluit het om Port Natal te beset, „tengevolge die verstoorde toestand van die Naturelle binne die gebied grensende aan die hawe, wat veroorsaak is deur die besetting van gesegde gebied deur sekere emigrante, Britse onderdane, uit die Kaapkolonie."

Die volgende dag, 12 Desember, kom die Volksraad bymekaar, om die inhoud van Charters se meedelinge te oorweeg; en besluit word om dit onder die aandag van die Hoofkommandant, te velde, te bring. Die dokumente is met twee Kaffers gestuur wat Pretorius nie bereik het voordat hy op Nuwejaarsdag weer aan Buffelsrivier terug was, waar die berigte h skadu gewerp het oor die luister

1) Preller, Gustav S.: t.a.p., bls. 76.

van die Wenkommando.

Nimmer voordat die Boere hulle in Natal gevestig het, het die Britse Regering enige aanspraak op Natal gemaak nie. Inteëndeel, voordat die Emigrante hulle in Natal neergelaat het, het die Imperiale outoriteite sonder omweë geweier om daar aanspraak op te maak, of hulle soewereiniteit oor die land af te kondig.

Sir George Napier se proklamasie het nie die ondersteuning van die Britse Regering gehad nie en daarom het dit by 'n dreigement gebly.

Dit was ogter genoeg om 'n kwaaie gesindheid, selfs haat, teenoor die Engelse by die Boere op te wek.

Maar die kommersiële aspek van die Boerenedersetting in Natal sou ewentueel die deurslag aan anneksasie gee. Die nuwe hawe met sy hinterland het handel en verkeer aangetrek, wat nie beperk was tot die gereëlde handelsbodems van die Kaapse winkeliers nie, en hulle het Napier versterk in sy voorneme om Natal te beset. Deur 'n eienaardige sameloop het Charters die Engelse vlag in Port Natal gehys op dieselfde dag waarop generaal Pretorius Dingaan aan Bloedrivier verslaan het.

Met die slag van Bloedrivier was die mag van Dingaan nog nie gebreek nie. 'n Tweede kommando moes teen die Zoeloe-opperhoof optrek wat sy impi in die slag van die Makonkokoppe vernietig het.

Menslikerwyse gesproke het die Voortrekkers, ná die terugkeer van Pretorius se tweede kommando teen Dingaan, die verwesenliking

bereik van hulle hoogste begeertes. Hulle het hulle eie vrye land verseker, en hulle het die bewys gelewer hoe goed hulle die kuns verstaan om dit self te regeer. Hulle kon dit bybring, na al die ellende, om te glimlag oor die fratse van hulle belegers.

Lank sou die Boere nie met rus gelaat word nie. Die Engelse het onder bevel van Kaptein Smith 'n inval gemaak en die Republiek van Natalia het 'n Britse kolonie geword.

Ná al die opofferings staan die Voortrekkers voor die keuse om hulle te onderwerp aan die Britse bestuur of om maar weer op te pak en te trek, noordwaarts, die onbekende in.

Die vrouens het die beslissing gemaak. Hulle het 'n deputasie afgevaardig na die Britse Kommissaris, advokaat Cloete, met die versoek om hulle 'n oomblik te kom aanhoor.

Cloete het ewe ridderlik aan hulle versoek toegestem, en hom met die deputasie na die vergadersaal begewe. Hy vind daar oor die 400 vroue byeenvergader, onder leiding van Johanna Smit, eggenote van Eerwaarde Erasmus Smit, en 'n suster van Gerrit Maritz, 'n opgevoede vrou, wat self 'n waardevolle, ofskoon ongelukkig onvolledige dagboek van die Trek nagelaat het, en haar woord kon doen so goed as enige.

Aan Cloete is 'n plek aangewys op die verhoog, en, nadat hulle hom bedank het vir sy toestemming om hulle aan te hoor, het Johanna Smit die woord geneem, en hom onderhou oor hulle geskiedenis en wederwaardighede. Sy het begin met die onsekerheid van

lewe en eiendom op die Kaapkolonie se oostelike grens, en die *noodsaak waaronder hulle verkeer het om 'n ander uitkoms te soek*, of onder te gaan in die stryd; die gemis aan simpatie van die Britse bestuur, en die Trek; die moeilikheid wat die Engelse daaraan in die weg gelê het, en die stryd wat hulle moes voer teen die wilde natuur en sy wilde bewoners; die moorde van die Zoeloes en die uiteindelike seë van die Boerewapens. En nou, dat alles veilig was, en die land in hulle besit, nou kom die Engelse om hulle dit af te neem. Het meneer Cloete waarlik gedink dat hulle ooit kon toestem in só iets?

Ná hierdie vrou het Johanna Maré verlof gevra om die Kommissaris 'n memorie aan te bied, deur 400 vroue onderteken. Daarin het hulle aandag gevra vir die onreg die Boere aangedaan deur die Britse Regering. Dié goewerment tog het nie slegs gelykstelling tussen wit en swart wil bewerk nie, maar het, in sy handelinge met die Boere, die swartes selfs voor hulle getrek. Hulle het weggetrek, en, na die eerste onuitgelokte moorde, vrede gestig in die land, en 'n end gemaak aan Dingaan se verdelgingsoorlog. Eindelik het hulle gemeen om die land in vrede te mag besit en bewoon; en nou agtervolg die Britse Regering hulle met anneksasie, onder voorwendsel dat hulle die inboorlinge beskerm! Hoekom het die Britse Regering lydelik toegesien toe onskuldige blanke vroue en kinders op die wreedaardigste wyse vermoor is, en kom hulle nou om die land af te neem, noudat die gevaar gewyk en die

vrede herstel is?[1)]

Cloete wou die memorie nie uithoor nie, maar iemand het die deur op slot gedraai, terwyl Johanna Smit hom weer toespreek: „Meneer Cloete, al die mooie beloftes wat hier gedaan is, smaak ons soos alsem in die mond. Ons het goed en bloed gegee, om onder die gehate Britse vlag uit te kom, en al moet ons ook kaalvoet en blootshoof oor Drakensberg loop, sal ons nie onder die vlag berus nie."

Op welsprekende wyse het 'n ander vrou voortgegaan: „Julle het ons land binnegeval, en dit afgeneem. Julle het ons hawe gevat, en toegelaat dat die Kaffers nog meer moorde pleeg. Julle het die Zoeloes op ons losgelaat, nadat julle ons beskerming beloof het. Julle het ons vlag gevat. Ons swerf al jarelank rond. Ons voete is deurgeloop en ons is moeg van die swerflewe en ontbering. Maar, ons is bereid om nog verder te loop. Ons is bereid om kaalvoet oor die berge te gaan, die vryheid of die dood tegemoet, liewer dan te buk onder 'n regering wat ons behandel het soos die Britse Regering."[2)]

Onder hierdie bitter teleurstellende omstandighede het nogtans nie al die Boere weggetrek die berge oor nie. Onder diegene wat agtergebly het om die Britse regeringstelsel nog 'n kans te gee, was generaal A.W.J.Pretorius.

Op 4 Oktober 1839 is deur die Volksraad, by wyse van erkenning vir sy grote dienste aan die Voortrek bewys, aan Pretorius toe-

1) Preller, Gustav S.: Andries Pretorius, bls. 294.
2) Dieselfde, bls. 294.

geken die plaas Welverdiend, Nommer 775, wat deswe die naam ontvang het, en wat hy toe al 'n jaarlank bewoon het.[1]

Die geskiedenis van hierdie plaas is nou verbonde aan die eerste formulering van 'n bepaalde naturellebeleid, dié naamlik van afskeiding of segregasie, in teenstelling met die Engelse gelykstellings-opvatting, en is tipies ook van die futiele ontwikkeling van dié beleid in die bestaanstryd van die nasie teen Engelse en Naturelle, toe dit as politieke jukskei uitgebuit is.

Slegs twee jaar het hy en sy gesin hier in vrede mag woon, onder Boerebestuur. Uiteindelik moes sy vrou en kinders wegvlug van die plaas af, uit vrees vir die Kaffers, - 'n halfuur teperd van die hoofstad!

Terwyl voor die verowering die Zoeloes noord van die Toegela en na die suidkus afgesonder is, het hulle onmiddellik na die anneksasie vryelik die hele land oorstroom, en binne enkele maande 'n onuitstaanbare las geword vir die Boere wat daar nog was.

Pretorius het tog nog op verbetering gehoop, en nou vang daar 'n briefwisseling aan tussen hom en die Britse owerhede, wat onafgebroke voortgeduur het tot 1847, toe hy ook weggetrek het. Hy kla oor ondragelike oortreding van die Naturelle op sy grond, wat só erg is, dat dit die boerdery onmoontlik maak; en hy doen allerhande praktiese voorstelle om dit te verhelp.

Meer in die besonder kla hy dat in die laaste twee maande 17

1) Preller Gustav S.: t.a.p., bls. 151.

beeste van hom gesteel was, en dat hy dieselfde oggend twee gewapende Kaffers tussen sy beeste gevang het, wat die brutaliteit gehad het om te verklaar dat hulle met sy beeste op weg was om h geruilde meid te haal, op wie hulle nog enige beeste skuldig was! Hy tel sy vee iedere oggend uit sy krale, en het geen twyfel oor die diewe nie, wat panie deur sy veld loop, en nuwe krale op sy grond aanlê, maar hy kan tog nie dag en nag by sy goed wagstaan nie. Die Kafferbeeste wei deurmekaar met syne, en op die wyse word hy so skandelik besteel dat hy nog tot die bedelstaf gebring sou word as dit so moes voortduur. Die Kaffers loop iedere dag kruis en dwars deur sy veld, met bosse asgaaie en skildvelle gewapen, van 50 tot 150 en meer in h klomp, en hy en sy familie is hulle lewens nie meer seker nie.

Die 16e Julie 1846 skryf hy nogmaals aan Luitenant-Goewerneur West, maar tans in byna wanhopige trant: „Is dit dan die bedoeling dat die Boere hulle hele lewe deur te midde van so h roofsugtige en moordlustige volk moet woon? Wat h kans het die blanke veeboer in so h land? Moordlustig? Seker! In my onmiddellike nabyheid het dieselfde Kaffers drie onderskeie moorde gepleeg, waarby hele families, vroue en kinders op die wreedaardigste wyse om die lewe gebring is. En dan is daar oorblasers wat beweer dat die Kaffers geen mens sal kwaad doen nie! Ons woon nou agt jaar onder hulle, en is bekend met hulle geaardheid, waarom nie ook aan ons voorstellinge gehoor gegee nie?

U is tog geen kind nie, meneer West, kan u nie sien hoe die land leeg loop nie, Hoe die Boere verdwyn soos rook? Stel u voor hoe griewend dit vir ons moet wees in 'n land wat ons so duur gekoop het en met goed en bloed betaal het, en waar ons voor die Engelse koms veilig met al die Kaffers gewoon het, om dit nou weer te verlaat, - nie omdat ons nie onder Britse bestier wil woon nie, maar omdat die bestier die land aan die Kaffer oorlaat. Dit is of daar 'n dyk geopen is in Natal, en 'n oseaan van Kaffers vry instroom. Daar is geen vertroue meer nie. U wil mensliewendheid aan die Naturelle betoon, maar is u dit nie ook aan ons verskuldig nie? Liewer sou ek onder wilde diere woon as temidde van sulke sluwe wreedaards. Die handelaars dink solank hulle hout en mielies kan ruil vir 'n handvol krale, kan die Boer maar toesien, maar kan 'n land bestaan met Kaffers en winkeliers alleen?"[1)]

Die Boere het Natal duur gekoop en met hulle goed en bloed betaal, soos Pretorius in sy brief gesê het. Om toe deur wapengeweld deur 'n sterker moondheid gedwing te word om die land af te gee, het nie in hulle klere gaan sit nie. Mettertyd sou die Boere met 'n blote verowering genoeë geneem het, maar 'n herhaling van die verderflike Kafferpolitiek, waarvoor hulle uit die Kaapkolonie uitgewyk het, was genoeg om 'n blywende rassegevoel te verwek.

'n Herhaling van Britse inmenging in 'n geskil tussen die Boer en die Naturel vind ons weer in die Oranje-Vrystaat toe die Boere

1) Preller, Gustav S.: t.a.p., bls. 155.

in 'n stryd gewikkel was met die sluuste van alle Naturellekonings, Mosjesj.

Kort na die totstandkoming van die Oranje-Vrystaat het Mosjesj strooptogte binne die grense van die Republiek begin maak. Die rooftogte van die Basoeto's op die veekrale van hulle blanke nabure was die maatreëls wat die listige Mosjesj getref het om die burgers uiteindelik tot ontruiming van daardie gebied te dwing.

Sir George Grey, goewerneur van die Kaapkolonie, het gemeen dat hierdie wrywing tussen Witman en Naturel in die Caledonvallei na ander dele van Suid-Afrika sou uitbrei, en dit het sy inmenging in die sake van die gebied noord van Grootrivier onvermydelik gemaak. Hy het Mosjesj gedwing om 'n skriftelike belofte te maak dat hy geen verdere invalle in die Vrystaat sou maak nie. Nie lank daarna nie het die roofekspedisies egter op so 'n groot skaal begin, dat die Vrystaatse regering verplig was om oorlog te verklaar. Twee kommando's het Basoetoland tegelyk binnegetrek. Voor die burgers Thaba-Bosigo egter bereik het, het 'n Basoetoleër die Vrystaatse grens oorgegaan, 'n aantal plase afgebrand en al die vee en beeste wat hulle teëgekom het, buitgemaak. Die burgers was verplig om Basoetoland in alleryl te ontruim, en President Boshoff het 'n beroep op sir George Grey gemaak om tussenbei te kom. 'n Traktaat is gesluit wat 'n einde gemaak het aan die oorlog tussen Mosjesj en die Vrystaat.[1]

1) Stockenström, Eric.: Geskiedenis van Suid-Afrika, bls. 303.

Deur hierdie verdrag het Mosjesj 'n stuk grond tussen 700 en 800 vierkantmyl in omvang verkry. Die andersins redelike en vir die Boere goedgesinde Britse goewerneur het hier weer die gewone fout begaan, gelykstelling, selfs bevoorregting van die Naturel bo die Witman. Vir die Boere was so 'n beslegting van die moeilikheid teleurstellend, en dit het hulle hulle vertroue in Britse bemiddeling laat verloor. Net soos die geval is met 'n stout kind moet die Barbaar nie vertroetel en gepaai word nie. Die Barbaar word deur mooipraat net bederf want hy meen daardeur swakheid in die Witman te bespeur.

Met die Tweede Basoeto-oorlog het daar 'n skeuring in die geledere van die Basoeto's gekom met die gevolg dat Mosjesj gedwing is om met sy vyand tot 'n verstandhouding te kom. 'n Verdrag, dié van Thaba-Bosigo, is gesluit waardeur Mosjesj die hele strook land wes van die Caledonrivier prysgegee het. Hierdie verbeurde gebied is van daardie tyd af bekend as die Verowerde Gebied.

Kort na die sluiting van die vrede het Mosjesj egter die bepalings van die traktaat van Thaba-Bosigo verwerp. Die Basoeto's het geweier om die verowerde gebied te ontruim, en die Regering geemeek om hulle as onderdane van die Vrystaat daar te laat bly woon. Die gesagvoerders het 'n fout gemaak deur Letsea, oudste seun van Mosjesj, en sy volgelinge daar te laat. Die doel van hierdie gewaande onderdanigheid was slegs om tyd te wen. Hulle het in 1867 uitstekende oeste gemaak, en sodra hulle die graan

in onbereikbare plekke in veiligheid gebring het, het hulle hulle onderdanigheid aan die Vrystaat verwerp. Die gevolg was dat die Vrystaatse Regering andermaal oorlog verklaar het. Die kommando's het die een oorwinning na die ander behaal. Thaba-Bosigo was eindelik die enigste vesting wat nog uitgehou het, en h groot deel van die volk het al begin honger ly. Mosjesj was ten volle bewus van die feit dat sy ondergang naby was, en in wanhoop het hy h beroep op die Goewerneur gemaak om hom en sy volk onder Britse beskerming te neem, daar hy begerig was „om sy laaste dae onder die breë voue van die Britse vlag deur te bring."

Soos sy voorgangers in die verlede het sir Philip Wodehouse, Britse goewerneur van die Kaapkolonie, gevrees dat die oorlog in Basoetoland tot onluste met die Naturelle in ander dele van Suid-Afrika sou lei. In stryd met die Bloemfontein-Konvensie, waardeur Groot-Brittanje onderneem het om geen alliansies met Inboorlingkapteins noord van Grootrivier te sluit nie, het die Goewerneur die Basoeto's Britse onderdane verklaar en Basoetoland by die Britse Ryk ingelyf. Hy het h aansienlike mag berede polisie na die oorlogsterrein gestuur, met bevele om die Vrystaatse burgers aan te val ingeval hulle nie dadelik vyandelikhede sou staak nie. President Brand en die Volksraad het h heftige protes teen hierdie willekeurige stap ingedien en in die uur van oorwinning die kommando's teruggeroep. Die Volksraad het h afvaardiging gestuur om die Imperiale Regering op die onregverdigheid

van die saak te wys, maar die Koloniale Sekretaris het hulle na die Kaapse Goewerneur terug verwys, wat met die finale beslissing van die Basoetokwessie belas was. Die kwessie is afgehandel met die ondertekening van die Tweede Verdrag van Aliwal-Noord[1] waardeur die oostelike grens van die Vrystaat vasgestel is.

Deur die onnodige bemiddeling van die Britse Goewerneur het Mosjesj sy regmatige straf ontduik.

Die baie moorde waarvoor Mosjesj direk verantwoordelik was, het ongestraf gebly. So ook sy strooptogte. Kosbare krygsoperasies moes teen hom onderneem word. Om te dink dat die Engelse tussenbei gekom het toe die Boere op die punt gestaan het om die Kafferhoof op sy plek te sit, is om die minste daarvan te sê, teleurstellend.

'n Lelike aspek van Britse bemiddeling in die Basoetogeskil was dat as die Boere sou geweier het om vyandelikhede te staak die Britse mag met die wapen in die hand die kant van die Naturel sou gekies het.

Die verbittering wat op hierdie stap van die Britse Goewerneur gevolg het, was onberekenbaar.

Deur anneksasie het die Engelse betreklik maklik vir goed in besit van Natal gekom. In Transvaal was die anneksasieplan minder suksesvol. Vir vier jaar moes die Boere die Britse vlag verdra maar ná die Eerste Vryheidsoorlog het hulle weer hulle onafhanklikheid teruggekry.

1) Stockenström, Eric.: t.a.p., bls. 313.

Die Britse Koloniale Sekretaris, lord Carnarvon, het sir Theofilus Shepstone vir die doel van anneksasie gebruik. Die twee manne het in Londen samesprekings gehou en dit was duidelik dat dit toe besluit is om die Transvaal te annekseer, want Carnarvon het die saak voor die Britse Kabinet gelê en toestemming om die plan uit te voer, verkry.

Die motief vir die anneksasie is tamelik duidelik te bespeur in twee briewe wat Carnarvon destyds geskryf het, die een aan Koningin Victoria en die ander aan Disraeli, die destydse Eerste Minister van Groot Brittanje.

Aan die Koningin het hy geskryf:

„As die oorlog tussen Transvaal en Sekokoeni net tot 'n end kan gebring word, bestaan daar 'n uitstekende goeie vooruitsig om die Transvaal onder u Majesteit se regering te plaas, en om dan uitvoering te gee aan die politiek waarvoor ons die laaste twee jaar geywer het. Want as die Transvaalse Republiek 'n Britse besitting word, sal die Oranje-Vrystaat nie sy onafhanklikheid kan handhaafnie." Dieselfde dag het hy aan Disraeli geskryf: „Ek beskou dat, as ons dadelik handel, ons sonder oorlog die hele Transvaal in besit sal kan neem. Daarna volg die Oranje-Vrystaat." [1)]

Dit is treurig om te dink hoe Carnarvon en Shepstone, hoewel onder die druk van imperialistiese motiewe, hulle landgenote politieke leiding kan gee wat niks anders was as die ontkenning van reg en geregtigheid nie.

1) Nathan, Manfred.: Paul Kruger,- His life and times, bls. 110.

Gelyktydig met die vertrek van Shepstone na Suid-Afrika het Carnarvon aan die Kaapse Goewerneur, sir Henry Barkly, geskryf en hom meegedeel dat Shepstone aangestel was as spesiale Kommissaris in die Transvaalse Republiek, by die Zoeloes en ander Naturellestamme in die buurt van daardie Republiek en Natal.

Die Kommissaris is feitlik met meer mag beklee as die Goewerneur self, want „These powers will extend to the acceptance (should it be necessary to act promptly and without reference to you) of any territory whether of the Transvaal Republic or of Native tribes which may be offered to Her Majesty."[1]

Oënskynlik het Shepstone uitgegaan op 'n sending van ondersoek, maar 'n besluit was al klaar geneem om die Transvaal te annekseer. Aan Shepstone is die opdrag van die Koningin gestuur wat o.a. vasgestel het: „if the emergency should seem to you to be such as to render it necessary, in order to secure the peace and safety of our said colonies and of our subjects elsewhere, that the said territories or any portion or portions of the same should provisionally be administered in our name and on our behalf, then in such case only we do further authorize you by proclamation to annex such territories aforesaid, as to you shall seem fit after due consideration; provided that no such proclamation shall be issued unless you shall be satisfied that the inhabitants of such territory or portion thereof, or a sufficient number of them, or the legislature thereof, desire to become our subjects."[2]

1) Nathan, Manfred.: t.a.p., bls. 110.
2) Dieselfde, bls. 111.

Aangesien Carnarvon en Shepstone reeds op die anneksasie van Transvaal besluit had, kon daar kwalik 'n noodgeval plaasvind en gevolglik kon daar ook nie 'n noodsaaklikheid wees om die wense van die bevolking te verneem nie. Maar later is tog beweer dat die bevolking anneksasie wou gehad het. Daarna is egter onomstootlik bewys dat die groot meerderheid van die bevolking teen anneksasie gekant was.

Toe Shepstone sy opdrag uit Londen ontvang het, het hy van Pietermaritzburg af aan President Burgers geskrywe dat hy opdrag gehad het van Haar Majesteit se regering in Engeland om ondersoek in te stel in verband met sekere wanordelikhede in Transvaal, wat nie anders as 'n gevaar vir belangrike Britse belange kon beskou word nie. Hy sou, vergesel van ses of sewe here en 25 berede polisie van Natal, na Pretoria gaan om namens die Britse regering met die President en die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek te onderhandel.

Dit was 'n astrante brief. Shepstone het eenvoudig laat weet dat hy kom en hom min daaraan gesteur of die President daarmee genoeë neem of nie. Die wanordelikhede wat ondersoek moes word, was die moeilikheid met Sekokoeni, want daar was geen ander wanordelikhede nie. Sonder grond of rede het Engeland hom hier bemoei met die binnelandse aangeleenthede van die Suid-Afrikaanse Republiek. In oorleg met die Uitvoerende Raad het Burgers besluit om Shepstone in alle vriendelikheid te ontvang.

Aanvanklik het Shepstone net oor konfederasie tussen die kolonies en state van Suid-Afrika gepraat, maar gaandeweg het hy die aap uit die mou gelaat.

Hy het in die nabye toekoms 'n bloedige stryd tussen die Witman en die Naturel voorsien. Daar was ook geldelike moeilikhede en Shepstone het maar net een oplossing gehad, anneksasie.

Kortliks was die oorsake vir anneksasie soos in die betrokke proklamasie vervat die volgende: toenemende swakheid van die Republiek en die geleidelike afstand aan Naturelle van gronde vroeër in besit van burgers; swakke beheer oor uitgestrekte streke binne die grense van die staat; sterke versoeking vir Naturelle om invalle in die Republiek te maak, wat die Staat nie sou kan afweer nie; die gevolge van die Sekokoeni-oorlog, wat gevaarlik was vir die waardigheid van die Witman en wat elke Europese gemeenskap in gevaar gebring het; die daarstelling van 'n toestand van onsekerheid deur geheel Suid-Afrika; die feit dat Shepstone talle versoekskrifte en briewe van die inwoners van Transvaal ontvang het wat geen ander alternatief vir die oplossing van die moeilikhede gesien het as dat die Boereregering deur die Britse regering vervang word nie.

Die anneksasie was 'n verkragting van die internasionale reg. Dit was 'n opelike verontagsaming van die Sandrivier-Konvensie van 1852. Die oorlog teen Sekokoeni is op 'n vir die Transvaal bevredigende reëling beëindig. Die moeilikhede van die Transvaal

was van 'n binnelandse aard en geen moondheid het enige reg gehad om hom daarmee te bemoei nie. Voor die vertrek van Shepstone uit Engeland het lord Carnarvon al besluit om die Transvaal te laat anneksoer en daarom was dit niks minder as huigelary om te beweer dat Shepstone die Transvaal onder Britse beheer gebring het om te voldoen aan die talryke versoekskrifte te dien effekte tot hom gerig.

Dit sou baie moeilik gaan vir enige onpartydige geskiedkundige om selfs die skyn van regverdiging in die anneksasie te vind.

Shepstone het die ampseed as Administrateur van die Transvaal afgelê en op 24 Mei 1877 is die Union Jack vir die eerste keer in Pretoria gehys.

Die anneksasie het bittere verontwaardiging veroorsaak nie alleen onder die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek nie maar ook in die Oranje-Vrystaat, sowel as onder Britse onderdane van Hollandse afkoms in die Kaapkolonie. Die gebeurtenis het 'n tydperk van bitterheid en wantroue ingelui waarvan Suid-Afrika tot vandag toe nog nie herstel het nie. Selfs in Engeland is die stap veroordeel. Joseph Chamberlain, destyds 'n lid van die House of Commons, het later daaromtrent gesê: „To have continued to maintain the annexation would have been an act which he could only describe in terms which had been applied by a high authority to a different subject, as an act of 'force, fraud and folly!'"[1)]

Baie patriotiese Engelse het die anneksasie met argwaan beskou,

1) Nathan, Manfred.: t.a.p., bls. 121.

Regter T.F.Carter, skrywer van „A Narrative of the Boer War," wat twee jaar voor dat vyandelikhede uitgebreek het hier aangekom het, is bitsiger oor die annoksasie as wat enige Boer ooit gewees het. Hy sê: „The motive which urged England to annex was, I believe, the same as when with longing eyes she looked at the diamond fields, and finally robbed the Boers of that slice of territory. It was greed and the love of filthy lucre. This time it was gold which excited our cupidity. The development of the gold-fields in the Transvaal gave rise to expectations as to their value which probably will never be fully realised, but the expectation was sufficient to attract us. Is it consistent with the manner in which, from time immemorial, we have treated the Boers in South Africa, that our intervention or annexation of the country was the outcome of our love for the Boers? If it was, then the love was of sudden growth; at all events, it was synchronal with the information received in England that payable gold existed in their country."[1)]

Tweekeer het deputasies na Londen gegaan om die onafhanklikheid van Transvaal herstel te kry, maar tevergeefs. Toe mooipraat nie wou help nie, het die Boere na die wapens gegryp. Na 'n reeks van Boere-oorwinnings is die Engelse op Majoeba so 'n verpletterende nederlaag toegedien dat vrede gesluit is en Transvaal was weer vry.

Die nederlaag wat die Engelse op Majoeba gely het, het nie in hulle klere gesit nie. Dit het hulle teenoor die Boer met 'n wrewelige haat vervul. Twintig jaar daarna met die slag van Magers-

1) Nathan, Manfred.: t.a.p., bls. 127.

fontein, word vertel, het die Skotse Black Watch in hulle stormloop 'n magtige kreet aangehef: „Majuba revenge!"

Op hulle beurt het die Boere geleer om met veragting op die Engelse neer te sien.

As die Anneksasie van Transvaal nie tot eer van die Engelse gestrek het nie, dan die Jamesonstrooptog nog minder.

Dr. Jameson het Johannesburg besoek in Julie, Oktober en November 1895. Hy het gesprekke gevoer met die leiers en die voorsitter van die „Reform Party," Charles Leonard. Hierdie mense het aan Jameson voorgehou die sware laste waaronder hulle gebuk gegaan het. Hulle het hom laat verstaan dat hulle nooit hulle regte sou kry sonder geweldpleging nie. Dit is dan ook ooreengekom dat hulle vroeër of later die wapens sou opneem, en dat Rhodes, Eerste Minister van die Kaapkolonie, deur Jameson die Reformers sou help.

In hulle warme toesprake het die leiers van die Reformers dit altyd oor die griewe van die mynnywerheid gehad, nie oor die griewe wat die gewone man gehad het nie. Die gewone mense is ook nie vertel dat afdelings van die Matabelelandse berede polisie en die Betsjoeanalandse grenspolisie reeds na Pitsani toe geskuiwe is met die doel om met hulle 'n inval in die Transvaal te maak nie. Ook is hulle nie meegedeel dat die voorgestelde rewolusie, wat Rhodes en Jameson betref, die anneksasie van Transvaal ten doel gehad het nie. Die gewone Reformers het nie 'n plan gehad om die

Vierkleur deur die Union Jack te vervang nie. Daar moes heelwat verwarring ontstaan het toe 'n paar duisend geweers aan hierdie mense uitgedeel is, en hulle nie gesê is wat van hulle verwag is nie.[1)]

Die Sekretaris van mnr. Rhodes, dr. Rutherford Harris, het in Londen sy bes gedoen om die Kantoor vir Kolonies op te hits om aktief teen die Suid-Afrikaanse Republiek op te tree.

Teen die end van Oktober het Phillips, Charles Leonard en 'n paar ander na Kaapstad gegaan om samesprekings oor 'n opstand in Johannesburg met Cecil Rhodes te voer. Laasgenoemde het belowe om desnoods 'n mag van 1200 man onder dr. Jameson te stuur om die Reformers in Johannesburg te help.

Op 'n besoek in Johannesburg wou dr. Jameson van die Reformers 'n brief hê waardeur hulle hom nooi om hulle te kom help teen hulle verdrukkers. So 'n brief sou hy dan later voor sy base die „Chartered Company," kon lê om te bewys dat hy nie sommer op eie houtjie gebruik gemaak het van die Komganie se troepe nie. Die brief is geteken deur Charles Leonard, Lionel Phillips, Francis Rhodes, John Hays Hammond en George Farrar.

Die Reformers het die gasvryheid en beskerming van die Republikeinse regering geniet en in die geheim dr. Jameson

1) Nathan, Manfred.: t.a.p., bls. 328.

uitgenooi om hulle met wapengeweld te kom verlos van hulle sogenaamde onderdrukkers.

Sonder om in verder besonderhede oor die Jamesonstrooptog te tree, kan ons volstaan met te sê dat die listige geknoei van die Reformers, wat of Engels of Engelsgesind was, geen ander gevolg kon hê as vyandskap tussen Boer en Brit nie.

Ná die mislukte strooptog was daar twee sake in verband waarmee die Uitlanders steeds na Engeland opgesien het om bemiddelend op te tree; dit was Britse susereiniteit oor die Transvaal en stemreg vir die Uitlanders.

In die Konvensie van Pretoria waardeur die Eerste Vryheidsoorlog beëindig is, is voorsiening gemaak vir Britse susereiniteit oor die Transvaal. Omdat daar in die latere Konvensie van Londen geen melding van daardie reg gemaak is nie, was die Republikeinse Regering van sienswyse dat dit opgehou het om te bestaan. Volgens die Krugerregering is die Pretoria-Konvensie deur dié van Londen vervang. Indien Britse onderdane mishandel is of deur die Transvaalse Regering beroof is van hulle eiendom, kon daar 'n „casus belli" gewees het. Maar dit was glad nie die geval nie.

Maar wat wel gebeur het, is dat die stemreg vir Britse onderdane opgeëis is terwyl hulle hulle status as sulks behou het. So 'n posisie sou nie onder die internasionale reg te regverdig wees, tensy die reg van susereiniteit erken is nie. As die Suid-Afri-

kaanse Republiek 'n onafhanklike staat was, het sy wetgewende raad die reg gehad om wette in verband met die stemreg te maak soos hy self goed gedink het. Die Britse Regering was vooraenog nie bereid om vir hom die reg van susereiniteit met wapengeweld toe te eien nie. Die President het voorgestel dat die saak deur arbitrasie moes besleg word. Daarvoor was die Britse Regering weer glad nie te vind nie.

Die standpunt van die Transvaalse Boere in verband met die susereiniteit was baie duidelik en ook verstaanbaar. Hulle Voortrekkers het die land skoongemaak, en hulle was geregtig op die vettigheid van die land. Hulle was vasberade om hulle self te regeer sonder Britse inmenging.

Die Britse Koloniale Sekretaris, mnr. J.Chamberlain, het beswaar gemaak teen die Transvaalse Vreemdelinge-Deportasie- en die Paspoortwet.

Die beswaar teen die eersgenoemde was dat dit gediskrimineer het tussen Uitlanders en Burgers. Die laasgenoemde het weer die status van die Witman verlaag siende dat paswette in verband met die Naturelle gestaan het. In alle ander lande, Brittanje inkluis, bestaan hierdie twee wetsoorte. Daarom kon mnr. Chamberlain se bemoeiing as niks anders as vitterigheid beskou word nie.

Ook ten behoewe van Britse Indiërs in Transvaal het mnr. Chamberlain tussenbei getree.

Onder sulke omstandighede kon die Transvaalse Boere nie anders

as onder die indruk kom dat Engeland daarop uit was om hulle van hulle onafhanklikheid te beroof nie. Die mense wat die direkte oorsaak van Britse inmenging was, was die Uitlanders. Hierdie mense is, reg of verkeerd, as Engelse beskou. In plaas van dat daar toenadering gekom het ná die Jamesonstrooptog, het rassehaat steeds meer en meer opgevlam.

In 1881 het mnr. Chamberlain 'n baie beter insig in sake gehad as in 1895 toe hy die leidende apostel van die Imperialisme geword het.[1] In 1877 het hy die Anneksasie veroordeel en was hy tengunste van die teruggawe van die Transvaalse onafhanklikheid. Later was hy steeds daarop uit om fout te vind met die Transvaal met die doel om dit 'n deel te maak van die Britse Ryk.

As handlanger om sy doel te help bewerkstellig het hy sir Alfred Milner gekies. Hy sou Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika en Goewerneur van die Kaapkolonie word. Op 'n dinee voor sy vertr het hy onder andere die volgende gesê: „It is a great privilege to be allowed to fill any position in the character of what I may be, perhaps, allowed to call a 'civilian soldier of the Empire;' to succeed in it, to render any substantial service to any part of our world-wide State, would be all that in any of my most audacious dreams I had ever ventured to aspire to; but in a cause in which one absolutely believes, even if I were to fail, the cause itself is not going to fail; and even personal failure is preferable to an easy life of comfortable prosperity

1) Nathan, Manfred.: t.a.p., bls. 390.

in another sphere."[1] In die oë van die uiterste Imperialiste was die „cause" waarvan hy gepraat het, niks anders nie as om die hele kaart van Suid-Afrika rooi te verf. Om so 'n doel te bereik was dit nodig om die mag van die Afrikanerdom te breek.

Mnr. Chamberlain het duidelik verklaar dat hy van plan was om die saak van die Uitlanders vir hulle op te neem, gedeeltelik regstreeks, gedeeltelik deur sy luitenant Milner, en gedeeltelik deur die Britse Agent op Pretoria, Conyngham Greene. Hy het 'n briefwisseling met die Transvaalse Regering aangegaan terwyl hy binne en buite die Parlement toesprake gehou het wat vyandig was teen die Republikeinse Regering. Hierdie Regering het deur sy mondstukke, Reitz en Smuts, die korrespondensie volgehou, hoewel hy (die regering) geglo het dat Chamberlain en Milner nie eerlik was in hulle voorgewende wens om tot 'n vergelyk te kom in verband met die griewe van [illegible] Uitlanders nie.[2]

Soos ons gesi [illegible] dit op grond van die susereiniteit en die uitlanderstemr[illegible] Chamberlain en Milner hulle aanval op die Suid-Afrikaanse Republiek gemaak het.

Dit was maar swakke gronde soos vroeër reeds aangetoon is, veral die susereiniteitskwessie.

Sir Alfred Milner het die Britse standpunt soos volg geformuleer: „The political turmoil in the Transvaal will never end until the permanent Uitlander Population is admitted to a share in the Government, and while that turmoil lasts there will be no

1) Nathan, Manfred.: t.a.p., bls. 392.
2) Dieselfde, bls. 423.

tranquility or adequate progress in Her Majesty's South African dominions..... The two principal white races are everywhere inextricably mixed up. It is absurd for either to dream of subjugating the other. The right of Great Britain to intervene to secure fair treatment to the Uitlanders is fully equal to her supreme interest in securing it. The majority of them are her subjects, whom she is bound to protect... The spectacle of thousands of British subjects kept permanently in the position of helots, constantly chafing under undoubted grievances, and calling vainly to Her Majesty's Government for redress, does steadily undermine the influence and reputation of Great Britain and the respect for the British Government within the Queen's dominions. I can see nothing which will put a stop to this mischievous propaganda (for an all-South-African Republic) but some striking proof of the intention of Her Majesty's Government not to be ousted from its position in South Africa.... It could be made perfectly clear that our action was not directed against the existence of the Republic."[1)]

Die gees van hierdie skrywe kon nie anders as 'n gevoel van verbittering veroorsaak nie.

Die gebruik van die woord „helots," slawe, is nie gelukkig gewees nie. Nogtans was die gebruik daarvan nie oorspronklik nie, want J.W.Leonard het dit in 1894 op 'n vergadering van die „Transvaal National Union" gebruik toe hy gesê het: „We protest,

1) Nathan, Manfred.: t.a.p., bls. 427.

the children of a proud race and proud fathers, against being made pariahs and helots."[1)]

Mnr. Chamberlain het ondubbelsinnig verklaar dat die Britse Goewerment van plan was om vir die veronregte Uitlanders in die bres te tree. Groot-Brittanje, as die vernaamste moondheid in Suid-Afrika kon, volgens Chamberlain nie altyd onverskillig bly in verband met die willekeurige behandeling wat sy onderdane en ander vreemdelinge van die Republikeinse Regering ondervind het nie. Hy het derhalwe 'n samespreking van die President en die Hoë Kommissaris aan die hand gegee „for the purpose of discussing the situation in a conciliatory spirit, and in the hope that they might arrive at such an arrangement as the British Government could accept and recommend to the Uitlander population as a reasonable concession to their just demands."[2)]

Die samespreking het op Bloemfontein plaasgevind vanaf 31 Mei tot 5 Junie 1899. Kruger het sy voorstel in verband met Uitlanderstemreg gemaak maar wou hê dat die Britse Regering moes afsien van sy susereiniteitseis. Maar Milner het die stemreg geëis na 'n vyfjarige verblyf in Transvaal, sonder enige voorwaardes.

Dit was onmoontlik om tot enige ooreenkoms te kom en voor die twee manne uitmekaar is, het Paul Kruger in 'n gebroke stem uitgeroep: „Dit is ons land wat julle wil hê, dit is ons land wat julle wil hê!"[3)]

Die werklike toestand op die konferensie is deur J.A.Hobson

1) Nathan, Manfred.: t.a.p., bls. 427.
2) Dieselfde, bls. 428.
3) Dieselfde, bls. 435.

soos volg opgesom: „It was impossible to go far in such a political inquiry... without perceiving that the most serious obstacle to an amicable settlement was the profound distrust of one another's motives entertained by the negotiating parties. Sir A.Milner did not hesitate to pronounce duplicity to be the distinctive trait of the Boer Gove nment. When I reached Pretoria, I found that the same word contained the essence of Boer criticism upon British diplomacy. How could a real and lasting understanding be reached between such controversialists?"[1)]

In dieselfde jaar het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek met sy gevolglike toename van wedersydse wantroue, verbittering, selfs haat. Die verbittering van Boerekant het Leipoldt baie kernagtig in sy „In die konsentrasiekamp" uitgedruk:

„Vergewe? Vergeet? Is dit maklik vergewe?
Die smarte, die angs het so baie gepla!
Die yster het gloeiend 'n merk vir die eeue
Gebrand op ons volk, en die wond is te na,
Te na aan ons hart, en te diep in ons lewe-
Geduld, O Geduld, wat so baie kan dra!"

Die wederkerige wantroue tussen Boer en Brit is ná die Groot Trek deur vyf belangrike gebeurtenisse verskerp, te wete:-

(a) Die anneksasie van die Republiek Natalia;
(b) Britse inmenging in die stryd tussen die Vrystaters en Mosjesj;
(c)

1) Nathan, Manfred.: t.a.p., bls. 436.

(c) Die annekasasie van Transvaal in 1877;

(d) Die Jamesonstrooptog;

(e) Die Tweede Vryheidsoorlog en die gebeurtenisse wat daartoe gelei het.

Laat ons hierdie vyf krisispunte nader beskou al moet dit hier en daar daarop neer kom dat enkele gedagtes wat reeds terloops geuiter is, herhaal word.

(a) Die annekasasie van die Republiek Natalia.

Die oorsake van die Groot Trek is oorbekend. Die Voortrekkers het groot opofferings gemaak om onder Britse bestuur uit te kom. 'n Mens kan jou voorstel dat baie, miskien byna al die verskillende Voortrekkerfamilies vir geslagte reeds op hulle onderskeidelike boereplase daar in die Kaapkolonie gewoon het. Om so 'n plek waar die Trekker gebore is en groot geword het, waar die graftes van sy voorgeslag lê, waar moontlik 'n kind of dierbare vrou begrawe is te verlaat, het nie in sy klere gesit nie. Dit was 'n geweldige opoffering. Die opoffering het die Trekker hom getroos met die hoop dat hy iewers in die onbekende daarin sou slaag om vir hom 'n tuiste te vind weg van enige Britse inmenging. So 'n tuiste was vir hom die Republiek van Natal. Daar het hy gehoop sou hy sy eie kultuur kan uitlewe. Daar sou hy ongestoord sy eie taal kan handhaaf sonder die hinderlike bepalings wat hom uit die Kaapkolonie verdryf het.

Maar voor hy nog gevestig was, moes hy weer oppak en trek,

want die Brit het hom agtervolg. Nogeens het hy voor die keuse gekom om te berus onder Britse bestuur met opoffering van die eie nasionale bestaan, of om maar weer sy heil op kulturele gebied in die onbekende te gaan soek.

(b) Britse inmenging in die stryd tussen die Vrystaters en Mosjesj.

Een van die vernaamste oorsake van die Groot Trek was die Britse Naturellepolitiek. Vir die Boer was hierdie politiek van die Engelse te liberaal. Hierdie politiek het as gevolg gehad 'n sekere mate van gelykstelling tussen die Witman en die Naturel, en gelykstelling in enige vorm was die Boere 'n doring in di. vlees.

Toe die Britse Regering tussenbei gekom het in die stryd wat die Boere teen Mosjesj gevoer het, moes dit vir die Boere baie teleurstellend gewees het veral as ons in aanmerking neem wanneer daardie tussenkoms plaasgevind het. As die tussenkoms vroeër in die stryd plaasgevind het, sou dit as onpartydig kon beskou word. Maar die Boere had Mosjesj op sy knieë en op sy versoek het die Engelse hom hulle beskerming gegee. Hierdie beskerming sou ook desnoods met wapengeweld teen die Boere gepaard gegaan het. Die Br... Regering het uit Boere-oogpunt die party van die Naturel gekies. Soos in die tyd voor die Groot Trek het die Boere rede gehad om te meen dat die Naturelle by die Britse Regering meer tel as hulle.

(c) Die anneksasie van Transvaal in 1877;

(d) Die Jamesonstrooptog;

(e) Die Tweede Vryheidsoorlog.

Hierdie drie gebeurtenisse staan in baie nou verband met mekaar. In al drie die gevalle het Boer en Brit teenoor mekaar gestaan met die vuurwapen in die hand. Van al die genoemde gebeurtenisse moes hierdie drie derhalwe die oorsaak gewees het van die grootste verwydering en verbittering.

Die gebrek aan vertroue wat deur hierdie gebeurtenisse vererger is, is in die eerste instansie gegrond op verskil in uitkyk of lewensbeskouing.

Ná die Anglo-Boereoorlog kon die Afrikaners nie genoeë neem met die Britse Goewermentskoolstelsel nie. Die rede hiervoor was dat hulle 'n ander uitkyk gehad het as die Engelse. Die grootheid en die voortbestaan van die Britse Ryk het vir hulle 'n ander betekenis gehad as vir die ander bevolkingsdeel. Taamlik naby aan die Boer se uitkyk is Eugene Marais in „Waar Tebes in die stil Woestyn," waar hy sê:

> „Sou ek een gunsie nog hier verdien,
> – Nog een gebed omhoog verhoord –
> Geen menseprag sou ek wou sien,
> Die glorie van geen vreemde oord."

In 1838 kon die Afrikaanse volksdeel wegtrek om aan die Britse kulturele invloedsfeer te ontkom. Die begin van die

20ste eeu was die geleentheid om verder weg te trek nie meer daar nie. Ander middels moes toe gebruik word om die eie kultuurgoed te behou. Die middel wat voor die hand gelê het, trouens die vernaamste middel, was 'n eie onderwysstelsel. Die ontstaan en die verdere ontwikkeling van 'n sodanige onderwysstelsel sal die onderwerp vorm van die volgende hoofstukke.

Hoofstuk 3.

Onderwystoestande in die Suid-Afrikaanse Republiek voor 1892.

Op die 3de Augustus 1881 is die Konvensie van Pretoria finaal geteken en op die 8ste is die Transvaal weer aan sy oorspronklike besitters teruggegee. Die wette van voor die Anneksasie het dadelik weer in werking getree; dus ook die onderwyswet No. 4 van 1874.

Daar moes 'n nuwe Superintendent van Onderwys aangestel word en die oog van die Driemanskap het dadelik geval op S.J.du Toit, predikant in die Paarl. Sy verbinding met die onderwys in die Kolonie, sy stryd vir die vrye Christelike Skool en gedurende die Vryheidsoorlog sy openlike verdediging in „Di Patriot" van die Republiek, het hom nog geskikter gemaak vir die taak, en nadat hy eers gepols is, is hom die betrekking aangebied.[1)]

Die voorwaardes het onder andere beding dat hy predikant sou bly en verder dat die Regering sekere grondbeginsels vir 'n op te trekke onderwyswet sou aanneem. In die laaste tref dit ons veral dat (a) alles sou uitgaan van private inisiatief, (b) godsdiens-onderrig aan die Kerk sou oorgelaat word, (c) die medium van onderwys sonder omskrywing Hollands moes wees, en (d) dat met die eenvormige subsidiestelsel, wat toelae gee per kind, die platteland in 'n groot mate ook die hulp sou kon gebruik by afwesigheid van bepalings omtrent 'n minimum aantal kinders.

Deur die pasafgelope stryd in hulle nasionale selfbewussyn

1) Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 tot 1900, bls. 130.

gesterk en tot onderlinge samewerking gedwing, was almal bereid om ook vir die onderwyssaak saam te werk. Daarby het nog gekom dat die Superintendent 'n Afrikaner was, hulle verdediger gedurende die oorlog, bereid om te help toe hulle hom geroep het. Orals waar hy gekom het, is skole gestig of kommissies gevorm, wat dit graag op hulle geneem het om verder te werk. Op baie plekke het hy gepreek en by die gemeentevergadering is dan gereëld die skoolkwessie behandel, gewoonlik met die gewenste uitslag. Van verskillende kante is ook briewe ontvang wat oor die slegte toestande kla en om hulp vra. Daar was 'n begeerte vir nasionale onderwys en die Regering kon tevrede wees met die opgang wat die nuwe Superintendent deur samewerking gemaak het.[1)]

Die Afrikaanse gees het sterk begin ontwaak en Engels is vireers nie meer as die alleen noodsaaklike beskou nie. Om Engels egter sommerso voetstoots uit te skakel en Hollandsmedium „sonder verdere omskrywing" toe te pas, het glad nie maklik gegaan nie soos hieronder in die geval van die „Prospect-Seminary" sal blyk.

Oppervlakkig beskou sou 'n mens reken dat dit 'n Engelse inrigting was, maar in werklikheid was dit 'n skool deur die Hollandse Kerk vir Afrikanerkinders gestig. In ooreenstemming met die volbloed Engelse naam was die medium van onderwys in die Hollandse kerkskool deurgaans Engels.

In November 1879 het ds. Bosman steun vir die Prospect-Seminary gekry van die Algemene Vergadering van die Nederduits

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 133.

Hervormde Kerk tot 'n bedrag van £5 per jaar vir iedere 100 lidmate, en die gelde sou gestuur word aan die Sekretaris van die algemene Kerklike Skoolkommissie, wat gedurende die sitting aangestel is. Hier is o.a. as werk van die kommissie genoem die toesig oor al die skole van die Hervormde Kerk, maar in die finale besluit word die liggaam alleen opgedra om £5 per 100 lidmate per jaar te ontvang ten behoewe van die Prospect-Seminary. Die medium van onderwys in die skool was destyds Engels. Later is ds. Bosman verwyt dat hy die mense mislei en hulle onder die indruk gebring het dat die medium Hollands was. Daar was destyds egter nog geen openlike oorlog met Engeland nie en gevoelens was nog nie so verbitterd nie.

Ná die teruggawe van die land het sake anders gestaan. Engels was toe die taal van die oorwonne vyand, en die Afrikaansgesinde kommissie het nou opgeskeep gesit met 'n Engelse skool, wat as 'n skande vir die Kerk beskou is. Om die saak op te helder en te verbeter is daar 'n buitengewone sitting van die Algemene Vergadering van die Nederduits Hervormde Kerk gehou met die doel om die saak van die Prospect-Seminary te bespreek.[1]

Ds. Bosman se antwoord op die beskuldigings wat hom in verband met die Prospect-Seminary teen die hoof geslinger is, was as volg:[2] „De Predikant van Pretoria neemt nu het woord, betuigt zijn ingenomenheid met den geest, waarin de toespraken zijn gehouden, wilde liefst niet meer spreken in deze vergadering, maar

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 138.
2) Dieselfde.

is verplicht omdat hij de hoofdpersoon is in deze zaak. Ziet nu toch mischien een middel, dat de zaak zal rechtkomen, gevoelt zich verplicht te waarschuwen tegen het doen van verdere stappen, en zal nu met alle ernst zijn standpunt aangeven, waardoor een ieder z l kunnen zien, dat, als hij gedwaald heeft, hij dan tog gedwaald heeft in de rechte richting. Het eerste punt betreft het gebruik der Engelse taal als hoofdtaal in de school, waarvan een punt van beschuldiging is gemaakt; de predikant van Pretoria is Engelsgezind, wil Pretoria gans Engels maken, neen, het is zo niet, hij heeft geleerd geduld te oefenen en tot de God der waarheid zijn toevlucht te nemen, want de waarheid zal zegevieren; hij werpt de beschuldigingen met verachting weg. Waarom dan Engels? Omdat, als nu het besluit genomen wordt dat Hollands de hoofdtaal zal zijn, er morgen van de 120 kinderen geen 10 zullen terugkomen. Er is in Pretoria grote tegenwerking; men doet zijn best om onze Kerk te ondermijnen, de Roomse Kerk doet wat zij kan; zoals ieder weet wil die Kerk van Zuid-Afrika een centrum maken van, wat zij noemen, Evangelisatie, een toevluchtsoord voor de Paus van Rome. Nu gaat de school achteruit, maar als Hollands de hoofdtaal wordt in het Seminary, dan gaan er minstens 80 weg van ons naar de Roomse. Nu moeten wij dus waken..... Zullen we nu om de taal, onze Kerk, onze godsdienst ten gronde werken in Pretoria, neen, dat kan niet. Dus omstandigheden dwingen hem om Engels op de voorgrond te zetten, ook maar voor een tyd, over drie of vier jaren

niet meer nodig......hij wil afzien van zijn persoon, hij wil achteruittreden, maar de vergadering moet weten, wat de gevolgen zullen zijn, als de Hollandse taal de hoofdtaal wordt"......

Die kern van sy beswaar kom dus daarop neer dat Hollands nie voertaal moes wees nie omdat dié taal as minderwaardig beskou is. Hy was seker daarvan dat as Hollands ingevoer sou word twee-derdes van die kinders deur hulle ouers oorgeplaas sou word na die Roomse skool met Engelsmedium. In hierdie besondere geval was ds. Bosman se voorspelling verkeerd, soos later geblyk het toe die medium van onderwys wel verander is, maar dié opvatting was daardie dae byna algemeen dat die kind in Engels opgevoed moes word, want „Hollands sou vanself kom."

In die Kaapkolonie was die enigste taalmedium Engels, en Kolonialers, soos ds. Bosman self, het hulle hele skoolonderrig deur medium van Engels gehad. Dit hoef ons derhalwe nie te verbaas dat sulke persone aan Engelsmedium geglo het nie. Hulle was daaraan gewoon, en wat vir hulle goed genoeg was, moes tog vir die volgende geslag goed genoeg wees.

Hierdie opvatting het in die geval van ds. Bosman die gevolg gehad, soos ons hoërop gesien het, dat hy beskuldig is dat hy Engelsgesind was.

Die smalende manier waarop die Dominee praat oor die Hollandse taal, moes sy gemeentelede gesterk het in hulle agterdog, want hy sê: „Zullen we nu om de taal, onze Kerk, onze godsdienst ten gronde werken in Pretoria, neen dat kan niet."

Ds. Bosman se pleidooi het egter sy doel nie bereik nie en die volgende is aangeneem:

1. dat die Hollandse taal geheel en al op die voorgrond sou gestel word in die Kerklike Skool in Pretoria;
2. dat die naam van die skool („erop lettende hoe de Heer het volk der Zuid-Afrikaansche Republiek tot hiertoe heeft geleid") voortaan sou wees Ebenhaezer,[1] (d.i. tot hiertoe het die Here ons gehelp.)

Dit is opmerklik dat 'n Hollandse predikant in daardie dae so vurig kon pleit vir die behoud van Engels, en dit hoef ons dan ook nie te verbaas dat daar oor die algemeen nie 'n baie sterk nasionale gees merkbaar was nie. Aan die ander kant was daar 'n neiging om die Engelse taal en die Engelse skole te bevoorreg.[2]

Daar was ontevredenheid onder sommige lede van die Volksraad dat subsidie regstreeks teen die wet in aan die Engelse skole toegeken is. Ook is in die Volksraad gekla teen die ontbieding van onderwysers uit die Kolonie, omdat hulle onder invloed van die Britse stelsel nie selfstandig was nie.

Nieteenstaande die Volksraad se instruksies om die wet in verband met die uitbetaling van subsidie stiptelik uit te voer,

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 139.
2) The Star, 18.8.1891.

is hy openlik oortree, en die Superintendent het selfs in sy rapport 'n geval meegedeel waar hy besluit het om subsidie toe te ken aan die Wesleyaanse skool, waar die medium nie Hollands was nie.[1]

Die eerste inspeksierapporte van Du Toit is baie belangrik om ons 'n insig te gee in die ware toestande van dié dae. Dit blyk dat baie van die skole tog maar bly werk het vir die algemene doel van die destydse plattelandsonderwys, die aanneming, of soos dit ook spottend genoem is: die „Boerematriek." Swartbord en rooster was gewoonlik afwesig. Baie aandag is gegee aan sing uit die Kinderharp, Psalms, Gesange, en Sondae was Bybelgeskiedenis en katkisasie aan die orde van die dag.[2]

Onder sulke omstandighede hoef dit ons nie te verbaas dat die Uitlanders met 'n groot mate van veragting op die Transvaalse skoolstelsel neergesien het nie. Dit was volgens hulle uitsluitlik deur die energie en inisiatief van privaat indiwidue dat enkele skole in sommige dorpe, soos Johannesburg, gestig is, waar 'n ordentlike opvoeding kon geniet word.[3]

Inspekteur De Jonge onderskryf min of meer hierdie sienswyse oor die destydse gebrekkige onderwystoestande. Op die vraag of die onderwys vooruitgaan, is sy antwoord: „De inspecties leren dat er vooruitgang is, maar nauwliks merkbaar! Het onderwijs is nog gebrekkig." Dan behandel hy die verskillende vakke waarin onderwys gegee word.

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 147.
2) Dieselfde, bls. 143.
3) The Star, 18.8.1891.

Deur die .indere graad van ontwikkeling van die meeste onderwysers word by die lees die spelmetode nog algemeen gebruik, met ontmoedigende resultate. Verklaring of verduideliking word by die leesles byna nie gegee nie en kinders is hulle selde bewus van wat hulle lees. In heelwat gevalle is die leesboeke Bybels met uiteenlopende druk en spelling. Net in een skool van vyf-en-twintig is daar 'n klasleesboek. Onderwysers is in die hande van ouers en kommissielede oorgelaat, en die een ouer wou die een boek en die ander weer 'n ander, en die gehuurde meester moes maar uithou as hy nie in die pad gesteek wou word nie. Die Trap der Jeugd was nogal een van die lieflingsboeke. Hierdie boekie word in 'n later hoofstuk bespreek.

Onder hoofrekene is somme werktuiglik geleer, terwyl die meeste onderwysers onbekwaam was om 'n kind 'n som beredeneerd te leer oplos. Die boekie van Moller en „Uw en Mijn Cijverboek" is slaafs gevolg.

Vir skryfoefening word gewoonlik ... oks" gebruik wat tog nog beter is as die „vaak allerakeligste voorschriften."

Geskiedenis en Aardrykskunde word primitief en oppervlakkig gegee. By die eerste is daar gebrek aan Boeke, by die tweede aan kaarte.

Bybelse kennis word goed aangebring en die vorderings hierin is uiters bevredigend. Dié punt alleen het by President Kruger al opgeweeg teen al die tekortkomings saam en hom tewens gesterk

in die verdediging van ongekwalifiseerde onderwysers.

Met die onderwys in kerkmusiek het dit slegter gegaan, want meeste onderwysers was hiervoor heeltemal of gedeeltelik onbekwaam.

Die onderwys van Engels neem op die buiteskole gaandeweg toe, met bevredigende resultate. Op die dorpe word dit te veel op die voorgrond geplaas ten koste van Hollands.[1] Tot so ver Inspekteur de Jonge.

Uit die beraadslagings van die Volksraad onmiddellik voor 1892 het dit geblyk dat daar onrus bestaan het oor die gevolge wat die onderwys op die nasionale gees sou hê. Toe die wenslikheid bespreek is om beurse aan studente toe te ken om hulle studies in Europa te gaan voortsit, het een Volksraadslid die bedenking geopper dat sulke studente as vreemdelinge na die Vaderland sou terugkeer.[2] 'n Ander lid het die redenering ontsenu deur te verwys na die geval van Moses wat, hoewel hy aan 'n vreemde hof sy opvoeding ontvang het, na sy volk teruggekeer het as 'n vurige patriot, en 'n nasionale leier geword het.[3]

In antwoord op 'n lid wat teen die Engelse taal gepraat het, is daarop gewys dat baie burgers wat in die Kaapkolonie opgevoed is, in die Vryheidsoorlog saam geveg het. Hulle kennis van Engels het hulle dus nie minder goeie burgers gemaak nie.

Nieteenstaande herhaaldelik uitgesproke opinies van die Volksraad het ontduiking van die wet in verband met die medium

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 139.
2) Robinson, John.: Science in South Africa, bls. 462.
3) Dieselfde, bls. 463.

nog byna reël gebly; veral in Johannesburg was dit die geval. Naderby die hoofkwartier kon dit skynbaar nie meer so openlik gebeur nie, en hier het 'n ander stelsel in swang gekom, om tog ook maar 'n bietjie uit die vol koffers van die Staat te trek. By die Conventskool, Pretoria, b.v. is al die kinders deur die hele inrigting heen, wat Hollands kon verstaan, by die koms van die Inspekteur in een klaskamer versamel en hierdie byeenraping is dan aan hom voorgestel as 'n afsonderlike stel klasse wat instruksie deur medium van Hollands ontvang, en hiervoor is dan werklik subsidie betaal. Die bedrog was so in die oog lopend dat die Inspekteur deur die Volksraad vermaan is dat soiets nie weer mog gebeur nie.[1)]

As die onderwys nasionaal moes wees, was dit noodsaaklik dat die Hollandse taal op die skool sy regmatige plek moes kry in die praktyk en nie net op papier nie. Hieroor het die Volksraad probeer waak. Tog het nie alleen Uitlanders nie maar selfs Afrikaners, in die waan dat Engels 'n sine qua non was, steeds die gebruik van Hollands op skool probeer ontduik.

'n Ander sy van die onderwys het na aan die hart van die volksverteenwoordigers en veral ook van die Staatspresident Paul Kruger gelê: godsdiensonderrig.

Daar is 'n skema voorgestel om onderwysers deur 'n toelaag aan te moedig om hulle kwalifikasies te verbeter. 'n Jaarlikse toelaag aan die onderwyser is voorgestel: £50 vir 'n derde, £100 vir 'n tweede en £150 vir 'n eersteklassertifikaat. Dit was nie

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 158.

uit 'n finansiële oorweging dat die voorstel bestry is nie, want met die snelle ontwikkeling van die myne enkele jare na die Vryheidsoorlog was daar geld in oorvloed. Die Volksraad was egter teen die beginsel en die President het beweer dat dit sou lei tot die staatskool en gevolg sou word deur verbanning van die Bybel daaruit. Hiervan was die President nie af te bring nie. Die groot uitgawe wat later daardeur veroorsaak kon word, het niemand aangeroer nie.[1)]

Die President het verder 'n praktiese moeilikheid vir die godsdiensonderwys in die goedgekwalifiseerde onderwyser gesien, en daardie moeilikheid as volg voorgestel:

„Een geëxamineerd en godvrezend onderwijzer richt een school op volgens wet. Nu is de grootste plicht die wij te vervullen hebben dat de leer des Bijbels wordt onderwezen. De grote meerderheid kan het niet doen of acht het niet nodig onderwijs te doen geven in de wetenschap; al zou nu dié godvrezende geëxamineerde onderwijzer geen kind willen achter stellen in de leer van de Bijbel, 't is eenvoudig zijn plicht om ook wetenschap te onderwijzen en voor zodanig onderwijs in beide is minstens 4, 5 of 6 jaar nodig. Voor dien tyd kan het gros der gemeente zijn kinderen niet laten leren. Ze kunnen ze niet missen. Een geëxamineerd onderwijzer kan een gedeelte van zijn school toch niet wijden aan de godsdienst en het andere aan de wetenschap. Ondersteunen we nu alleen de geëxamineerden door de extra subsidie,

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 152.

wat wordt er dan van de godsdienst en de Kerk?"[1]

In Wet No. 10 van 1882 was daar sowel as in Wet No. 4 van 1874 liberale voorsiening, wat die geskrewe woord betref, gemaak vir middelbare onderwys. In die wet word die inrigting genoem „Een Inrichting van Hoger Onderwijs, of Normaal School," hoewel die omskrywing van kursusse nie eintlik die alternatief regverdig nie, en die latere uitvoering daarvan nog minder. Doel: „Deze Inrichting, zijnde de enige eigenlike Staatschool in die Zuid-Afrikaansche Republiek, heeft meer bijzonder ten doel de vorming van onderwijzers en ambtenaren, en in 't algemeen een behoorlike wetenschappelike opleiding binnen het bereik der bevolking der Zuid-Afrikaansche Republiek te brengen."[2]

Die beheer van die Inrigting was in die hande van 'n kommissie bestaande uit die Superintendent, die Landdros en Hoofregter, twee lede deur die Regering en twee deur die Volksraad aangestel. Dus was daar geen kontrole deur die ouers nie en was dit 'n afwyking van die C.N.O.-beginsel soos in Artikel 4a van die Program vasgestel, namelik: „De ouders zijn door God geroepen om hun kinderen op te voeden, te onderwijzen en te doen of te helpen onderwijzen."

Daar sou twee departemente wees:

I. Vir gewone „Hooger Onderwijs" omvattende Grieks en Latyn, hoër wiskunde, moderne tale en literature, natuurwetenskappe.

II. Die eintlike opleidingskool, meer prakties van geaardheid, met ses afdelings: pedagogies, juridies, kommersiëel en

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 155.
2) Dieselfde, bls. 160.

administratie, [illegible]atkundig, krygskundig en landboukundig. Die doel was veel[illegible]and, maar tog opgestel sonder die praktiese uitvoerbaarheid te oorweeg. Ten eerste moes daar leerlinge beskikbaar wees, ten twoede personeel met die nodige bevoegdheid en ten derde die geldmiddels om so 'n duur onderneming aan die gang te hou. Wat die laaste betref, was die toestand twyfelagtig, want ná die anneksasie was geld net so skaars as voor daardie gebeurtenis, en met 'n groot skuld om aan Engeland af te betaal, was daar gedurende die paar jaar wat op die Vryheidsoorlog gevolg het groot tekorte.[1] Daarom is die skool, d.i. die Opleidingskool, vireers op die goedkoopste wyse aangelê.

Die skool sou geopen word sodra daar 15 leerlinge hulle aangeld vir „Hooger Onderwijs." Voordat 'n leerling toegelaat is tot die Opleidingskool moes hy eers 'n sertifikaat van bevoegdheid in die vakke van die gewone laer en middelbare onderwys (Standerds IV, V en VI) van die kommissie van eksaminatore verkry.

Toe die vereiste minimum leerlinge ingeskryf is, is die heer W. Louis as hoof van die inrigting aangestel.

Die aanstelling was 'n verbreking van die wetsartikel wat neerlê dat die hoof 'n gegradueerde van 'n erkende Universiteit moes wees. Louis was nie gegradueer nie.

Deur die aanstelling van 'n Hollander as hoof was die samewerking van beide Engelse en diegene wat gereken het dat Engels noodsaaklik was by die onderwys verbeur en daar laasgenoemde

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 161.

groepe veral diegene was, wat kinders gehad het wat min of meer aan die eise tot toelating sou voldoen, was daar al dadelik 'n tekort aan leerlinge vir die onderwys wat aangebied is.[1]

Die rede vir die teenkanting lê voor die hand. Engels was na die mening van baie ouers van meer praktiese belang vir die toekoms van hulle kinders as Hollands. Onderwysers uit die Kaapkolonie het ook so gevoel. Die Hollanderonderwysers het anders gedink. By hulle het die swaarste geweeg die opvoedkundige reël van moedertaalonderwys. Deur die opvatting is die Hollanders deur 'n groot deel van die ouers beskou as te eng in hulle opvattings. 'n Inrigting met 'n Hollander as hoof, soos die onderhawige geval, kon derhalwe by die aanvang kwalik op algemene ondersteuning reken.

Teen die einde van 1888 het die aantal leerlinge in die Opleidingskool egter 86 bedra. Hoewel daar dus 'n mate van vooruitgang was, het die bestuur van die inrigting aan die Regering voorgestel om 'n universiteit in Pretoria op te rig. Die Regering was ingenome met die voorstel en die [illegible] raad was eenparig ten gunste daarvan. Een motief was dat [illegible] die jeug sou aftrek van die voorvaderlike sedes en gewoontes nie. Die Opleidingskool is by voorbaat al die Gimnasium genoem.

By sy vertrek na Europa is deur die President aan ds. du Toit opgedra om volle informasie in te win en skemas te laat opstel vir 'n universiteit in Pretoria wat sou aanpas by die landsomstandig-

1) Lagtenburg, A.N.: t.a.p., bls. 162.

hede. Na die terugkoms van Du Toit, veral toe dr. N. Mansvelt eers seggenskap in sake gekry het, is die idee voorlopig deur hom heeltemal van die baan geskuif.[1]

Voor die anneksasie van Transvaal het baie Afrikaners, veral diegenes uit die Kaapkolonie afkomstig, geglo aan ŉ Engelse opvoeding vir hulle kinders. ŉ Goeie voorbeeld van so ŉ opvatting het ons in ds. Bosman wat op ŉ kerkvergadering baie hard gepleit het vir die behoud van Engels met uitsluiting van Hollands op die kerkskool, die Prospect-Seminary.

Hoewel die wet vasgestel het dat die taalmedium op skool Hollands moes wees, is Engelse skole dikwels gedurende die superintendentskap van ds. S.J. du Toit gesubsidiëer.[2]

So ŉ lakse toepassing van die wet het die Uitlanders baie goed gepas. Hulle kon in hulle eie skole maak soos hulle wil, en het die voorreg van subsidie ook nog gekry.

As Engelse onderwys net bepaal gebly het tot die Uitlanderskole sou dit nog nie saak gemaak het nie. Maar die toestand was ook in die ander skole van so ŉ aard dat die gedagte in die Volksraad uitgespreek is dat die Hollandse taal op die skool sy regmatige plek moes kry in die praktyk sowel as op papier indien die onderwys nasionaal moes bly.

As ons bedink dat die Engelse in 1806 vir goed besit geneem het van die Kaap en dat die Boere van die Kaapkolonie tydens die Groot Trek ŉ menslike geslag onder Britse bestuur geleef het,

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 168.
2) The Star, 18.8.1891.

dan kan ons aanneem dat die Britse kultuurgedagte in 'n taamlike mate by hulle ingeënt was. Hiertoen moet ons natuurlik stel botsende faktore tussen Boer en Brit soos die tragiese gebeurtenis van Slagtersnek, die optrede van Britse sendelinge, uitskakeling van die Hollandse taal in die geregshof, in die skool en dies meer.

Oor die algemeen was die Boere egter so gewoon aan, en selfs so tevrede met Britse bestuur, dat, as die Britse owerheid gehoor sou gegee het aan hulle versoekskrifte, daar geen Groot Trek sou plaasgevind het nie.

Selfs na die stigting van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1852 het dit nie beteken dat die Transvaal heeltemal afgesonder is van Britse invloed nie. Totdat die spoorverbinding met Lorenso Marques voltooi is, is die Transvaalse Boere vir al hulle invoerhandel aangewese op die Britse hawes van Natal en die Kaapkolonie. Maar ook daarna was dit 'n betreklik geringe deel van die buitelandse handel wat deur die Portugese hawe gegaan het.

Hierdie langdurige handelsverkeer het in baie gevalle as gevolg gehad bande van vriendskap en wederkerige agting tussen die Transvaalse Boere en die Koloniale Engelse.

Onder sulke omstandighede was dit heel natuurlik dat daar in Transvaal onder die Boere 'n gevoel van partydigheid teenoor Engels bestaan het. Engels was die handelstaal en ouers het gevoel dat dit vir hulle kinders noodsaaklik was om dié taal te ken.

Die voorkeur wat aan Engels gegee is, het as gevolg gehad dat dié taal 'n belangrike plek in die skoolrooster ingeneem het tot nadeel van Hollands. Daarom is dit dat die gedagte in die Volksraad bespreek is dat die Hollandse taal op skool sy regmatige plek moes kry in die praktyk.

Ds. Du Toit self was nie die man om 'n nasionale onderwysstelsel in Transvaal te bevorder deur die gebruik van die Hollandse taal op 'n kragtige manier sy regmatige deel as die enigste amptelike taal te laat inneem nie. Die Superintendent was immers 'n produk van die Britse onderwysstelsel van die Kaapkolonie. Soos baie Transvaalse Boere het hy aan die belangrikheid van 'n deeglike kennis van Engels in die lewe en in die besonder in die handel geglo. Daarom het hy soos ons reeds opgemerk het Engels oogluikend op die skole toegelaat.

Ongetwyfeld Engelsgesinde onderwysers uit die Kaapkolonie het die Superintendent miskien onwillekeurig in sy lakse optrede sy teenoor Engels ondersteun.

Met die ontginning van die Witwatersrandse goudvelde het Uitlanders in groot getalle die Transvaal binnegestroom. Diegene onder hulle wat nie Britte was nie, was seker in die meeste gevalle Britsgesind. Toe hulle begin agiteer vir Engels op skool het hulle nie te veel teenstand van die tegemoetkomende Du Toit ondervind nie. Toe hulle hulle eie private skole met Engelsmedium gestig het, het hulle, nieteenstaande die Onderwyswet dit verbied kry

het, sonder uitsondering die regeringsubsidie vir daardie skole ontvang.[1]

In die volgende hoofstuk sal ons sien dat dr. Mansvelt anders opgetree het. Veral het hy noulettend toegesien dat die wetsbepalings in verband met die Hollandse taalmedium deeglik uitgevoer word.

1) The Star, 18.8.1891.

## HOOFSTUK 4.

### WET NO. 8 van 1892.

Uit die voorgaande blyk dit dat die nuwe element in Transvaal, die sogenaamde Uitlanders, geen ernstige beswaar gemaak het teen onderwyswetgewing voor 1892 nie. Die rede daarvoor lê voor die hand. Die ouer wetgewing was nie sekulêr nie, en ook nie nasionaal nie. Laat ek liewer sê: die Christelik-Nasionale beginsel is nie toegepas nie, „want hoewel die medium van onderwys in private skole deur die Regering ondersteun noodsaaklik Engels was, is daardie sy van die saak nooit geopper met die doel om die subsidie te staak nie."[1)]

Volgens Wet No. 8 van 1892 is die nasionale beginsel streng bepaal en die destydse Superintendent het ook gesorg dat die wet uitgevoer word.

Onder andere is deur die wet vasgelê dat:

1. Alle onderwysers lede moes wees van 'n Protestantse Kerk.
2. Alle klasboeke in Hollands geskryf moes word.
   Nie meer as drie uur per week in Standerds I tot III, en vier uur per week in Standerds IV tot VI, aan die onderwys in 'n vreemde taal gewy mog word nie.

Onder 2 is alle Engelssprekende kinders, insluitende baie vanaf die Kaapkolonie, uitgesluit; en Rooms-Katolieke en Joodse onderwysers is onderworpe aan die verbod onder 1.[2)]

Hierdie Wet het meer klem gelê op die twee genoemde beginsels,

1) The Star, 18.8.1891.
2) Robinson, John.: Science in South Africa, bls. 463.

Christelik en Nasionaal, en dit het as gevolg gehad dat die ontevredenheid onder die Uitlanders meer en meer toegeneem het, sodat dit soms oorgegaan het tot persoonlike aanvalle op die Superintendent van Onderwys, dr. Mansvelt, wat verantwoordelik gehou is vir die Wet. In hierdie verband lees ons onder die opskrif.... Dr. Mansvelt[1] ... „A man who has not the qualifications of standing at the head of an ordinary school in Holland, was here placed at the head of our Education Department, and he seems to have been dazzled by so much honour. The so called new school law has called forth the discontent of by far the greater portion of the old as of the new population. It already creates national hatred and separation on the school benches."

Hoewel dr. Mansvelt sy doktorstitel „honoris causa" verkry het, was dit nie waar dat hy nie die bevoegdheid besit het om in Holland aan die hoof van 'n gewone skool te staan nie. Op Stellenbosch was hy Professor in Nederlands en hy het 'n belangrike aandeel gehad in die kultuurlewe.

Die „hatred and separation" waarvan gewag gemaak is hoërop, was bepaald meer te wyte aan die Nasionale beginsel as aan die Christelike. Die vernaamste faktor van die Nasionale beginsel in die onderhawige onderwysstelsel was die Hollandse taalmedium. Tog is moedertaalmedium vir die kind nie alleen wenslik of verkieslik nie, maar noodsaaklik. Moorman sê:[2] „De taal heeft haar doel niet in zichzelf. Ze is een sociaal verschijnsel, de brug tussen mens

1) The Star, 21.3.1893.
2) Moormann, J.G.M.: De Moedertaal, bls. 5.

en mens. Een brug moet aan beide oevers vastliggen. Zo de taal. De sprekertaalschepper geeft een deel van zijn individualiteit op, objectiveert z'n uitdrukkingsmiddelen, om begrepen te worden. In de psyche van den hoorder moet de gedachte van de spreker herboren worden. Dit wondere proces te laten begrypen is z'n volle omvang, met z'n volle consequentie moet het doel zijn van alle taalonderwys." Dis net wanneer die taal van die onderwyser dieselfde is as dié van die leerling dat die „brug aan beide oevers vastligt."

Maar laat ons Wet No. 8 van 1892, die sogenaamde Manseveltwet, „regelende het onderwys voor de blanke bevolking in de Zuid-Afrikaansche Republiek ter vervanging van Wet No. 1 van 1882" 1) onder nadere beskouing neem.

Alleen die Artikels wat betrekking het op Christelik-Nasionale Onderwys word aangehaal.

Artikel 1.

De Regering der Zuid-Afrikaansche Republiek, uitgaande van het beginsel, dat het de taak is der ouders te zorgen voor de opvoeding en het onderwys der kinderen, beperkt hare bemoeiingen met het schoolwezen:

a. Tot het aanmoedigen en ondersteunen van particulier initiatief (onderneming) by de burgery door geldelike bydragen ter ondersteuning van scholen;

b. Tot het schoolopzicht, voor zover zij zich geroepen acht

1) Wet No. 8 van 1892 gedateer 2 Junie 1892.

or voor te waken dat hare toekomstige burgers de vereischte Protestantsch-Christelijke opvoeding ontvangen;

c. Tot het stichten van ene inrichting voor hoger onderwys, voornamelijk ter opleiding van ambtenaren en onderwyzers volgens hieronder te noemen bepalingen.

Onder die doopbelofte neem die Afrikanerouer die verantwoordelikheid van die opvoeding van sy kind op hom self. In privaat skole verdra hy geen inmenging van die kant van die staat nie, maar eis geldelike ondersteuning. Vergelyk hiermee die C.N.O. se program van beginsels van 1904.

Artikel 4.a. De ouders zijn door God geroepen om hun kinderen op te voeden, te onderwijzen en te doen of te helpen onderwijzen;

b. De ouders bezitten een onverkort recht op beslissing over de geest en de richting van het onderwys.

Dit is begryplik dat hoewel die Regering die onderwys oorlaat aan „particulier onderneming" hy moet toesien dat sy toekomstige burgers in die regte rigting opgevoed word. 'n Vereiste is dat die opvoeding Protestants-Christelik moet wees.

<u>Artikel 2.</u>

„Erkennende, dat het leerstellig-Godsdienstonderwijs als zodanig thuis behoort bij de Kerk, en niet bij den Staat, zo eischt de Regering slechts dat in alle van Regeringswege ondersteunde scholen het onderwijs in de verschillende leervakken gegeven

worde:

a. In Protestantsch-Christelijken geest;

b. Waarby begrepen worden het openen en sluiten der school met gebed, het lezen van Gods Woord en de behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de schooluren;

c. Terwijl het bepaald confessioneel (leerstellig) onderwijs aan de respektieve kerkbesturen wordt overgelaten;

d. Waarin de verschillende schoolbesturen naar omstandigheden alleen zullen behulpzaam zijn door het ten dienste stellen van schoollokalen als anderszins."

Die onderwys in die verskillende leervakke moes in Protestants-Christelike gees gegee word, en in hierdie opsig was Mansvelt klaarblyklik 'n volgeling van die Hollandse teoloog en staatkundige, dr. A. Kuyper. Vir hierdie geestelike leier was godsdiens nie net 'n besigheid vir Sondag nie „maar in waarheid een zuurdesem die het gehele leven moet doordringen."[1]

In die onderwys het ons dieselfde opvatting by Mansvelt. Opening van die skool in die môre met gebed en skriflesing was nog nie godsdiensonderrig nie. Daar moes 'n godsdienstige gees deur die skooldag waarneembaar wees. By Kuyper sowel as by Mansvelt kom dit daarop neer dat die Christelikheid in die daaglikse werk moet uitgeleef word.

Van Kuyper is gesê: „De dienst van God zelf werd hem levenstaak en levensdoel. 't Centrale in die Kuyperfiguur is dan ook

1) Grosheide, F.W. e.a.: Christelike Encyclopaedie, bls. 541.

de religie en de religie alleen. Om dat éne groepeert zich al het andere. Kuypers grootste betekenis schuilt hierin, dat hy op elk levensterrein het gezag van den godsdienst wil laten gelden. In historie en politiek, in wetenschap en kunst, vloeit alle konsequentie, met causale noodzakelikheid, tot in de meest concrete détails, uit deze eenmaal aangenomen grondstelling voort. De godsdienst is hem niet alleen een bezigheid voor den Zondag, maar in waarheid een zuurdesem die het gehele leven moet doordringen. De diepste grond en samenhang aller dingen ligt voor Kuyper in God. God is de centrale macht, die erkend moet worden." 1)

Onderwys in Protestants-Christelike gees onder die Mansveltwet het daarop neergekom dat nie net die skooldag begin is met 'n gebed en die lees van 'n stuk uit die Bybel nie, maar dat die onderwys deur die skooldag in daardie gees moes gegee word. Elke onderwyser moes tot 'n Protestants-Christelike Kerk behoort het en daarom kon die skoolatmosfeer uiteindelik nie anders as deurdronge wees van die Protestants-Christelike gees nie. Dit was inderdaad die doel van Mansvelt.

By Kuyper, sowel as by Mansvelt kom dit daarop neer dat die Christelikheid in die daaglikse werk moet uitgeleef word.

In verband met 2.b. bring ons in herinnering wat dr. Kuyper gesê het van die betekenis van die Bybel in die lewe: „Alle religieus besef heeft uit zijn aard behoefte aan vastheid. Die vastheid der waarheid nu was voor Kuyper de Schrift, het Woord

1) Grosheide, F.W.: t.a.p., bls. 541.

Gods. Bij zijn eerste optreden bemerkte hij echter, dat men zelfs het a b c der Heilige Schrift niet meer verstond. Van de school gebannen, bij den huisdisch in onbruik geraakt, zelfs bij het godsdienstonderwys door handleidingen en exerpten verdrongen, was de goede oude Bijbel voor maar al te velen erger dan een gesloten boek geworden.

Dr. Kuyper noemde de Schrift eens een ceder van geestelijke autoriteit, die achttien eeuwen lang zijn wortelen uitschoot in den levensbodem van ons menschelijk bewustzijn, en in welks schaduw het religieus en zedelijk leven der menschheid zo onnoemelijk geklommen is in waardij. „Houw nu dien ceder om, en nog een wijle zal het groen aan zijn omgehouwen stam nabotten, maar wie, wie geeft ons straks een anderen ceder, wie aan de kinderen onzes volks een schaduw aan den zijne gelyk."[1] Bybelgeskiedenis alleen op skool kan maklik gelyk staan aan die geskiedenis van die volk van Israel. Dit is nie godsdiensonderrig nie. Daarom is dit dat daar voorsiening gemaak is vir die lees van die Bybel, die Woord van God, binne die skoolure.

Artikel 4.

„Het onderwijs wordt verdeeld in:

a. Lager onderwijs, omvattende Bijbelgeschiedenis, het lezen, schryven, rekenen en zingen met inbegrip der kerkmuziek en de beginselen der Hollandsche taalkunde.

b. Middelbaar onderwijs, omvattende, behalve de voortzetting

1) Grosheide, F.W.: t.a.p., bls. 542.

Gods. Bij zijn eerste optreden bemerkte hij echter, dat men zelfs het a b c der Heilige Schrift niet meer verstond. Van de school gebannen, bij den huisdisch in onbruik geraakt, zelfs bij het godsdienstonderwys door handleidingen en exerpten verdrongen, was de goede oude Bijbel voor maar al te velen erger dan een gesloten boek geworden.

Dr. Kuyper noemde de Schrift eens een ceder van geestelijke autoriteit, die achttien eeuwen lang zijn wortelen uitschoot in den levensbodem van ons menschelijk bewustzijn, en in welks schaduw het religieus en zedelijk leven der menschheid zo onnoemelijk geklommen is in waardij. „Houw nu dien ceder om, en nog een wijle zal het groen aan zijn omgehouwen stam nabotten, maar wie, wie geeft ons straks een anderen ceder, wie aan de kinderen onzes volks een schaduw aan den zijne gelyk."[1] Bybelgeskiedenis alleen op skool kan maklik gelyk staan aan die geskiedenis van die volk van Israel. Dit is nie godsdiensonderrig nie. Daarom is dit dat daar voorsiening gemaak is vir die lees van die Bybel, die Woord van God, binne die skoolure.

Artikel 4.

„Het onderwijs wordt verdeeld in:

a. Lager onderwijs, omvattende Bijbelgeschiedenis, het lezen, schryven, rekenen en zingen met inbegrip der kerkmuziek en de beginselen der Hollandsche taalkunde.

b. Middelbaar onderwijs, omvattende, behalve de voortzetting

1) Grosheide, F.W.: t.a.p., bls. 542.

en uitbreiding der bij het lager onderwijs genoemde leervakken, ene grondige kennis van de taalkunde der Hollandsche en, waar zulks verlangd wordt, ook ener andere levende taal; de beginselen der vormleer; alles nader omschreven in de bedoelde standaarden van onderwijs IV, V en VI.

Als bijzondere vakken worden aanbevolen:

tekenen, boekhouden, natuur- plant- dierkunde, en nuttige en fraaie handwerken voor meisjes.

c. Hoger onderwijs, overeenkomstig de hieronder genoemde en later te maken bepalingen."

Deur Hollandse Taalonderwys word in hierdie artikel veral die nasionale grondslag beklemtoon.

Die vorige jaar reeds, 1891, is in die Kolonie die Zuid-Afrikaanse Taalbond opgerig. Die voorsitter was professor De Vos en die sekretaris professor N.Mansvelt, van die Viktoriakollege, Stellenbosch. Dit was nie 'n willekeurige keuse wat prof. Mansvelt met die sekretariaat van die Taalbond vereer het nie, want hy het hom baie verdienstelik gemaak by die bevordering van die Hollandse taal in die Kolonie, beide as hoogleraar van Nederlands aan die genoemde Kollege en ook as voorman van die beweging wat uiteindelik in die stigting van die Taalbond 'n program van aksie vasgelê het. By dit alles het dit gelyk of hy 'n goeie besef van die relatiewe belangrikheid van Engels en Hollands in die toekomstige volksopvoeding gehad het, want in een van sy lesings

aan die Kollege het hy met 'n taamlik juiste insig uitgewy oor genoemde onderwerp, en die gelyktydige aanleer van beide tale verdedig, en in sy huis die beginsel toegepas.[1] Maar op nog 'n ander gebied was hy vooruitstrewend. Hy het destyds verklaar dat hy in die Afrikaanse volk sien: „'n Afsonderlike nasie met 'n afsonderlike taal."[2]

Opmerklik is dit, dat nieteenstaande die openlike aanvalle van die Engelse pers op die Hollanders en die algemene antipatie by die Afrikaner, wat na die Burgersperiode vir goed gevestig was, die Regering tog daartoe oorgegaan het om 'n Hollander aan te stel vir die belangrike pos waarin hy meer in aanraking sou kom met die volk as in baie ander posisies. Aan die ander kant moet aangehaal word dat Mansvelt al 16 jaar in die Kolonie was, en dat sy standpunt, soos hierbo aangehaal, in ooreenstemming was met die behoefte van die tyd.

Toe Mansvelt sake oorneem, kon 'n mens dadelik sien dat daar 'n vasberade hand aan die wiel was. Volgens 'n wens wat herhaaldelik reeds deur die Volksraad uitgespreek is, en waarop by die laaste sitting deur S.Burger groot nadruk gelê is, het die Regering aan die nuwe Superintendent die opstel van 'n nuwe onderwyswet opgedra, want in die vorige wet was die Christelik-Nasionale beginsel nie sterk genoeg benadruk nie.

Artikel 5.

„Superintendent van Onderwijs. Hij zal, ten genoege der

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 174.
2) Dieselfde.

Regering, bewijs moeten leveren van zijne wetenschappelijke bekwaamheid, zuiverheid in de leer en onbesprokenheid van wandel, en tevens lidmaat moeten zijn ener Hollandsch-Protestantsche Kerk.

Oppertoezicht. De Superintendent is verplicht aan elke school die niet aan de eischen dezer wet voldoet, de subsidie van regeringswege te weigeren, kunnende de betrokken schoolbesturen zich bij vermeende ongelijk tot de Regering wenden."

Die Superintendent van Onderwys moes lid gewoes het van 'n Hollands-Protestantse Kerk, maar moes ook bewys gelewer het van die suiwerheid in die leer wat sy persoonlike opvattings betref het. Sonder hierdie vereiste by die hoogste amptenaar in die Departement van Onderwys sou dit kwalik moontlik gewees het om alle onderwys soos in Artikel 2.a. voorgeskryf, in Protestants-Christelike gees te laat geskied.

Artikel 8.

„De Inspekteurs zullen bewijs moeten overleggen van hun wetenschappelijken bekwaamheid tot satisfactie der Regering, van onbesprokenheid van wandel en moeten lidmaten zijn van een Hollandsch-Protestantsche Kerk."

Die Inspekteurs moes lidmate wees van 'n Protestantse Kerk, sodat hulle die Protestantse gees in die skoolstelsel kon handhaaf.

Artikel 24.

„Alle onderwys moet gegeven worden in de Hollandsche taal. Alleen bij het onderwijs in vreemde talen is het den onderwijzer geoorloofd zich van de taal te bedienen welke hij onderwijst."

Terwyl Du Toit die ware landstoestande misken het en nie die feit in aanmerking geneem het dat, toe die Republiek nog heeltemal vry was, daar in die praktyk reeds twee tale as landstale aangeneem is nie, het hy in sy wet Nederlands as die enigste medium vasgestel. Dit het geblyk, en dit is ook algemeen erken dat die beginsel onuitvoerbaar was, en die Volksraad het die grofste oortredings oogluikend toegelaat; in alle geval is daar geen tugmaatreëls geneem om dit te voorkom nie.

Tog vind ons dat in die Mansveltwet hierdie onuitvoerbare bepaling dat „alle onderwijs moet gegeven worden in de Hollandsche taal," gehandhaaf word. Het die Superintendent wat nog kort tevore gepreek het dat elkeen in Suid-Afrika Engels moes leer, die debatte omtrent hierdie onderwerp wat in die Raad gehou is, deurgelees, dan sou hy gesien het dat die bevolking van die Republiek vir 'n baie groot gedeelte dit roerend met hom eens was. Onder Artikel 4 hoërop het ons gesien dat hy die gebruik van beide Hollands en Engels selfs in sy eie huis voorgestaan het. Selfs die Ebenhaezerskool, wat voortbestaan het onder die direkte toesig en bestuur van die Nederduitse Hervormde Kerk, en wat as

eerste instruksie aan sy kommissie gegee het dat die onderwys deur die medium van Hollands moes wees, het die besluit so onuitvoerbaar gevind dat hulle selfs op die moment wat die nasionale geesdrif op sy hoogste was, net na die Vryheidsoorlog, aansoek gedoen het om subsidie vir kinders wat alleen deur medium van Engels onderwys is. En dan kom nog in die volgende Artikel 25 dat „desvereischt in Standaard III drie uit die 25 uur per week" gebruik mag word vir die onderwys in 'n vreemde taal, en in die standerds IV, V en VI vier uur per week. Daar word nie gestipuleer dat waar onderwys in 'n vreemde taal gegee word dit juis Engels moes wees nie. Dit kon net so wel enige ander vreemde taal bedoel het soos Duits, byvoorbeeld. Die Engelse koerante en selfs die Afrikaanse (Hollandse) pers het hierdie bepaling skerp afgekeur.

Artikel 25.

„Bij het lager onderwijs mogen, des vereischt, alleen in den derden standaard, drie van de vijf-en-twintig door de Regering gevorderde uren per week aan het onderwijs in ene levende vreemde taal gewijd worden.
Bij het middelbaar onderwijs mogen op alle scholen waar ouders dit verlangen, vier van de vijf-en-twintig door de Regering gevorderde uren per week aan het Onderwijs in ene levende vreemde taal gegeven worden; doch in de overige door de wet vereischte uren moet alle onderricht door en in de Hollandsche taal geschieden."

Dit spreek feitlik van self dat 'n vreemde taal deur medium van daardie taal self onderwys behoort te word. Onderwysmanne is nog nie daaroor eens met mekaar wanneer 'n vreemde taal behoort ingevoer te word nie.

Toe hierdie artikel in sy konsepvorm bespreek is, is daar heelwat diskussie uitgelok oor die bepaling dat in Standerd III drie uur per week onderwys gegee mag word in 'n lewende vreemde taal en in die hoër standerds vier uur. Die vrees het bestaan dat, as die wet in dié vorm sou deurgaan baie kinders uit die skool geneem en na Engelse inrigtinge gestuur sou word.

Artikel 27.

„Alle leerboeken moeten in de Hollandsche taal geschreven zijn, behalve dié, welke bij 't onderwijs in ene vreemde taal gebruikt worden."

Hierdie artikel is moontlik gerig teen onderwyskragte uit die Kaapkolonie wat aan Engelse leerboeke gewoon was.

Artikel 33.

„Alle onderwijzers aan ondersteunde scholen moeten, vóór zij als zodanig erkend kunnen worden, aan den Superintendent van Onderwijs bewijzen overleggen, dat zij leden zijn ener Protestantsch-Christelijke Kerk en tevens van goed zedelijk gedrag."

Lees ons hierdie artikel saam met Nommers 5 en 8, dan sien ons dat daar 'n sterk poging aangewend is om die hele skoolstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek Protestants-Christelik te maak.

Artikel 40.

„Waar in deze wet van „onderwijzer" of „kwekeling" gesproken wordt, geldt dit zowel vrouwelijke als mannelijke personen, en, waar dit niet uitdrukkelijk vermeld staat, is het de bedoeling der wet, dat deze personen moeten behoren tot een Protestantsch-Christelijke kerkgenootschap."

Hierdie artikel is slegs 'n uitbreiding van artikel 33.

Artikel 55.

De Rector (gijmnasium) moet zijn een gepromoveerde van ene erkende Europese universiteit. Hij moet zijn een man van erkende bekwaamheden, van praktische bedrevenheid in het hoger onderwijs, minstens 30 jaren oud, en lidmaat van een Hollandsch-Protestantsch-Christelijk kerkgenootschap."

Soos by artikel 33 aangestip is, moet ook hier daarop gewys word dat daar onder die Manseveltwet goed voorsiening gemaak is om te sorg dat die onderwys op hegte Christelike grondslag geplaas is.

Maar vir 'n Nasionale grondslag is ook gesorg. Toe dr. Mansvelt op besoek in Nederland was, het hy verhaal hoe hy sake by sy koms in die Suid-Afrikaanse Republiek aangetref het, hoe hy dinge aangepak het, wat die gevolg daarvan was, en indirek sien ons ook daaruit hoe hy die reaksie daarteen opgeneem het, en wat sy verdere onderwyspolitiek sou wees. Hy sou stronger die hand hou aan taalvoorskrifte en vir die agitasie van die Engelse sou hy nie terugdeins nie.

Daar was 'n algemene vraag vir meer Engels, nie deur die Uitlanders nie, maar deur Afrikaners van alle stande en range. Du Toit het dieselfde ondervind en aan die onweerstaanbare drang van sake toegegee, maar Mansvelt was uit ander hout gesny. 'n Gestelde doel sou hy nie gou opgee nie. Vanuit Stellenbosch het hy 'n nuwe Afrikaanse taal en 'n nuwe Afrikanernasie onderskei, maar nou in die praktyk kon hy nog min met die taal aanvang en moes hy hom onverbiddelik aan Nederlands hou. Die vraag na Engels skryf hy toe aan 'n gevoel van minderwaardigheid.

Heel anders het Afrikaners oor die saak geoordeel. Op 'n onderwyserskonferensie op Pretoria gehou, het George M. Hofmeyr 'n referaat gelewer oor die twispunt van dié dae: „Is Engelsch nodig voor onze kinderen?" Sy antwoord was bevestigend. Handel en mynindustrie was in die hande van die Engelse. Die handelstaal in die vernaamste dorpe was Engels. Die „Nationale Bank" was verplig om sy sake in Engels te reël. Op die markte kon 'n mens nie daarsonder klaar kom nie, en in die toekoms as Hollands- en Engelssprekendes orals, tot selfs in die verste distrikte deurmekaar sou woon, sou dit selfs dáár onmisbaar wees. Dit sou die nasionaliteitsgevoel nie benadeel nie.

By die diskussies daarna was daar twee strominge: Hollanders en Afrikaners. Die eerstes het die Departement, die wet en die historiese regte van die Hollandse taal sterk verdedig; laasgenoemdes het hulle sterk verset teen die opgehemelde nasionale in die wet.

ŉ Kommissie, wat beide partye verteenwoordig, het die saak met die Superintendent van Onderwys bespreek en laasgenoemde het toestemming gegee om in Standerd II al ŉ aanvang te maak met Engels om sodoende billike eise tegemoet te kom.[1]

Om ten slotte saam te vat, kan ons die verskil in die onderwysbeleid onder Du Toit en onder Mansvelt as volg aandui:

Du Toit was toegeeflik in verband met die toepassing van die bepalings oor die gebruik van die Hollandse taal. Dit kon ŉ mens ook van hom verwag, siende dat hy self ŉ Kolonialer was en in die Engelse Kaapkolonie ŉ Engelse opvoeding ontvang het.

Terwyl Mansvelt professor op Stellenbosch was, het hy gepraat van die noodsaaklikheid van Engels. Ons het gesien dat hy selfs in sy huislike kring Engels gebruik het. Maar in Transvaal was die omstandighede anders. Daar was hy Superintendent van Onderwys in ŉ vrye Boererepubliek waarvan die amptelike taal Hollands was. Die Engelse taal het geen amptelike erkenning gehad nie, en hy het hom voorgeneem om uitvoering te gee aan die wet en hom nie te steur aan die klagte van die Uitlanders en die Engelsgesinde Afrikaners nie.

1) Lugtenburg, A.H.: t.a.p., bls. 188.

# HOOFSTUK 5.

## Britse skoolstelsels.

### A. Kampskole.

Die Anglo-Boereoorlog het in Oktober 1899 uitgebreek. Die betreklik nietige Suid-Afrikaanse Republiek het te staan gekom teen een van die magtigste nasies op die aardbodem. Elke weerbare man vanaf vyftienjarige seuns tot grysaards van sewentig jaar is opgekommandeer. Die skole is gesluit, die Departement van Onderwys het opgehou om te bestaan en alle onderwys het tot volslae stilstand gekom. Die Engelse het die weerstandsvermoë van die afstammelinge van die stoere en onvergelyklike Voortrekkers heeltemal onderskat en die krygsoperasies is ver bo verwagting verleng. Toe dit begin duidelik word het dat die oorlog enkele jare in plaas van 'n paar maande sou duur het die onderwys van die opgroeiende kinders 'n vraagstuk van ernstige oorweging geword.

Twee pogings is aangewend om die toestand te verbeter. Die eerste was private ondernemings deur die Boere self, wat met die hulp van fondse uit Holland skole in die betreklik vreedsame dele van die land opgerig het. Uit hierdie skole het die sogenaamde C.N.O.-skole (Christelik-Nasionale Onderwys) ontwikkel, maar oor hulle verneem ons meer in die besonder in die volgende hoofstuk.

Die tweede poging het bestaan in die stigting van Kampskole. Toe die Britse leërmagte van verskillende kante die twee

Republieke gaandeweg ingeneem het, (want die Oranje-Vrystaat het as bondgenoot saam met die Suid-Afrikaanse Republiek geveg), het hulle die vrouens en kinders wat hulle op die boereplase gevind het saamgeneem en hulle in Konsentrasiekampe langs die spoorweë en in die Kaapkolonie geplaas.[1]

Die groot getalle kinders in die beperkte ruimte van ŉ kamp saamgedring het ŉ eienaardige opvoedkundige probleem laat ontstaan. Die militêre owerheid het hom geroepe gevoel om ŉ oplossing te vind.

Op 6 November 1900 is mnr. Sargant as waarnemende Direkteur van Onderwys van beide die Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek aangestel.[2]

Die krygsgevangenes van die Groen Puntkamp het vir hulle self ŉ skool gestig. Sargant het hulle van skoolbenodighede voorsien en die inrigting was nogal ŉ taamlike sukses. ŉ Soortgelyke skool is deur Sargant op Norvalspont georganiseer en hy het daar self vir twee weke as hoof opgetree.[3]

Wat hom veral aangespoor het om die *proefneming* op Norvalspont te doen was die duidelik merkbare gretigheid wat die krygsgevangenes op Groen Punt aan die dag gelê het om die Engelse taal te bemeester. Dit was toe vir *hom* ŉ gulde geleentheid om ŉ groot deel van die toekomstige Boerebevolking te angliseer. Godsdiensonderwys was die enigste vak wat deur medium van Hollands gegee is.[4]

1) Malherbe, E.G.: Education in South Africa, bls. 297.
2) Dieselfde, bls. 298.
3) Dieselfde.
4) Dieselfde.

groot markoetente en selfgemaakte houtbanke het deurgegaan vir skooltoerusting. Die moeilikhede was menigvuldig. 'n Kampskool is in 'n bos bome 'n end van die kamp af opgerig. Onderwysers het hulle dienste vrywillig aangebied, die kinders het kassies saamgebring om op te sit en 'n uur en 'n half nadat die Direkteur daar aangekom het was die skool in volle gang. Van daardie dag af het die skoolwerksaamhede sonder onderbreking voortgegaan. 'n Paalheining is om die bos gebou en gou-gou is 'n gerieflike skuiling opgerig.[1)]

Waar die oorlogstoestand dit toegelaat het is goewermentskole in die dorpe opgerig.

Namate die getalle sogenaamde vlugtelinge die kampe ingebring is het die getalle van die kinders in die kampskole gestyg. Dit was moeilik om onderwysers te kry. Hoe groter die aanvraag vir onderwysers geword het hoe meer moes die Direkteur hom tevrede stel met onderwysers wat minder bevoegd was. In baie gevalle moes gebruik gemaak word van die dienste van manne en vroue wat slegs die sesde, die vyfde of selfs die vierde standerd behaal het.

Onder hierdie omstandighede het Sargant aangevra dat twee honderd onderwysers(-esse) van Groot Brittanje na die kampskole gestuur word. Gedurende die eerste vier maande van 1902 het hulle in groepe van vyftig aangekom. Later het veertig van Kanada, twintig van Nu Zeeland en veertig van Australië gekom. Die Britse owerheid het dus 'n sterk en goedopgeleide mag gehad waarmee hy

1) Malherbe, E.G.: t.a.p. 298.

die Engelse taal en ideale by die kinders van die vaders wat al byna deur wapengeweld onderwerp was in te skerp.[1]

Die anglisasieproses in die kampskole is nie altyd met sukses bekroon nie. In die kamp op Norvalspont het Bootie (die later bekende dr. N.J. van der Merwe) lewenserns geleer en het die plan in hom begin ontkiem om eenmaal sy lewe aan die diens van sy Skepper en sy volk te wy.[2]

Die seun het die besef gekry dat dit sy volksgenote was wat rondom so ly en wat rondom hom so afsterf. Hy kon niks vind waarom die Brit so teen hulle moes optree nie. Hy moes dus onvermydelik in die Brit die onderdrukker van sy volk begin sien. Dit moes in hom 'n gevoel van verset opwek, 'n gevoel dat hy die Brit nie lief kon hê nie en dat die dinge wat die Brit gewoonlik gebruik om sy mag en glorie te simboliseer, vir hom tekens van geweld en dwingelandy moes word. So sou dit sy hele lewe lank bly. Baie jare later met die vlagstryd het Van der Merwe die volgende in die Volksraad verklaar: „Elke maal wanneer ek die Union Jack sien- dit is onuitwisbaar op my gemoed afgedruk en ek kan daar nie van los kom nie- dan herinner dit my aan baie geleenthede, toe ek dit in die Anglo-Boereoorlog gesien het en ek wil dit nie sien nie. Ek kan nie daarna kyk nie. Gedurende die oorlog was ek maar 'n klein seuntjie, maar ek was same met my moeder en susters in die konsentrasiekamp. Kan ek moontlikerwys van die feit loskom wat onuitwisbaar op my gemoed afgedruk is,

1) Malherbe, E.G.: t.a.p.: bls. 299.

2) Scholtz, G.D.: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, bls. 14.

toe ek die Union Jack triomfantelik oor die gewoen van vrouens en kinders sien wapper het?"[1)]

Soos dit met elke konsentrasiekind destyds die geval was, is daar oor sy gees 'n verbitterde tweestryd gevoer. Aan die een kant het sy moeder se opvoeding en sy eie ervaringe hom gedwing om Afrikaner te bly. Aan die ander kant was die skoolonderrig wat hy daar in die kamp ontvang het, bedoel om van hom 'n Brit te maak. Reeds in die skole wat in die *konsentrasiekampe* opgerig is, is ingevolge die beleid van die Direkteur van Onderwys, Sargant, probeer om die Afrikaanse kind deur middel van die onderwys te verengels. Boetie sou ook so 'n skool besoek.

Op 'n goeie dag het in die kampskool by Norvalspont 'n inspekteur verskyn wat aan 'n paar kinders allerlei toetse gestel het. Boetie was een van hulle. 'n Paar weke later moes hy verneem dat hy gekies was om aan die Grey-Kollege in Bloemfontein verder te gaan leer. By baie vrouens het daar groot verbasing *gehoers* dat Boetie se moeder bereid was om hom te laat gaan. Sy was begerig dat haar seun 'n behoorlike opvoeding moes geniet aangesien sy deur die verwoesting van die oorlog nie self in staat was om dit te doen nie en daarby was sy heeltemal gerus dat haar seun nie sou vere engels nie; hy sou Afrikaner bly.[2)]

Die geval van Boetie van der Merwe was nie tipies nie. Baie Boerekinders, seuns sowel as dogters, is klein gevang, en is vir hulle volk verlore gegaan.

1) Scholtz, *G.D.*: *t.a.p.*, bls. 15.
2) Dieselfde, bls. 16.

1) Scholtz, *G.D.*: *t.a.p.*, bls. 15.
2) Dieselfde, bls. 16.

B. Goewermentskole.

In Julie 1903 het die kampskoolstelsel tot niet geraak want die Boerekinders is teen daardie tyd teruggestuur na hulle tuistes van voor die oorlog.[1]

Die stelsel wat die kampskoolstelsel moes vervang was die Goewermentskoolstelsel.

Dit sal nie van belang ontbloot wees om na te gaan watter indruk hierdie onderwysstelsel op die mense gehad het vir wie se edifikasie dit bedoel was nie.

Die regering het die Departement van Onderwys uitgebrei en daar is planne vir rekonstruksie gemaak. Die hele land en die volk moes oorgemaak word volgens 'n nuwe patroon. Maar dit was heropbou van bo af. 'n Nuwe mag was nou aan bewind van sake-uitsluitlik Engels.[2]

Die ou onderwysstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek met sy Hollandse Superintendent, inspekteurs en amptenare is skoon weggevee sodat daar nie 'n teken daarvan oorgebly het nie. Daar was nie 'n enkele Hollandse naam op die lys van inspekteurs en ander amptenare nie. Hulle was tot die laaste een Engels. Sekerlik was baie van hulle goeie opvoeders- opgevoede manne met hoë ideale, manne wat ook hulle bes gedoen het om die Hollandse taal aan te leer. Maar niemand kan die feit wegredeneer dat die mag wat agter hulle gesit het daarop uit was om die twee verowerde kolonies so spoedig as moontlik te verengels nie. Die

1) Malherbe, E.G.; t.a.p., bls. 305.
2) Dieselfde, bls. 315.

mag van die Staat is gebruik om die denasionalisasie van die volk deur middel van die skole teweeg te bring. Dit was die politiek van die Milnerregiem.[1]

Alle plaaslike beheer is weggeneem, en die Hollandse taal is weinig konsiderasie verleen. Die amptelike rapporte van daardie dae gee 'n mens die indruk dat dit gevaarlik sou gewees het om die Hollandse taal dieselfde plek onder die mense te gee wat dit voor die oorlog onder hulle gehad het. Verder, dit sou onmoontlik gewees het om uitvoering te gee aan die voorgenome plan van rekonstruksie as die mense enige vorm van plaaslike beheer oor die skole gehad het. Maar hulle was gewoon aan plaaslike beheer gedurende die Republikeinse tyd.

Die belange van die groep, die Staat, die Ryk is bokant die van enkelinge geplaas omdat dit tot die voordeel van daardie groter eenhede gestrek het om so te maak.[2]

Lord Milner het sy burokratiese stelsel van administrasie voortgesit vir politieke redes.

Dus vind ons 'n Proklamasie (No. 9 van Februarie, 1902) uitgevaardig, waarvolgens alle skoolkommissies onder Wet No. 8 van 1892 gekonstitueer, moes ophou om te bestaan en alle ondersteunde skole onder die beheer van die Direkteur van Onderwys moes gebring word.[3]

Sekere Ordonnansies het betrekking gehad op die gebruik op skool van die Hollandse taal:

1) Malherbe, E.G.: t.a.p., bls 315.
2) Dieselfde.
3) Dieselfde, bls. 316.

„Any scholar shall at the request of his parent or guardian receive instruction in the Dutch language for three hours a week. The instruction under this section may be additional to instruction in Bible history and Religious instruction given in the Dutch language (if desired), under the provisions of the last preceeding section, provided that the total time devoted to instruction given in the Dutch language, under this section and the last preceeding shall not exceed five hours per week."[1)]

Vergelyk hierdie regulasie met dié van Mansvelt vir Engels in die Republikeinse tyd voor die oorlog. Onder die regulasies van 1896 vir die sogenaamde Besluitskole het Mansvelt aan die Engelssprekende deel van die bevolking 20 uit 25 uur per week toegelaat waarin hulle die Engelse taal as medium van onderwys kon gebruik. Hy het slegs vyf uur per week geëis vir Hollandse taalonderwys en Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hierdie liberale toegewing aan 'n vreemde volksdeel is deur die Engelse „a travesty of a remedial measure" genoem, en hulle het geweier om gebruik daarvan te maak.[2)]

Lord Milner se Ordonnansie het vasgestel dat die Godsdiens-periode kon gebruik word vir gewone onderwys in Hollands. Met die oog op die nadruk wat die Boere altyd op Bybelonderrig geplaas het was dit baie twyfelagtig of hulle ooit gebruik sou gemaak het van die alternatiewe toegewing. Onder die gewone onderwerpe is daar dus slegs drie uur per week aan Hollands

1) Malherbe, E.G.: t.a.p., bls 317.
2) Robinson, John: Report in Appendix XV, bls. 63.

bestee. Vir die orige was die medium van onderwys Engels. As ŉ mens verder in aanmerking neem dat die meeste onderwysers Engelse was wat geen Hollands geken het nie, dan is dit te betwyfel of die Boerekinders altyd daardie drie uur per week instruksie in hulle moedertaal gekry het gedurende daardie moeilike na-oorlogse dae.

Die Regulasies en Ordonnansies het nie voldoen aan die behoeftes van die mense wat gedurende die Republikeinse tyd gewoon was daaraan om hulle eie verteenwoordigers op Skoolkommissies te kies en om deur hulle verteenwoordigers hulle onderwysers uit te soek nie. Die keuse van onderwysers was altyd onderworpe aan die goedkeuring van die Departement van Onderwys.

In September 1903 [1] is daar ŉ versoekskrif aan die Regering voorgelê waarin die volgende sake onder die aandag gebring is:-

(1). Daar behoort Skoolkommissies te wees wat gedeeltelik deur die publiek gekies word. Dit moet hulle plig wees om onderwyskragte aan te stel onderworpe aan die goedkeuring van die Goewerment.

(2). Hulle het gevra vir minstens vyf uur per week vir die onderwys van die Hollandse taal. Hulle het daarop gewys dat ŉ baie groot meerderheid van die volk daardie taal gebruik.

(3). Godsdiensonderrig behoort nie leerstellig te wees nie maar uitsluitlik van ŉ geskiedkundige aard.

Die antwoord op paragraaf (1) was dat die Regering beter as

1) Malherbe, E.G.: t.a.p., bls. 318.

die omgewing geweet het watter onderwyskragte aangestel behoort te word, en daarom kon daar geen verandering aanbeveel word in die stelsel van aanstelling van óf onderwysers óf skoolkommissies nie.

In verband met die versoek om meer tyd vir Hollandse onderwys is gewys op die „general advantage which will accrue from the English language being the medium of instruction for the children of white parents, now that this State has become a part of the British Empire." Ook is gewys op die belangrikheid van Engels as landstaal in alle dele van die wêreld.[1] In hierdie geval was die antwoord ook weer „nee".

As hierdie maatreël slegs in die stede van toepassing was waar die meerderheid van die bevolking Engelssprekend was, sou dit nie veel kwaad gedoen het nie. Maar op die platteland waar Hollands die moedertaal was van meer as 90 persent van die bevolking en waar die kinders die elementêrste kennis deur die medium van 'n vreemde taal moes opdoen- daar was die opvoedkundige verlies groot.

Dit was onnodig om die petisionarisse te herinner aan die belangrikheid van die Engelse taal, want Engels is as taal in die meeste skole van die Suid-Afrikaanse en Oranje-Vrystaatse Republieke onderwys. In daardie dae en selfs na die Oorlog was dit algemeen bekend dat daar oor die algemeen onder die Hollandse bevolking 'n sterk begeerte bestaan het om Engels aan te leer.

1) Malherbe, E.G.: t.a.p., bls. 319.

Dit was derhalwe nie omrede van vooroordeel teen die Engelse taal dat die mense beswaar gemaak het onder die nuwe bestuur nie. Dit was omdat hulle eienderoë moes aanskou hoedat hulle moedertaal verwaarloos word en hoedat die opvoeding van hulle kinders gely het as gevolg daarvan dat hulle die eenvoudigste begrippe moes leer deur 'n taalmedium wat vir hulle vreemd was.

Geen selfrespekterende volksdeel kon toelaat dat so 'n toestand op die gebied van die Onderwys voortduur nie. Die beweging vir Christelik-Nasionale Onderwys was bedoel om daardie denasionaliserende onderwysproses te vervang. Die ontstaan en verdere ontwikkeling van hierdie C.N.O.-beweging sal die onderwerp vorm van die volgende hoofstukke.

## HOOFSTUK 6.

## Christelik-Nasionaal Onderwys.

### A. Vriendenkring.

Terwyl die here Sargant en Robinson besig was met die oprigting van kamp- en ander skole, was die guerilla-oorlog nog steeds aan die gang. Die lot van talle Hollandssprekendes, wat hulle toe op Pretoria bevind het, was allesbehalwe benydenswaardig. Die onderwysers het hierop geen uitsondering gemaak nie. Sommige was so gelukkig om in hulle gewone werk te kan bly, want in nie minder as 'n sestal skole is nog altyd onderwys gegee in dieselfde gees as vroeër ten tyde van die Suid-Afrikaanse Republiek. 1)

Daar haas elke dag families van buite aangebring is, het die skoolbevolking snel toegeneem, maar daar was rede om te kla oor die geringe bedrag wat aan skoolgeld ontvang is. As die Nederlandse Bystandsfonds en ds. H.S.Bosman aan die meeste skole geen steun verleen het nie, sou dit vir die onderwysers nog treuriger daar uitgesien het.

Met onderwysers wat nie by die onderwys kon bly nie, was dit nog treuriger gesteld. Hulle moes siel en liggaam aanmekaar hou uit wat hulle kon verdien as winkelbediende, of straatwerker of skilder.

Daar was toentertyd nie minder as 'n dertigtal onderwysers in Pretoria nie, en die meeste van hulle het onder die Mansvelt-regiem met geldelike hulp van die regering van die Suid-Afri-

1) Gedenkboek van die Vereniging van Onderwysers en Onderwyseressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A.), bls. 143.

kaanse Republiek uit Holland gekom.

Daar het toe al 'n tydlank in Holland 'n kommissie van voor-aanstaande manne bestaan, wat probeer het om Transvaal van geskikte onderwysers te voorsien.

'n Paar onderwysers in Pretoria het gemeen dat dit die beste sou wees dat hulle hulle tot 'n kommissie konstitueer, wat hom in die eerste plek tot taak moes stel om alle moontlike inligtings te versamel omtrent die lot van Hollandse onderwysers in Transvaal, en deur middel van vriende in Holland fondse te versamel om geldelike steun te verskaf.

Onder die heersende Krygswet kon die kommissie uit hoogstens ses lede bestaan, en die volgende manne is gekies:

N.Tromp, H.H. van Rooyen, J.J. de Visser, W. Klooster, H. Boneschans en M. Vaandrager.

REGLEMENT.

Artikel 1. Er bestaat in Transvaal een Kommissie van Onderwijzers, die tot naam draagt „Vriendenkring."

Artikel 2. 't Doel dezer Vereniging is:

(a) Het verschaffen van inlichtingen omtrent de omstandigheden waarin de Hollandse Onderwijzers en hun betrekkingen in Transvaal verkeren;

(b) Het verlenen van steun in gevallen waar die nodig is.

Artikel 3. De Kommissie bestaat uit ses personen, het hoogste aantal bij Krijgswet toegestaan. In geval een der leden uit-

treedt vult de Kommissie zichzelf aan, omdat de landsomstandigheden geen andere regeling toelaten.

Aan die heer Emous, voorsitter van die Kommissie in Holland, is uitvoerig en noukeurig die strewe van Vriendenkring uiteengesit, en hy is gevra om hierdie liggaam te erken, en te gebruik as tussenpersoon om geldelike steun aan onderwysers, wat hulpbehoewend is as gevolg van die oorlog, te bied.[1]

Soos verwag is, was die antwoord uit Holland gunstig. Die plan is nie net goedgekeur nie, maar is baie sterk toegejuig.

Geld sou verstrek word, maar moes uitgedeel word onderhewig aan die volgende reëls:

Artikel III. De Vereniging gaat uit van het idee dat de hulpbehoevenden, ind.en mogelijk, allereerst door hun familie moeten worden geholpen.

Artikel IV. Als hulpbehoevenden worden beschouwd die onderwijzers die niet in de allernoodsaaklikste behoeften van zichzelf of hun gezin kunnen voorzien, geen kontant geld bezitten, en geen eigendommen of geldwaardige papieren, waarop ze voorschotten zouden kunnen krijgen.

Artikel V. De finantiële steun bestaat in 't verstrekken van giften of renteloze voorschotten.

Artikel VI. De steun wordt telkens voor de tijd van een maand verleend. De grootte van de giften en van de voorschotten wordt voor elk geval afzonderlik in een wettige vergadering vastgesteld.

1) Gedenkboek V.O.O.Z.A., bls. 145.

Zij die steun ontvangen, geven hiervan kwitantie aan de Penningmeester in een vorm, zoals de Vereniging besluit. Voorschotten konden mogelik na de oorlog terugbetaald worden.

Aan 'n hele aantal onderwysersfamilies kon ook 'n matige maandelikse ondersteuning gegee word, en meer as een onderwyser wat van elders af hierheen gekom het, en wat op die punt gestaan het om na die vreemde weggestuur te word, kon sodoende reisegeld kry.

Toe die vrede bekend word op 1 Junie 1902, het die „Bittereinders" met hulle verwaarloosde lang baarde ook nog by gekom. Die Nederlandse Bystandsfonds het vir klere gesorg, Vriendenkring vir 'n bietjie handgeld.

Die aantal leerlinge op die Hollandse skole in Pretoria het snel begin afneem weëns die vertrek van so baie Boerefamilies na die platteland toe. Wat het die onderwysers nou te doen gestaan? Moes hulle hulle taak as afgedaan beskou, nou dat die wapens tot die nadeel van die Boere beslis het? Moes hulle nou maar die stryd vir die behoud van die Hollandse taal ook laat vaar, en probeer om op 'n ander manier 'n broodwinning te vind? In die binnenste van hulle siel het dit geklink: „Nee, dit mag nie!"

Die groot Boerevriend, Emous, het in 1902 in sy „Christelik Schoolblad" geskryf:

„Indien het Afrikaanse Volk de taal zou prysgeven, zo ware

het ondergegaan en verzwolgen en daarom wie tans iets voelt voor de zaak der Hollan^se Afrikaners, late niet na het Nationaal Onderwijs in de eigen taal met alle krachten te bevorderen. De weg daartoe is reeds gebaand."[1]

Teenoor die oorwegend Engelse goewermentsonderwys moes hierdie manne wat hulle nie deur die Engelse goewermentsonderwys wou laat opneem nie, met h stelsel van skole kom wat rekening hou met die godsdiens, die taal en die geskiedenis van die Hollandse Afrikaners, dus met h stelsel van Christelik-Nasionale skole, uitgaande van die ouers.

Die werksaamhede van „Vriendenkring" het verbasend toegeneem deur die korrespondensie met onderwysers, die versending van state ens. Vandaar die volgende aan die Algemene Kommissie:

„Wij is opgedragen u mededeling te doen van de volgende motie, aangenomen op de vergadering van „Vriendenkring" op Maandag 8ste December 1902:

„Overwegende, dat 't in 't belang van 't Hollands onderwijs is, dat alle werkzaamheden met betrekking tot de regeling van dat onderwijs in één hand komen; overwegende dat die arbeid omvangrijk genoeg is, om de aanstelling van een klerk te wettigen; besluit de Kommissie voor Christelik-Nationaal Onderwijs te verzoeken haar tegen 1 Januarie 1903, te ontslaan van haar verplichtingen en werkzaamheden, en een persoon aan te wijzen, die op genoemde datum archief, enz., kan overnemen."[2]

1) Gedenkboek V.O.O.Z.A., bls. 147.
2) Dieselfde, bls. 164.

Hierdie Algemene Kommissie wat hom in die begin van 1903 herdoop het in „Hoofdkommissie voor Christelik-Nationaal Onderwys" het die versoek ingewillig, en het as Sekretaris benoem die heer H. Visscher, wat onder die Suid-Afrikaanse Republiek die betrekking van Inspekteur van Skole beklee het.

Die werk van Vriendenkring was nou afgeloop. Die sorg van 'n 25-tal skole met 500 leerlinge kon nou aan ander hande oorgelaat word, wat hulle oor 'n paar honderd skole met enige duisende leerlinge sou moet uitstrek.

Met voldoening kon die Vereniging terugsien op wat hy in die belang van onderwys en onderwysers in tye van nood en ellende kon gedoen het, en al het dit toe opgehou om te bestaan, kon sy werk voortgesit word om ryk vrugte te dra.

B. Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen
in Zuid-Afrika.

Die skooltjies wat die een na die ander ontstaan het, asmede die 25-tal van Vriendenkring, was die nuwe, jonge, maar kerngesonde en veelbelowende uitspruitsels van 'n ou stam, wat gedurende die oorlog wel afgekap was, maar waarvan die wortels diep in die harte van die Afrikaanse Volk deurgedring het.

Dit was nie 'n nuwe stelsel nie, maar dit was die herlewing van die voor-die-oorlogse onderwys. Daardie onderwys, wat volgens wet in „Protestantsch-Christelijke geest" gegee moes word, was die onderwys na die hart van ons Volk. Dit was die onderwys

wat rekening gehou het met tradisie, volkskarakter en godsdiens. Hierdie stelsel het vaste vorm gekry onder die toenmalige superintendent van Onderwys, dr. N. Mansvelt.[1]

Op 31 Desember 1903 het in een van die lokale van die Oosteindskool 17 onderwysers bymekaar gekom. Daar was geen regeringsmanne nie, geen onderwysoutoriteite nie, geen predikante nie, maar net 17 onderwysers.

„Daar saten we met ons klein klompje, zonder die ruggesteun van de heren van 't land en de groten der aarde; maar met een heilig beginsel en een hoog ideaal." Die beginsel was: „Die Woord va.. God is die grondslag van alle opvoeding en onderwys." Die ideaal: „die opbou van 'n stelsel van vrye, Christelike en Nasionale onderwys, „vasthoudende aan taal en godsdienst."[2]

Die C.N.O.-beweging het voor baie moeilikhede gestaan. Die land was ve- lie bevolking verarm. In die staatskole is verniet ond. ;ee.

Geld vir 'n orgaan vir die Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A.) was daar nie, en die laaste „Christelijk Schoolblad" het op 2 Oktober 1899 verskyn. In 'n eenvoudige korrespondensieblad met 'n oproep aan lede en donateurs het die Verslae en die Nuwe Statute en Reglemente verskyn. Hierdie blad is soveel moontlik versprei onder die onderwysers, wat werksaam was aan die gestigte C.N.O.-skole.

Reeds in Junie 1904 is weer 'n algemene vergadering gehou. Die

1) Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., bls. 151.
2) Dieselfde, bls. 27.

opkoms was beter en die getal lede het gekăim na 124. Afdelings het bestaan in Bethal, Ermelo, Pretoria en Lydenburg.

Op hierdie vergadering is kragtig aangedring op die aanstelling van meer onderwysers, eie eksamens en inspekteurs.

Volgens opdrag op die vergadering het die „Christelik Schoolblad" verskyn op 1 November 1904, en daarin is meegedeel dat die C.N.O. besluit het om 'n kommissie van vyf te benoem om

(a) 'n eksamenprogram vir 'n onderwysersertifikaat op te stel,

(b) 'n ondersoek in te stel na die kwalifikasies van al die persone wat werksaam was by die C.N.O.

In Junie 1905 is die eerste eksamen van C.N.O. afgeneem. Dit het ongeveer gelyk gestaan met die vroeëre Derdeklas-eksamen van die Suid-Afrikaanse Republiek.[1)]

Die poging om verbetering aan te bring in die bevoegdhede van onderwysers van C.N.O. het nie gepaard gegaan met verbeterde salarisse nie. Die salarisse was oor die algemeen hopeloos klein en vir menige C.N.O.-onderwyser is dié tyd 'n herinnering van harde werk, 'n warm beginsel en „schraalhans als keukenmeester."[2)] Dit was geen wonder dat toe reeds hier en daar 'n minder bedeelde en soms ook 'n minder prinsipiële broeder oorgestap het na die goewerment nie.

1) Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., bls. 29.
2) Dieselfde.

opkoms was beter en die getal lede het gekâim na 124. Afdelings het bestaan in Bethal, Ermelo, Pretoria en Lydenburg.

Op hierdie vergadering is kragtig aangedring op die aanstelling van meer onderwysers, eie eksamens en inspekteurs.

Volgens opdrag op die vergadering het die „Christelik Schoolblad" verskyn op 1 November 1904, en daarin is meegedeel dat die C.N.O. besluit het om h kommissie van vyf te benoem om

(a) h eksamenprogram vir h onderwysersertifikaat op te stel,

(b) h ondersoek in te stel na die kwalifikasies van al die persone wat werksaam was by die C.N.O.

In Junie 1905 is die eerste eksamen van C.N.O. afgeneem. Dit het ongeveer gelyk gestaan met die vroeëre Derdeklas-eksamen van die Suid-Afrikaanse Republiek.[1)]

Die poging om verbetering aan te bring in die bevoegdhede van onderwysers van C.N.O. het nie gepaard gegaan met verbeterde salarisse nie. Die salarisse was oor die algemeen hopeloos klein en vir menige C.N.O.-onderwyser is dié tyd h herinnering van harde werk, h warm beginsel en „schraalhans als keukenmeester."[2)] Dit was geen wonder dat toe reeds hier en daar h minder bedeelde en soms ook h minder prinsipiële broeder oorgestap het na die goewerment nie.

1) Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., bls. 29.
2) Dieselfde.

Gehuude onderwysers sou, as die skool minstens 15 leerlinge tel, gesteun word met 'n maksimum-subsidie van £8 per maand uit te betaal solank as die skoolgelde minder as £4.10/- per maand bedra. As die skoolgeld bokant £4.10/- gestyg het, dan sou die meerdere van die maksimum-subsidie afgetrek word.

Vir ongehuude onderwysers met 'n skool van minstens 15 leerlinge, is die maksimum-subsidie op £5 bepaal. Hierdie bedrag sou uitbetaal word solank die skoolgelde minder as £3 bedra. As die skoolgelde bokant £3 gestyg het, sou die meerdere van die maksimum-subsidie afgetrek word.

Wat die gees en die aard van die onderwys betref, het die onderwysers van die C.N.O.-skole hulle so nou moontlik aan die ou Wet van die Suid-Afrikaanse Republiek gehou.

Aanvanklik was Vriendenkring 'n vereniging van Hollandse onderwysers, maar na die vrede het daar uitbreiding gekom, en Afrikaners en Hollanders het hulle tot een „Algemene Kommissie tot behartiging van 't Christelik Nationaal Schoolonderwijs" omgevorm.[1)]

Hierdie Kommissie, bestaande uit ds. H.S.Bosman, voorsitter, ds. P.Postma, sekretaris, M.S. de Wildt, dr. H. Reinink en generaal J.C.Smuts, het die werksaamhede wat tot dusver deur Vriendenkring verrig is, goedgekeur.

'n Klein wysiging van die reglement het daarin bestaan dat die maksimum-subsidie per maand vir 'n getroude onderwyser nie

1) Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., bls. 149.

agt, maar tien pond sterling kon bedra, met dien verstande, dat die salaris van die onderwyser £15 nie te bowe gaan nie.

Blykens hierdie reglement was die grondslag van die onderwys Hollands. Vandaar die weinige ure wat in die eerste leerjare aan Engels mog bestee word. Wanneer die grondslag egter goed gelê was, dan kon met die oog op die praktyk baie meer tyd aan Engels gegee word, sodat in die hoëre standerds eweveel ure in Engels as in Hollands kon onderwys word.

Dit is besluit om die reglement te laat druk en toe te stuur aan predikante, onderwysers en ander persone, wat hulle in die saak van die Hollandse onderwys geïnteresseer het.

Wat leerkragte aangaan, het alleen diegene in aanmerking gekom wat in besit was van 'n onderwysersertifikaat, of wat deur die vroeëre Departement van Onderwys onvoorwaardelik erken is. Later is die reglement omgewerk tot 'n leerplan vir Hollandse skole vir Christelik-Nasionaal Onderwys.

In Desember 1905 is die V.V.O.O.Z.A. deur vyf lede verteenwoordig op 'n kongres insake die Selbornominute. Dit was 'n voorstel wat bedoel was om aan die besware van die voorstanders van C.N.O. tegemoet te kom. Selborne se voorstel was te onbelynd, het geen regte aan die ouers gegee nie en het Hollands as 'n vreemde taal behandel; daarom het dit deurgeval.

Die Kongres was byeengeroep deur die Hoofkomitee van C.N.O. en generaal Louis Botha het as voorsitter opgetree. Die gevolg

was 'n kragtige besluit om voort te gaan met die C.N.O.-skole.

'n Kragtige besluit waarborg nog nie 'n kragtige uitvoering nie,

„Tussen doen en zeggen
Hoge bergen liggen."

Daar was onrusbarende tekens merkbaar. Die armes was onmagtig om iets vir C.N.O. te doen. Die rykes was gewillig om iets vir hulle eie kinders te doen maar nie vir die algemeen nie.

Solank as wat daar voldoende fondse beskikbaar was, het die C.N.O gegroei, maar in 1906 het hy begin kwyn. Die stryd het vir die C.N.-onderwysers so swaar geword dat baie van hulle oorgestap het na die goewermentskole toe.

Op 10 April 1907 het die C.N.O. weer 'n Kongres gehou waarop generaal Smuts, 'n leier van C.N.O. as Koloniale Sekretaris van die selfbesturende Transvaalse Kolonie, in breë trekke sy toekomsplanne uiteengesit het.

Vir baie was dit 'n dankbare oplossing, vir ander 'n droewige teleurstelling.

Dit was 'n stelsel van staatsonderwys met sekere regte aan die ouers en behoorlike erkenning van Hollands.

Die rede van generaal Smuts het C.N.O. 'n nekslag toegedien en die C.N.O.-skole het hulle onder die vleuels van die goewerment geskaar, vol vertroue op die simpatieke en bevriende regering.

## C. Die wese van Christelik-Nasionaal Onderwys.

In die samelewing van die dunbevolkte, maar uitgestrekte staatsgemeenskappe, wat as gevolg van die Groot Trek noord van die Vaalrivier ontstaan het, het die plattelandse bewoners die oorgrote meerderheid gevorm. Die enkele dorpe, wat voor die helfte van die 19de eeu aangelê is, het ŉ onbeduidende gedeelte van die inwoners van die nuwe staat gehuisves.

Onder die burgers van die nuutgestigte Republiek kan ons aanneem dat die onderwys- en skooltoestande ongeveer dieselfde moes gewees het as in die streke van die Kaapkolonie waarvandaan die Trekkers gekom het.

Met die gedurige trek die binneland in het die koloniste uit die bereik van die enkele bestaande skole geraak. Ouers of groepe ouers moes dus self sorg vir die opvoeding van hulle kinders. Dit is gedaan deur ŉ „meester" of „skoolmeester" te te huur vir ŉ tydperk van ses maande, of ŉ jaar, of langer, sodra daar op ŉ plaas of ŉ aantal naburige plase voldoende kinders van skoolgaande ouderdom was om die stigting van ŉ skool te regverdig.[1)]

Die Hollandse „meesters" het hulle oor die algemeen goed aangepas by die maniere en gewoontes van die Boere. Byna sonder uitsondering het hulle met Boeredôiens getrou en hulle oudag het hulle gewoonlik op hulle eie plaas geslyt. Hulle werkgewers

1) Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., bls. 43.

het nie soos die huidige Transvaalse onderw. departement beswaar gemaak teen boerende onderwysers nie.

Dr. E.G. Jansen, eertyds Speaker van die Volksraad, was 'n seun van die Hollandse meester Adriaan Jansen. 'n Ouer broer van Adriaan Jansen, August, was ook 'n meester. Die nakomelinge van hierdie twee meesters is gesiene persone in die Boeresamelewing in Noordelike Natal. 'n Mens moet jou dus nie laat mislei deur beskrywings van die meesters van vroeër wat nie 'n behoorlike sedelike peil gehandhaaf het nie. Hulle was maar die enkele uitsonderings op die algemene reël. Onder alle klasse word trouens swartskape aangetref.

Hier volg nou 'n skets van die tipiese „meester" uit vroeër dae: „Meester Jansen was met zijn huisgezin zóó ver gekomen, dat hij kon zeggen: ik ben tevreden. Wel trok het hart nog nu en dan naar het goede Holland; maar de ouders, die daar hun jeugd genoten en de kinderen, die er slechts een vluchtige herinnering van hadden, begrepen toch: geen ander dan het nieuwe vaderland kon en mocht een plaatsje bieden voor hun graf. En welbeschouwd had de familie Jansen het dan ook nog zoo kwaad niet in het huisje, dat zij-zelf had helpen bouwen, en dat oom Gert, de boer op wiens plaats het stond, haar tot gebruik had afgestaan, onder voorwaarde, dat meester Jansen „Zijn kinders geheel zou klaarmaak voor die annemen." Die taak had meester Jansen getrouwelik volbracht, en hij hield nu school bij boeren in den omtrek, want

iedereen wilde meester Jansen gaarne hebben, omdat hij „die kinders maar al te best kon leer." Des morgens klokke zeven, werd de oude Bantom, die op de plaats bekend was als „'t peerd van meester," door Mangnool, het kombuiskaffertje, gevangen en opgezadeld en dan reed meester Jansen op een sukkeldrafje naar oom Andries, wiens huis „een uur te peerd" van dat van oom Gert verwyderd was.

Op die morgenritjes en 's avonds als hij naar huis reed, ging er dikwels veel om in het hoofd van meester Jansen. Hij was de man van vroeger niet meer; een twintigjarig verblyf in Zuid-Afrika had ook aan zijn gestel en wezen die dromerige bedaardheid gegeven, die den boeren aldaar in zoo hooge mate eigen is. Maar daarom was hij des te meer geliefd in geheel Natal, en waar hij dan ook kwam om de kinderen te onderwijzen, werd hij al spoedig de vriend der ouders. Hij had dus in dat opzicht geen klagen; hoewel hij 't niet breed had, kon hij toch met zijne vrouw en twee kinders tamelik goed leven. Doch het waren juist deze beide laatsten, over wier lot hij op zijn ritjes heen en terug dikwels ernstig nadacht. Het waren echter niet zijne enigen, hij had nog een zoon en eene dochter, doch die hadden hun weg reeds gevonden: Mina was getrouwd en woonde met haar man, die een Hollander en ook schoolmeester was geweest, doch nu tabak plantte, bij haar vader aan huis, en George, zijn zoon, had 't door vlyt en volharding reeds zoo ver gebracht, dat hij met schoolhouden een

paar honderd schapen en eenige koebeesten had overgespaard, die alle jaren nog aanteelden."[1]

Dit was die stelsel waarmee die Voortrekkers opgegroei het, en ons vind dan ook dat die „meester" in sommige van die „trekke" nie ontbreek het nie. So het Trichardt sy Daniel Pfeffer saam geneem, terwyl Erasmus Smit hom in Maritz se laer bevind het. Tielman Roos en Wynand Maré was die meesters in die trekke van Potgieter en Retief onderskeidelik.[2] Waar daar geen meester beskikbaar was nie, het die ouers die onderwys van hulle kinders op hulle self geneem, want sonder lees en skryf kon 'n mens moeilik lidmaat van die kerk word. Dit was 'n baie prysenswaardige reël wat die kerk gehad het om lidmaatskap aan mense te weier wat nie kon lees of skrywe nie, want dit het die Afrikaner van analfabetisme gered.

Moes 'n trek 'n rukkie op die een of ander plek rus om die osse te laat sterk word, dan was die eerste waarvoor gesorg is die plek, waar die meester die kinders sou kan leer. Toe hulle in Transvaal hulle woonplekke uitgesoek het en begin boer het, is die kinders nie vergeet nie. Elkeen moes geleer kom, want sonder te kan lees was dit swaar om belydenis te doen in die kerk, en 'n mens is nie 'n heiden om oud te word sonder om lidmaat v[an] die kerk te wees nie.

Solank die trek geduur het, was daar altyd 'n mooi klompie kinders bymekaar en het die ouers saam vir 'n meester kon sorg,

1) Van Breemen, B.H.: Mooi Sannie, bls. 71.
2) Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., bls. 44.

maar toe die mense in Vrystaat en Transvaal elkeen 'n afsonderlike plaas gekry het, moes amper elke huisgesin self sorg vir die leer van die kinders.[1)]

Omdat oordag die werk nie kans gegee het om 'n paar uur gereëld met die kinders besig te wees nie, het die ouers vir die kinders meestal in die aand skool gehou.

Na die vee saans besorg was, as die krale mooi toe en die ryperde in die stal was, het die skool begin. In die begin van die leertyd het die vader of moeder wat as meester opgetree het, gesukkel om die kindere die letters van die ABC te leer. Voor die kind een woordjie kon lees, moes hy die ses-en-twintig letters van die ABC kon opsê van voor na agter, maar soms van agter na voor, of soos ons sou sê 'n kind moes dit kan opsê van A tot Z, en ook van Z tot A. Dit het al 'n hele paar maande gevat voor 'n kind hierin geen foute meer gemaak het nie, maar die ouers het aangehou en nie hulle geduld verloor nie. Na die leer van die ABC moes die kind begin met die speloefeninge in die ABC-boekie, wat heel eenvoudig was, amper net woordjies van een lettergreep; die meeste woordjies was maar net van twee letters. As 'n kind sover gevorder was dat hy die ABC-boekie kon lees, het hy 'n moeiliker leerboek gekry met die naam van „De Trap der Jeugd." Die boekie was verdeel in stukkies na die aantal lettergrepe wat 'n kind moes ken. Op die eerste bladsy was dit maklike woordjies van een sillabe, maar op die end van die boe-

1) Spoelstra, B.: Ons Volkslewe, bls. 58.

kie was woorde, wat ons nie graag in 'n leesboek wil sien as hulle dig op mekaar volg nie. As 'n kind dié boekie bereik het en die eerste speloefeninge dus al verby was, het die boerseuntjie, wat in baie gevalle die veewagter gewees het, elke môre met sy kos die boek saamgevat agter die skape of beeste en in die veld die woordjies leer spel en lees. Sodoende het ons ou boermense baie tyd gevat om enkele woordjies suiwer te leer uitspreek. Elke aand moes hulle kom lees wat hulle in die veld geleer het. Was hulle nie veld-toe gewees nie of was dit dogters dan het hulle by die huis geleer, maar wat ook al hulle werk oordag gewees het, in die aand moes hulle die les kom opsê. 1)

As 'n kind die les nie goed geleer het nie, is deur die pa of ma baie keer geknor oor luiheid van die kind, maar was die woorde baie swaar, dan is die kind aangemoedig om veral sy bes te doen en die volgende dag die les nog maar 'n keer baie goed oor te gaan.

Party ouers, wat baie ongeduldig van aard was, het die kinders, as die les nie na hulle sin opgesê was nie, hard opgevat en by elke foutjie wat [illegible] ind gemaak het, die platriem gebruik, met die gevolg dat die kind so bang geword het vir 'n meester by wie hy die hele dag sou moet vrees vir die tugroede, dat hy liewer die swaarste werk sou doen as om skool-toe te gaan. Die kinders van wie die ouers so kwaai was, het geleer uit vrees vir slae, maar het die boeke laat lê so gou die ouers gemeen het dat

1) Spoelstra, B.: t.a.p., bls. 61.

hulle sonder die ouers se hulp sou klaar kom. Die kinders wat sagter behandel is in die leer van hulle lesse, het al meer en meer liefhebbery in boeke lees gekry en hulle is in ons dae nog baiekeer die goed belesene en goed ontwikkelde ou landsvaders.

As die kinders klaar was met les opsê, is in die huisgesin ook elke aand huisgodsdiens gehou. 'n Hoofstuk word deur die vader uitgesoek en gelees en al die huisgenote, veral die kinders, moes luister. As vader klaar gelees het, moes die kinders van die kleinste tot die grootste om die tafel kom staan om te vertel wat hulle onthou het van die lees. Die pa begin te vra by die jongste en is nie tevrede nie of hy moet iets sê, wat hy gehoor het, al is dit maar net een woordjie. As die pa die hele rytjie kinders langs gevra het, word die hele hoofstuk nog 'n keer deur die kinders herhaal en dan probeer die vader om gedeeltes duidelik te maak, wat die kinders nie goed verstaan het nie. Omdat die manier van handel dag na dag, ja ons kan sê jaar na jaar aangehou het, kan ons begryp hoe goed ons oumense tuis moes raak in die Bybel, en hoe dit moontlik was dat by 'n gebed deur een van die oumense so duidelik geblyk het, dat hulle in die „tale Kanaäns" goed deurknee was.

Na die kind die „Trap der Jeugd" goed geken het, het hy nog nie opgehou met leer nie, maar daarna is eaans die Bybel gebruik; die kinders moes nou eers die lesse opsê uit die vraeboekie. Dan moes smôrens Borstius se vraeboekie saamgaan veld-

toe om hier elke dag „'n pandjie," om sou sê 'n kolom of 'n halwe bladsy, uit te leer. Na Borstius se vraeboek het in die eerste jare Hellenbroek gevolg, waar saans vrae uit geken moes word, en later die Kort Begripvrae. Die kinders het so met die leer moes deurgaan tot hulle aangeneem is. Onbewus was in die leer nog 'n seker metode van opklim in die moeilikhede, al sou ons 'n heel ander volgorde nodig vind, maar ons kan sien dat die swaarste die laaste gekom het.

Eers was dit meganies lees uit die ABC-boek en uit die „Trap der Jeugd" en die laaste was om soveel moontlik die les uit die Bybel te begryp, en dan die van buite leer van die verskillende vraeboekies.[1)]

Behalwe lees moes die kinders ook leer skryf en reken, maar veral sing. Met die leer om te skryf het dit maar swak gegaan, want die ouers het in die reël self maar swak geskryf en nog minder geweet hoe hulle dit die kinders moes leer. 'n Behoorlike opstel het die ouers die kinders nie gegee nie, en die gehuurde meesters was in die meeste gevalle self te onontwikkel om een te kan leer skrywe, en as hulle dit wel sou kon doen, het hulle amper nooit so lank op 'n plaas gebly dat gedink kon word aan verstandelike skryfonderwys nie. Die skrywe het dan ook feitlik uit niks anders bestaan as om die letters te leer skryf volgens voorbeelde nie.

Die rekenonderwys is maar weinig beter behandel as die skrywe.

1) Spoelstra, B.: t.a.p., bls. 62.

Die kinders het die syfers leer skryf, miskien klein optelsommetjies leer maak, maar verder het hulle selde gekom. Maar wat hulle in die skriftelike rekene kort gekom het, het hulle weer kon opmaak met hoofrekene.

Die oumense het meer aandag bestee aan sing as aan reken of skrywe. Oor die algemeen het hulle self uitstekende stemme gehad en het die moeilikste wys van die psalms of gesange op noot gesing en die kinders moes dit ook leer. Met voor- en nasing het die pa en ma die kinders die ut, re, mi volgens die B-mol en B-duur leer sing en dan moes hulle altyd saamsing by die huisgodsdiens. Soms het die pa die kind laat kom om die vers, wat gesing moes word, in te sit. Het die kind dit nie reg gekry nie, dan moes hy maar die psalmboek saam neem veld-toe en agter die skape of beeste ook die note sonder enige hulp leer sing om saans te laat hoor dat hy die wysie nie alleen self kan sing nie, maar ook kan voorsing in geselskap van die broers en susters. Sommige ouers was baie straf op die leer sing van die noot en sou nooit 'n meester vat wat nie goed was in die sangkuns nie.

Het pa en ma gereken dat die kind slim genoeg en oud genoeg was, dan het hulle die kind aanneming-toe gestuur. Die ouers het gereken dat die kind ná die aanneming klaar was om op sie bene te kan staan, en die kind het gereken dat hy ná die aanneem as groot beskou sou word en aan 'n huwelik sou kan dink. Maar by die predikant het dit hard gegaan. Die predikant wou nie 'n mens toe-

laat om openbare belydenis af te lê nie, of hy moes goed kan lees, b. d die Bybelse geskiedenis vertel en die vraeboekie uit sy kop opsê.

'n Enkele keer het dit egter gebeur, dat 'n jong man deur omstandighede nie so ver gekom het om belydenis af te lê nie en 'n huwelik gesluit het sonder nog belydend lid van die kerk te wees, maar dan het hy in die moeilikheid gekom as hy later as vader 'n kind vir die doop moes opgee. Die predikant wou in so 'n geval die kind nie doop nie of 'n ander, bv. 'n ouderling moes instaan vir die kristelike opvoeding van die kind en daarom by die plegtigheid van die doop as doopgetuie voor die preekstoel staan.

Hoe snaaks die houding van die kerk in sommige opsigte beskou kan word, waar nie alleen 'n ondersoek ingestel is omtrent die mense se geloof en die vermoë om die geloof te kan verdedig nie, maar ook na die kennis van lees, tog moet ons die kerk dankbaar wees vir die handelwyse. Juis deur die handhaaf van die ou gewoonte is ons volk bewaar vir ing op verstandelike gebied. Deur die hand te hou aan die eise was die jongmense later in hulle eie huise in staat om die huisgodsdiens te lei en later weer om die kleinkinders met die lees te leer en te lei.[1)]

Daar was in die epublikeinse dae nog lank nie voorsiening vir 'n stelsel van aatsondersteunde skole nie.

Aangesien dit dus volgens oorlewering onder die plattelandse

1) Spoelstra, B.: t.a.p., bls. 64.

bevolking die plig van die ouers was om in die onderwys van hulle kinders te voorsien, het dit lank geduur voor die staat in die nuutgestigte Republiek hom die saak van die onderwys aangetrek het.

In Artikel 1 van die Onderwyswet van 1882 erken die Regering dat die onderwys van die kinders die taak is van die ouers. So lui die betrokke Artikel:[1)]

„De Regering der Zuid-Afrikaansche Republiek, uitgaande van het beginsel dat het de taak is der ouders te zorgen voor het onderwijs hunner kinderen, beperkt hare bemoeiingen met het schoolwezen:

(a) tot het aanmoedigen van particulier initiatief (onderneming) by de burgerij door geldelike bijdragen ter ondersteuning van scholen;

(b) tot het schoolopzicht, voor zoo ver zij sich geroepen acht toe te zien dat hare toekomstige burgers de vereischte Christelike opvoeding ontvangen; en

(c) tot het stichten van eene inrigting voor hooger onderwijs, voornamelik ter opleiding van onderwijzers.

Godsdiensonderwys het die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek aan die Kerk oorgelaat. Hier volg die artikel van die Wet van 1882 in verband daarmee:

Artikel 2.

Erkennende dat het godsdienstonderwijs als zoodanig thuis

1) Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., bls. 57.

behoort bij de Kerk en niet bij den Staat, zoo eischt de Regering slechts dat, in alle van Regeringswege ondersteunde scholen, het burgerlijk Onderwijs behoorlijk gegeven worde:

(a) in Christelijken geest;

(b) waarbij begrepen is het openen en het sluiten der school met gebed, en het lezen van Gods Woord en de behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de schooluren;

(c) terwijl het bepaald confessioneel (leerstellig) onderwijs aan de respectieve Kerkbesturen wordt overgelaten;

(d) waarin de verschillende schoolbesturen naar omstandigheden zullen behulpzaam zijn, door de vrijstelling van schoollokalen als anderszins;

(e) waarby de Regering de wenschelijkheid uitspreekt, dat de verschillende gemeenten en Kerkraden zelf, zooveel mogelijk is, het initiatief nemen in het stichten van scholen en het kiesen van schoolcommissiën."

Ons sien dus dat die ouers in die eerste instansie verantwoordelik was vir die onderwys. Van hulle kant was die Afrikaner-ouers gewoon daaraan en volkome bereid om daardie verantwoordelikheid op hulle te neem. In 'n volgende afdeling van hierdie hoofstuk sal ons sien dat die ouers op Heidelberg nieteenstaande dat hulle verarm was deur die Anglo-Boereoorlog, in medewerking met die Kerk die Volkskool gestig het sonder om enige onder-

steuning van die regering te vra of te verwag.

Waar die ouers die volle verantwoordelikheid het, volg dit dat hulle ook die volle beheer moet hê. In hierdie verband wil dit voorkom of die Uitlanderouers dieselfde beginsel voorgestaan het as die Afrikanerouers, nl. verantwoordelikheid vir, en beheer van die onderwys deur die ouers, hoewel hulle pers en individue voortdurend gewys het op die „skandaal" dat staatsfondse nie vir hulle Councilskole beskikbaar was nie. Die ouers is deur gekose manne verteenwoordig op die Council. Maar sodra die militêre owerheid die kamp- en dorpskole begin organiseer het, het die Council of Education al sy magte, middele en sy Direkteur, John Robinson, aan die Britse Hoë Kommissaris, lord Milner afgestaan. Van toe af het die Uitlanderouers geen seggenskap gehad in die onderwysaangeleenthede onder die militêre bewind gedurende die oorlog of selfs na die sluiting van die Vrede van Vereeniging tot die jaar 1907, toe die Transvaal Verantwoordelike Regering gekry het nie. Die Uitlanderouers was skynbaar heeltemal tevrede met hierdie toestand, want daar is selfs teenswoordig selde 'n skoolkommissie aan 'n Engelsmediumskool verbonde.

Maar heel anders is die opvatting van die Afrikanerouer oor sy verantwoordelikheid in verband met die onderwys, want „de ouders zijn door God geroepen om hun kinderen op te voeden, te onderwijzen, en te doen of te helpen onderwijzen." [1] God het die

[1] Beginselprogram van die Vereniging vir Vrye C.N.O. Art.4 (a).

kinders nie aan die Kerk of die Staat gegee nie, maar wel aan die ouers.

Die Smutswet van 1907, waardeur die amalgamasie van die C.N.O.- en regeringskole teweeggebring is, beliggaam 'n stelsel van staatsonderwys, want die Wet stel vas: „Die funksie van die Departement van Onderwys sal wees die verrigting van al die nodige en bykomende werk vir die beheer van die openbare onderwys deur die regering van hierdie Kolonie, en die uitvoering van enige bevoegdhede of pligte wat deur hierdie Wet of by regulasie spesiaal daaraan verleen of opgelê word."[1]

Met die amalgamasie het die manne van die C.N.O. die belangrike beginsel van vrye onderwys met ouerlike beheer prysgegee.

In die plek hiervan maak die Transvaalse Onderwyswet voorsiening vir die beheer van skole deur skoolkommissies, waarvan die lede deur die ouers van skoolgaande kinders gekies word.[2]

Ons bedoel nie met Christelik-Nasionaal onderwys dat Christelik net die woord „nasionaal' kwalifiseer, en daar 'n sekere kwaliteit of betekenis aan gee nie, maar ons bedoel Christelike en Nasionale onderwys. In die eerste uitdrukking kom die twee beginsels wat in hierdie saak gemoeid is, nie albei apart tot hulle reg nie. Die Christelikheidsbeginsel word afgeskeep. In die tweede word altwee apart gestel soos dit behoort, en is elkeen draer van sy eie, volle betekenis. Altwee die woorde, Christelik en Nasionaal, kwalifiseer die woord onderwys, en gee

1) Wet No. 25 van 1907, Hoofstuk 1 Art. 3(2).
2) Dieselfde, Artikel 66.

daar elke... volgens sy eie inhoud, ʼn bepaalde eenheidsbetekenis aan. Dit l... gter ook nie dat in die benaming „Christelike en Nasion... Onderwys" die woord Christelik die woordbegrip nasionaal nie kwalifiseer nie. Dit word wel gedaan, want die woord „Christelik" is die allesomvattende van die twee woorde. Die nasionalisme moet ook Christelik wees, maar in hierdie benaming word nog meer gedaan, namelik, dat die woord Christelik ook die woord „Onderwys" kwalifiseer.[1]

Die studie van die Bybel as literatuur maak geen Christelike skool nie.[2]

In die literatuurstudie is die menslike hoofsaak, in die ware godsdiensstudie die Goddelike. Die literatuurstudie bevredig alleen die menslike, en nie die godsdienstige behoeftes van die mens nie. Literatuurstudie van die Bybel ontaard gewoonlik in ʼn blote mensverheerliking, sê die C.N.O.-leier, ds. W.Postma.[3] Dit laat die gees en rigting van die skool koud, en gee geen lewensuitsig aan die leerlinge nie.

Die opening van die skool met die lees van die Bybel en ʼn gebed, soos deur die Transvaalse Onderwyswet bepaal,[4] maak nog geen Christelike skool nie.

Die gees en rigting van ʼn skool word in baie opsigte meer bepaal deur die lewensopvatting, wat in die vakke gedurende die hele res van die dag vertolk word, as deur die opening van die skool met Bybellees en gebed gedurende die eerste halfuur van

1) De Vriend des Volks 11.8.1905. (Ds. W.Postma.)
2) Greyling, E.: Christelike en Nasionale Onderwys, bls. 10.
3) De Vriend des Volks, 12.5.1905.
4) Wet No 25 van 1907, Art. 34(1).

die skooldag.

Wanneer godsdiensonderwys as vak in h skool onderwys word, kan dit die skool nog nie Christelik maak indien dit geïsoleer is van die res van die kennis en lewensopvatting van beide kinders en onderwysers nie.1)

As dit as vak nie deur kind, onderwyser en skoolstelsel in gees en rigting oorgedra word op al die onderwys en aktiwiteite van die skoollewe nie, dan is daar nog geen Christelike skool nie. Alleen dan is h skool Christelik, wanneer dit die egte stempel op al sy werksaamhede dra.

Die sin waarin die woord „Nasionaal' gebruik word, is geen politieke nie. Ons bedoel hier h gesonde nasionalisme in die onderwys wat uiting vind in liefde en waardering vir h eie vaderland, geskiedenis, godsdiens, taal: dinge waarop elke volk grots is, wat sy eie is, en geen ander volk s'n nie, h nasionalisme wat sonder om eksklusief te wees, ook geen ander vaderland wil hê nie, geen groter geskiedenis ken as sy eie nie, geen vreemde gode naloop nie, en die kultuur uit eie bodem onderskei, ken, waardeer en uitbou.2)

Die nasionale beginsel in die gesk        van die onderwys in Suid-Afrika het in sy stryd met die v...mde en uitheemse meer tot sy reg gekom as die Christelike beginsel.

Baie van ons onthou nog die dae toe alles onafrikaans georiënteer was, h kind niks geleer is van Suid-Afrika en sy

1) Postma, W.: De Vriend des Volks, 11.8.1911.
2) Greyling, E.: t.a.p., bls. 19.

1) Postma, W.: De Vriend des Volks, 11.8.1911.
2) Greyling, E.: t.a.p., bls. 19.

belange nie, en die hoogste kennis, bv. in die geskiedenis, die name van die vroue van Hendrik VIII was, en in die aardrykskunde die feite dat in Newcastle „coal," in Birmingham „firearms" en in Sheffield „cutlery" vervaardig word. In daardie dae het die skool in sy doel, inhoud, metode, personeel en beheer in Engeland gewortel. Maar ons het in ʼn leeftyd baie gevorder, want opvoeders erken vandag dat, in watter land ook al, die gesonde nasionale beginsel reg het, en op sy plek is, in die onderwys.

Die C.N.O.-skole is gestig om die Boerekinders die geleentheid te gee om volgens Christelike en Nasionale beginsels onderrig te word. Die stigters van hierdie skole het op eie geldelike krag gesteun. Hoe hulle die nodige _ lde ge-in het, sal verduidelik word in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk.

By baie is daar die valse begrip dat as die moedertaal as vak op ʼn skool onderwys word, dit alles reg is, dat die kind niks verder nodig het nie. Hulle begryp nie dat by die opvoeding van

ŉ kind die gees en rigting van ŉ skool baie meer tel as die een of ander vak.

Die moedertaal as medium betoken oneindig veel vir die natuurlike, gesonde en ongedwonge opvoeding van die kind.[1] Maar die taal van ŉ volk kan soms met opset gebruik word as ŉ dekmantel om die vreemde in te smokkel. Daarby word die gesonde invloed wat moedertaalonderwys kan hê meermale gekortwiek wanneer onderwysers deur tugregulasies gemuilband word en nooit van eie nasionale ideale en belange mag praat nie. Die onderwyser mag nie beskou word as ŉ huurling, ŉ kleurlose mummie sonder eie mening en oortuiging nie, maar wel as ŉ vry man, geregtig daartoe om uit te kom vir ŉ eie besliste, ingewortelde mening.[2] Nasionale opvoeding is meer as taalonderwys, en dit kan net bereik word in ŉ atmosfeer waar die ganse gees en rigting van ŉ skool in al sy aktiwiteite gesond en nasionaal is. In die nasionale opvoeding moet daar atmosfeer, gees, rigting en ŉ positiewe nasionale lewensbeskouing wees.[3]

Afgesien daarvan dat vaderlandse geskiedenis só onderwys kan word dat dit by die kind geen liefde vir sy eiegoed ontwikkel nie, bly daar nog die feit oor dat daar soveel meer nasionale skatte is as wat die geskiedenisvak gewoonlik insluit: die eie landsprobleme van ŉ volk, sy godsdiens, sy literatuur, sy beeldende kunste, sy ekonomiese agtergrond en strewe, sy eie volksfilosofie, selfs sy eie volkspeletjies.[4]

1) Postma, W.: De Vriend des Volks, 12.5.1905.
2) Dieselfde.
3) Dieselfde, 9.7.1917.
4) Greyling, E.: t.a.p., bls. 22.

Die nasionale beginsel in die onderwys eis dat hy as toonaangewende reël sal geld sowel in die doel as in die leerplan, sowel in die metodiek as in die beheer van die onderwys, sowel in die opleiding as in die aanstelling van onderwysers, sowel in die binnemuurse as buitemuurse aktiwiteite. Die skool moet binne in die volkslewe staan. Die Christelike en die nasionale beginsel moet die lewensbeskouing wees van die onderwyser.

„In die neutrale skole gaan die nasionale gevoel ondermyn word deur neutraliteit" kla W.Postma.[1] Laat ons net daaraan herinner dat die geskiedenis in die neutrale skole op 'n neutrale manier onderwys is. Die godsdienssonderwys is so ingerig dat selfs Jode voordeel daaruit kon trek. Hierdie neutrale gees is selfs in die Smutswet behou, want „geen leer of dogma eie aan..............."[2] mag in enige publieke skool onderwys word nie.

Volgens die Skrif moet ons toegerus word vir die stryd van die lewe. Dit kan ons wees, nie deur die Bybel uit die hoof te leer nie, maar veral deur goed te verstaan wat God van ons verlang.[3] Daarom is daar in die Woord van God beginsels neergelê waarna gehandel en gestry moet word, en dié beginsels moet ons ganse lewe bestel en bestuur. Ons kinders moet tuis sowel as op die skool reg gevorm word om reg te wees en reg te bly.

Neutraal beteken aan geen kant staan nie, maar tussenbei. Die eerste suggestie op die kinders is al: „Julle het niks met die grote lewenskwessie van die dag te doen nie, niks met die

1) De Vriend des Volks, 21.6.1905.
2) Wet No. 25 van 1907 Art. 34 (4).
3) Postma, W.: De Vriend des Volks, 21.7.1905.

geskiedenis daar agter julle nie, niks met al die bloed en trane nie: julle moet neutraal wees, tussen die bas en die boom." Die godsdiensonderwys moet so ingerig word dat die strydpunte tussen geloof en ongeloof, tussen Protestant, Rooms en Jode, afgesaag word, sodat daar nie botsing kom nie. Net die wetenskap moet geëer word sonder godsdiens: asof daat wetenskap is wat nie van God afkomstig is nie."[1)]

Neutrale onderwys is net moontlik as onderwysers masjiene is, en die kinders nie minder nie. Sulke onderwys sou alle siel en besieling uit die opvoedende aksie wegneem. Maar elke onderwyser het 'n eie lewens- en wêreldbeskouing, of hy dit nou wil weet of nie. Daar is niemand, wat die moeite werd is, wat neutraal is nie, en elkeen deel sy eie lewens- en wêreldbeskouing, bewus of onbewus, aan sy leerlinge mee.

Elke opvoeder moet natuurlik na objektiwiteit strewe en nie sy onderwys in oppervlakkige, subjektiewe opbruising laat ontaard nie.

Die skool en onderwysstelsel vertoon dan ook altoos die gees en rigting soos bepaal deur die lewens- en wêreldbeskouing van die wat daarmee te doen het.

So het die voorstanders van die Christelike skool en skoolstelsel dan ook 'n eie lewens- en wêreldbeskouing, wat die gees en rigting daarvan bepaal, en wat die mens in sy opvoedende strewe na God toe oor gans en al sy lewensgang lei.

1) Postma, W.: De Vriend des Volks, 21.7.1905.

Die bron van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing is in wyer sin die Bybel. Omdat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is, is dit vir die Protestant die onfeilbare reël van die geloof en die lewe. Die Bybel is vir hom die rigtinggewende norm, ook in die opvoedkunde.[1]

In nouer sin word die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, wat die gees en rigting van die skool bepaal, gevind in die kerklike belydenis van diegene wat verantwoordelik is vir die oprigting, instandhouding en beheer van die skool.

'n Belydenis is 'n geskrif of geskrifte, waarin 'n kerk of 'n groep van kerke beskryf en verklaar wat hy of hulle as die waarheid aanneem, soos vervat in, en volgens die Bybel. In die Bybel lê hierdie waarheid sonder orde versprei in woord en handeling, in geskiedenis en in lofsang, in profesie en in gelykenis. In die belydenis word hierdie waarheid gesistematiseer en in logiese orde saamgevat.[2]

Die belydenis gee 'n juiste en gesaghebbende beskrywing van wat die kerk en sy lidmate glo. As die Christelike onderwyser dan sy belydenis raadpleeg in die uitoefening van sy Christelike beginsels, bewaar dit hom vir eensydigheid, uiterstes en oppervlakkigheid. Dit is baie beter en veiliger as hy moet kies tussen sy eie subjektiewe en beperkte menings van wat waarheid is volgens die Woord van God aan die een kant, en die historiese beproefde en deurtoetste beskrywing daarvan in die belydenis

1) Greyling, E.: t.a.p., bls. 27.
2) Dieselfde, bls. 30.

aan die ander kant, dat hy laasgenoemde sal kies en hom daaraan hou.

Protestantse korke verskil onder mekaar omtrent wat die waarheid is soos vervat in die Bybel. Wat die Afrikanervolk betref, is hy in hierdie opsig in 'n baie gunstige posisie geplaas, aangesien al drie die erkende Afrikaanse Kerke, waaraan 97 05%.[1] van die suiwer Afrikaanssprekendes behoort, dieselfde belydenisstukke het, namelik, die Drie Formuliere van Eenheid.

Wat die nasionale lewens- en wêreldbeskouing betref, is daar 'n toenemende insig by opvoeders dat opvoeding nie 'n aanplakking van buite, of 'n assimilasie van 'n sekere mate van kennis is nie. Die kultuur van die volk en uit die volk moet in die volkskind ontwikkel word.[2] 'n Kind kan nie uit een kultuurgroep geneem word en in 'n ander groep geplaas en opgevoed word sonder groot skade vir daardie kind nie. 'n Afrikanerkind bv., wat in 'n Engelse skool geplaas is, ly daar oneindig veel skade en hy is nog nie opgevoed nie, al kan hy Engels hoe goed ook al praat. Ook is die omgekeerde natuurlik waar van 'n Engelse kind in 'n Afrikaanse skool.[3] Die Council of Education het goed geweet dat die Uitlanderkinders nie in die Republikeinse skole met Hollandsmedium opgevoed kon word en die suiwer Uitlanderuitkyk op sake behou nie. Maak 'n kind los van sy huislike opvoeding en volkskultuur, en u ontstam hom en maak hom 'n waardelose meedoener en na-aper van wat nooit sy eie kan word of wees nie. Ware opvoeders, wat nie met

1) Greyling, E.: t.a.p., bls. 33.
2) Dieselfde, bls. 35.
3) Dieselfde, bls. 36.

die imperiale kiem ingeënt is nie, is dit orals eens dat die nasionale beginsel in die opvoedkunde reg en op sy plek is. As die Council of Education slegs Uitlanderkinders in sy onderwysstelsel met sy eie fondse wou intrek, sou niemand daarteen beswaar gehad het nie, veral as hulle selfstandig tewerk gegaan het en minder vyandigheid teenoor die owerheid openbaar het. Maar hulle wou ook Afrikanerkinders in hulle skole bearbei met die doel om ook van hulle „English gentlemen" te maak. 'n Kind moet na sy eie aard, in sy eie kultuur opgevoed word, anders word daardie kind verknot, afgestomp, verwar, ontsiel en verknoei.[1]

Iemand besiel met 'n nasionale lewens- en wêreldbeskouing is iemand wat aangedryf word deur 'n liefde vir wat sy eie is. Hierdie liefde vir sy eie sluit veral drie verskillende dinge vir ons Afrikaners in:

(1) liefde vir 'n gemeenskaplike vaderland;

(2) liefde vir 'n gemeenskaplike geskiedenis;

(3) liefde vir 'n gemeenskaplike godsdiens.[2]

Die bepaling van die doel is die kernvraag van die onderwys. 'n Bepaalde doel in die onderwys is noodsaaklik, want dit help die opstellers van die leerplan om geskikte lesse te kies, dit gee rigting aan die onderwyser by die behandeling van elke afsonderlike les, en eenheid aan sy werk as geheel, dit het invloed op die organisasie en toerusting van die skool, dit bepaal in sekere

1) Greyling, E.: t.a.p., bls. 37.
2) Dieselfde, bls. 64.

mate die metode wat in die klas gebruik word, dit goe rigting aan die gedagtes van die kind, en dit vergemaklik die be-oordeling van die welslae, al dan nie, van die arbeid van die onderwyser.

Volgens moderne opvoedkundiges is die menings oor die doel van die onderwys uiteenlopend. Dit wissel van die een opvoedkundige na die ander namate elkeen sy eie subjektiewe sienswyse benadruk.

Vir ons as Calvinistiese volk is daar een alomvattende, universele, finale en altydgeldende einddoel vir alle vakke of aktiwiteite van die skool, in die hele skoolstelsel en opvoedingsproses, nl., om God te ken en te eer.

'n Meer beperkte doel, 'n doel waarna die Vereniging van Christelike en Nasionale Onderwys moet strewe kragtens sy beginsels, word opgegee onder die bevordering van 'n in waarheid Christelike en Nasionale opvoeding in en deur die skool.[1]

Daar was destyds (1906) enkele Vrye Christelike skole, maar dit sou nie help om die land te oordek met C.N.-skole, waarin die Christelik-Nasionale slegs 'n opgeplakte etiket was nie, 'n vlag wat slegs die lading moes dek nie. Die opvoeding moes in waarheid Christelik-Nasionaal wees, waar Christelik Protestants-Christelik beteken, volgens die Woord van God.[2]

Dit het nie beteken dat die kind slegs in die Woord moes onderwys word nie, maar dat alle onderwys moes deursuur word

1) Postma, W.: De Vriend des Volks, 2.2.1906.
2) Dieselfde.

van die Christelike beginsels.

Die onderwyser-opvoeder moes deurdronge wees van die waarheid dat sy leerlinge die eiendom was van die Heer, Jesus Christus, en moes hulle vir Hom opvoed.

Die onderwyser moes hom verantwoordelik voel teen God, wat hom geroep het tot die heerlike werk van die onderwys.

„De Ere Gods worde bevorderd in en door elke Christelike school."[1]

„Nationaal" het beteken: volgens die tradisies van die Afrikanerdom.

Terloops moet gemeld word dat die Vereniging vir C.N.O. wel deeglik rekening gehou het met die Engelssprekende deel van die bevolking van Suid-Afrika, en aanbeveel het dat daar ook Vrye skole vir daardie bevolkingsdeel moes wees met eie taalmedium.

In die nasionale skool is die taal nommer een, en in die twede plek moet die kind die geskiedenis van Suid-Afrika leer.

Uit die voorgaande kan ons aflei watter leervakke op die program van die Christelike en Nasionale skool behoort voor te kom, te wete:

(1) Na die eis van die Christelike beginsel: Bybelse Geskiedenis, Lees en Sing.

(2) Om nasionaal te wees: die Hollandse Taal, Vaderlandse Geskiedenis en Aardrykskunde.

(1) Postma, W.: De Vriend des Volks, ~~2222~~ 2.2.1906.

(3) Na die eise van die maatskappy: Skrywe, Rekene, Engelse Taal, Tekene, Naaldwerk, Natuurkennis.[1]

Of so 'n skool nou in waarheid Christelik en Nasionaal is, sal afhang van sy gees en rigting. 'n Suiwere toets is:

(a) Opening en sluiting van die skool met gebed;

(b) Bybelse en Vaderlandse Geskiedenis deur medium van Hollands;

(c) Vir die jonger kinders moet die medium van onderwys Hollands wees.[2]

1) Postma, D.: De Vriend des Volks, 2.2.1906.
2) Dieselfde.

D. Die C.N.O. op Heidelberg, Transvaal.

Die C.N.O.-skool op Heidelberg kan beskou word as tiperend van die C.N.O.-skole wat oral in Transvaal tot stand gekom het.

Alle staatseiendom van die Suid-Afrikaanse Republiek het na die Tweede Vryheidsoorlog in besit van die Koloniale Regering gekom. Besittings van die Kerk is nie oorgeneem nie.

Op Heidelberg het die skoolgrond en geboue aan die Nederduits Gereformeerde of Hervormde Kerk behoort, maar deur 'n tegniese fout het die eiendomsreg daarvan oorgegaan aan die Milnerregering. Landdros Marais het die grond aan die Kerk geskenk om dit as skoolgebou te gebruik. Aan die skenking was die interessante voorwaarde verbonde dat die grond net as skoolgrond kon gebruik word solank as die voertaal Nederlands was. Om die samewerking van die Gereformeerde en Hervormde Kerke te kry, is daar 'n gesamentlike kommissie gevorm om die skool te beheer. Hierdie kommissie is na die oorlog nie beskou as verteenwoordigende die Nederduits Geref. of Herv. Kerk, die wettige eienaar van die grond nie, en so het die kerkskool eenvoudig 'n goewermentskool geword.

Die plan was om 'n toetssaak oor die geval te maak, maar aangesien daar meer soortgelyke gevalle was waaroor die uitspraak van die gereg sou gevra word om die eiendomsreg van die Kerk te bepaal, is daar nooit 'n saak gemaak nie.

Onder die pond-vir-pondstelsel van die Republikeinse Regering

was daar in 1895 'n skoolgebou bestaande uit drie klaskamers.[1)]

Die gewone koste soos salarisse moes uit skoolgelde betaal word met die gewone subsidie van die Regering daarby van:

5/- per leerling per maand in substanderds tot std. 2;
7/6 " " standerds 3 & 4;
10/- " " " 5 & 6.

Behoeftige leerlinge kon ender voorlegging van 'n sertifikaat van 'n Vrederegter 'n toelaag kry van 13/4 per maand, wat alle koste gedek het.

Daar was in daardie dae so min armoede onder die Boere-bevolking, dat daar baie min aansoeke was vir die volle regerings-ondersteuning.

Dit was in 1893 dat ds. A.J.Louw, 'n man wat 'n groot rol in die onderwysaangeleenthede van Heidelberg sou speel, hom daar as leraar kom vestig het.

Hy het daar vier skooltjies aangetref: een
(a) onder 'n Engelse dame,
(b) onder 'n Wesleyaanse predikant,
(c) onder 'n sekere Landsberg en
(d) onder 'n sekere Möller.

Ds. Louw het dit bewerk dat die laasgenoemde twee skole verenig is. Die gesamentlike skoolkommissie het dit nie wenslik geag om een van die twee here Landsberg of Möller hoof te maak en die ander assistent onder hom nie, en het hulle albei aan-

1) Dönges, T.A.: mededeling.

geraai om elders 'n werkkring te vind. T.A.Dönges is toe (1893) as skoolhoof benoem, met 'n assistent en 'n kwekeling.

Die ander skooltjies het leeggeloop en in 1899 het die staf van die skool uit agt leerkragte bestaan. Een van die staf was mej. De Vos, die latere mev. Broers, wat nou al so lank presidente is van die Christelik-Nasionale vereniging, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie.

Die Departement van Onderwys onder dr. Mansvelt het nie baie vertroue gehad in die nasionale sin van onderwysers wat uit die Engelse Kaapkolonie afkomstig was, soos Dönges nie.

Tydens Dönges se toevallige afwesigheid uit Heidelberg, het Inspekteur Te Boekhorst die Heidelbergse skool besoek. Toe die Inspekteur een van die skoolseuns om 'n geskiedenis- en aardrykskundeboek vra, haal die seun „Sidwell's History of South Africa" en 'n Engelse „Geography" uit sy tas. Die Inspekteur het sonder om verder navraag te doen, gerapporteer dat Engelse boeke in Geskiedenis en Aardrykskunde op die skool gebruik word. Dit was heeltemal 'n misverstand, want die betrokke seun het kort tevore uit 'n skool van die Kaapkolonie daar aangekom, en die boeke wat hy in daardie skool gebruik het, het hy aan die Inspekteur getoon. As gevolg van die inspeksierapport is alle subsidies aan die Heidelbergse skool ontneem. Dit het die skoolhoof en skoolkommissie geluk om 'n Departementele ondersoek in die saak te laat instel, wat as gevolg gehad het dat die inspek-

sierapport foutief verklaar en teruggetrek is. Maar die skool moes nietemin vir meer as 'n jaar sonder regeringsondersteuning klaar kom.

Na die Anglo-Boereoorlog was daar twee skole:

1. „Fee paying school;"
2. „Poo  school."

Die name is selfverklarend, en dis begryplik dat die arm Boerekinders meesal die laasgenoemde besoek het.

'n Sekere Mej. Basson het skoolgehou vir 'n 25-tal wesies. In Augustus 1903 is 'n publieke vergadering gehou met die doel om 'n Afrikaanse skool te stig.

'n Ryk Afrikaner het aangebied om vir 'n erf te betaal as dit vir skooldoeleindes gekoop sou word. Op daardie erf het kort daarna die Volkskool met 'n saal en vier klaskamers verrys. Hierdie gebou was baie beter en gerieflike as die vorige kerkskool, en dit was miskien ook maar goed dat die laasgenoemde deur lord Milner gekonfiskeer is.

Die Engelse skole het leeggeloop en die „Poor School" is ontbind.

Die Volkskool het op Christelik-Nasionale grondslag berus, en het baie ooreengestem met die skoolstelsel van die Republikeinse tyd.

Behalwe die gewone tyd, wat volgens rooster aan Engels gewy is, is daar elke dag ná skoolure 'n halfuur ekstra vir daardie

taal afgesonder.

Met die stigting van die Volkskool was daar in die Engelse skool ses leerlinge, wat voorberei is vir die „Cape Elementary" eksamen. Al ses het gesak. Vier van die sakkelinge het die volgende jaar saam met twee ander as leerlinge van die Volkskool die eksamen afgelê. Nie alleen het almal geslaag nie, maar twee het so hoog in die eerste klas deurgekom dat hulle studiebeurse aangebied is deur die De Graaffinstituut, 'n nie onbekende onderwysinrigting van daardie dae nie.

Die Volkskool sowel as ander C.N.O.-skole soos o.a. die Eendrachtskool, Pretoria, Volkskool, Potchefstroom, die skool op Standerton, ens., is beheer deur die Hoofkomitee te Pretoria. Hierdie Komitee het bestaan uit ds. H.S.Bosman, generaal C.F. Beyers, advokaat De Wet en mnr. A.D.W.Wolmarans.

Die Komitee het sy eie inspekteurs aangestel. Vriendenkring in Holland het aangebied om die volle salaris te betaal indien die Hoofkomitee oud-inspekteur Te Boekhorst as inspekteur wou aanstel. Die aanbod is met dank aangeneem, en mnr. Te Boekhorst is aangestel teen 'n salaris van £250 per jaar, sonder enige reistoelae. Met so 'n karige inkomste moes die inspekteur baiemaal noodgedwonge skole tevoet besoek.

Begryplikerwys is onderwysers nog swakker betaal, maar nogtans beskou mnr. Dönges die tydperk van sy C.N.O.-diens die gelukkigste van sy hele loopbaan as onderwyser. Hy glo dat

die waardering wat die onderwyser vir C.N.-onderwys van ouers en leerlinge ondervind het, vergoed het vir die swakke stoflike beloning.

„De salarissen waren over 't algemeen hopeloos klein en voor menig kollega is die tijd een herinnering van hard werk, een warm beginsel en schraalhans als keukenmeester. 't Was geen wonder, dat toen reeds hier en daar een minder bedeelde, en soms ook een minder prinsipiële, broeder overstapte naar 't goevernement."[1]

Slegs arm omgewinge kon op geldelike steun reken van die Hoofkomitee op Pretoria. Dan was die steun ook baie beperk.

Heidelberg moes self planne maak om die mas op te kom. Op 'n publieke vergadering is voorstelle aan die hand gedoen en aangeneem, namelik:

(1) die uitgee van aandele,

(2) 'n waarborglys.

Onder die eersgenoemde plan is daar geleentheid gegee vir mense om aandele in die Volkskool te neem teen £5 per jaar. So 'n aandeel het 'n persoon die reg gegee om 'n kind vir een jaar kosteloos skool-toe te stuur. Ouers wat dit verkies het, kon die gewone skoolgeld betaal. Ongetroude persone kon 'n arm kind vir elke aandeel vir 'n jaar skool-toe stuur.

Op die vergadering daardie aand is daar £350 aan aandele uitgegee.

1) Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., bls. 29.

Die ander plan, dié van die waarborglys, het ongeveer as volg uitgewerk: 'n mens teken 'n waarborg van bv. £10, en as daar op die end van die jaar 'n tekort is word van die waarborge 'n pro rata van die tekort gevra. Daardie eerste aand is reeds tussen £300 en £400 gewaarborg. Gelukkig was dit nie nodig om veel van die waarborg gebruik te maak nie.

Om die skoolfondse te sterk, is daar van tyd tot tyd basaars gehou. Op die basaars het deurgaans 'n uiters goeie gees geheers. Om 'n voorbeeld te noem: daar word 'n skaaplam opgeveil en teen die hoogste bod van £1 toegeslaan. Die lammetjie word terug gegee, en weer opgeveil. Deur herhaalde teruggee en opveil word oneindig veel meer vir die lam ontvang as wat dit werd is.

'n Normaalklas is gevorm bestaande uit vier leerlinge wat in die „Cape Elementary"-eksamen geslaag het. Hier mag net gemeld word dat hulle later die Transvaalse Derde Klas Onderwyserssertifikaat toegeken is.

Die Smutswet van 1907 het ten doel gehad die samesmelting van die C.N.O.-skole en die regeringskole. Ook die Normaalklas op Heidelberg is afgeskaf ten gunste van die Normaalskool op Pretoria, onder die volgende twee voorwaardes:

(1) 'n Normaalkursus sou nie noodwendig vry wees nie;

(2) Die eerste plattelandse Normaalskool sou op Heidelberg opgerig word.

Voorwaarde No. 1 is gestel omdat die C.N.O.-manne van siens-

wyse was dat vry onderwys nie gewaardeer word nie. Hulle ondervinding het geleer dat daar waardering was waar ouers moes betaal vir die onderwys van hulle kinders. Die stelling dat waar onderwys verpligtend is, dit ook vry moet wees, was destyds nie van toepassing nie, want die C.N.-Onderwys was vanselfsprekend nie verpligtend nie.

Aan die tweede voorwaarde is voldoen, want die Heidelbergse Normaalkollege was die eerste van sy soort op die Transvaalse platteland.

Op Opvoedingsbult op Heidelberg staan daar atlike imponerende dubbelverdiepinggeboue. Dit is almal koshuise wat die Nederduits Gereformeerde of Hervormde Kerk onder leiding van ds. A.J.Louw daar gebou het, en nog besit. In die koshuise word die Afrikanerseuns en -dogters gehuisves wat die Hoër Volkskool op Heidelberg besoek. Omdat die koshuise aan die Hollandse Kerk behoort kan daar deeglik gesorg word vir h Christelike en Nasionale gees.

In sy leeftyd het ds. Louw gevoel dat die koshuise in die toekoms, wanneer hulle afbetaal sou wees, so h sterk bron van inkomste sou wees, dat dit nie vir die gemeente sou nodig wees om vir sy onderhoud te sorg nie. Dit sou geen goeie werk afgee nie, want h gemeente, net soos h persoon, moet gedurig werksaam wees om in krag toe te neem. Net soos in die geval van die C.N.O. is uitgegaan van die beginsel dat wat niks kos nie ook niks werd is nie. Daarom is deur h kommissie uit die Kerkraad h testament

opgestel, wat vasgestel het waarvoor die opbrengste van die koshuisgeboue kon gebruik word. Die besluit van die Kommissie was dat die fondse net vir opvoedingsdoeleindes en armsorg kon gebruik word.[1]

Toe fondse in kommervolle dae ingesamel is het niemand seker gedink dat die fondse nog vir 'n volgende geslag op so 'n groot skaal as studiebeurse sou dien nie.

In die jaar 1940 is daar £1,000 aan studiebeurse toegeken. Verder is dieselfde jaar teen groot koste 'n washuis opgerig waarin slegs armblanke persone van die omgewing in diens geneem kan word.[2] Die gelde word dus vir 'n nasionale doel gebruik: hulp vir studerende Afrikanerseuns en -dogters, en opheffing van die arm Afrikanermense van die omgewing.

Die Kerk het die volle beheer oor die koshuise, en is in staat om die vir die Afrikaner so gewenste C.N.-gees te bestendig, nie alleen onder die skoolgaande kinders nie, maar ook onder volwasse behoeftige rasgenote.

1) Dönges, T.A., Oud-Hoof, Normaalkollege, Heidelberg: mededeling.
2) Dieselfde.

## HOOFSTUK 7.

### Medium van Onderwys en die Indiwidu.

Die pasgebore kind kan nie dadelik praat nie. In die eerste plek het hy nog geen bewussyn nie, hy het nog geen verstand nie; die kind dink nie, bewus voel hy niks nie, en dus het hy volstrek niks te sê nie. In die tweede plek kan die kind niks uiter nie omdat sy spraakorgane nog sleg ontwikkel is.

Die eerste dae slaap die kind byna voortdurend en dan is hy van heeltemal niks bewus nie. As hy ontwaak, word hy nie helder wakker soos ons nie, maar verkeer in 'n halwe slaap. As ons half slaap, het ons 'n slegte bui, want dit is of iets onbekends ons hinder. So is dit ook met die kind. Onder sulke omstandighede skreeu of huil die kind.

Tereg besluit die moeder dan dat iets die kind hinder of hom pyn aandoen: koue of warmte, natheid of honger. Sodra die kind droog in sy bedjie lê, of die magie vol gedrink het, hou hy op met skreeu.[1]

Die gebrabbel van die kind is 'n spel met keel, mond en lippe. Allerhande suigende klip-klapgeluide van die lippe vermaak hom. Ook word hy gewaar dat hy met sy tong teen die verhemelte en die tandvleis kan klak. Ook met die stembande begin die kind te speel. Nou slaat hy hulle oop, dan weer toe, en omdat hy in sulke oomblikke reeds reëlmatiger en dieper begin asemhaal,[2] kom daar plotseling 'n klinkergeluid.

1) Van Ginneken, Jac.: De roman van een kleuter, bls. 3.
2) Dieselfde, bls. 6.

Aan die einde van die brabbelperiode, dit is in die 8ste, 9de of 10de lewensmaand, hoor 'n mens die kind die moeder soms skielik 'n woord naseë, b.v. „mam," „didi," of iets anders, veral as moeder die kindjie met een van sy mees geliefkoosde brabbelklankies aanspreek.[1]

Die ontwikkeling van die taal van die kind val onder hierdie drie periodes. Heel in die begin skreeu of gil hy, dan brabbel hy en daarna praat hy. In die laaste geval gebruik hy eers kindertaal, wanneer hy indiwidualisties is, en later as hy die algemene taal gebruik, is hy meer gesosialiseer.[2]

Vir die kind sowel as vir die volwassene is die uiterlike woordklank onafskeidelik verbind met die betekenis, en die kind is slegs geïnteresseer in woordklanke en sal hulle naseë as hulle vir hom betekenis het.

Maar eers leer die kind 'n woordklank verstaan voor hy dit self gebruik. Baiekeer gebeur dit dat ouers spyt kry oor dinge wat hulle voor 'n kind gesê het as hulle in die waan verkeer het dat die kind niks daarvan verstaan nie. „Klein muisies het groot ore."[3]

Met 'n vreemde taal is dit ook die geval. Die kind leer die vreemde taal verstaan maar dit neem heelwat langer voor hy dit kan gebruik. As 'n kind dus 'n vreemde taalmedium moet gebruik, is daar verlies van tyd. Onder die sogenaamde dubbelmediumstelsel is daar gevolglik ook verlies van tyd hoewel in mindere mate omdat sekere vakke deur die moedertaalmedium onderwys word.

1) Van Ginneken, Jac.: t.a.p., bls. 9.
2,3) Jespersen, Otto.: Language- its nature etc., bls. 103 en 114.

Om aan die jong kind die betekenis van woorde te verduidelik baat nie veel nie, want hy verstaan die verduideliking nie. Party woorde leer hy ken omdat na die betrokke voorwerpe gewys word as hulle gebruik word. Maar die meeste woorde leer hy deur gevolgtrekkings te maak oor die betekenis van die omstandighede waarin hulle voor kom, of selfs van die verband waarin hulle gebruik word. Hierdie gevolgtrekkings is soms baie onseker, of hulle kan reg wees in die besondere geval, maar nie in 'n ander geval wat vir die kind gelyksoortig skyn te wees nie.[1)]

Hierdie selfde moeilikheid het die kind weer oor as hy 'n vreemde taal moet leer, en nog in 'n groter mate as hy die vreemde taal as medium van onderwys moet gebruik.

Hoe beter 'n persoon bekend is met die taal wat hy besig, hoe beter sal hy die woorde met hulle betekenis begryp. Dit is die psigiese sy van die saak. Daar is ook nog 'n sosiale sy. Die sosiaalpsigiese aard van die taal stel Schrijnen vir ons voor as volg: „Men heeft in de laatste jaren, zoals ik elders heb aangetoond, het sociale karakter van de taal té eenzijdig naar voren gebracht. Het gaat niet aan haar psychiese waarde uit het oog te verliezen, of ook weer het psychiese moment afgescheiden van het sociale te waarderen en omgekeerd: omdat zij is van sociaal-psychieschen aard, m.a.w. omdat zij is een kultuurverschijnsel. En de taal als werkzaamheid behoort tot het getal der vitale volkskrachten, die streven naar de volle ontplooiing

1) Jespersen, Otto: Language- its nature, developement & origin, bls. 126.

van hetgeen in de menschelike natuur als kiem besloten ligt, en die men „kultuurfaktoren" noemt."[1]

Die taal verbind die mense innerlik en maak hulle tot gemeenskapswesens. Hoe eenvoudiger en doelmatiger dus die taal is, hoe groter die aantal persone tot wie hy hom kan rig, des te digter kom hy sy praktieser ideaal naby. Die taal staan die hoogste wat die beste daarin slaag om baie te doen met min middele. Die hoogste waarde van 'n taal is sy doelmatigheid.

Dit x is vanselfsprekend dat die moedertaal die hoogste waarde besit omdat hy die doelmatigste is vir die betrokke kind.

In die Goewermentskole was die medium van onderwys Engels, wat in die oorgrote meerderheid van die Afrikaanse kinders, veral van die platteland, 'n vreemde en onbekende taal was. Die ouers het niks teen Engels as taal gehad nie, want dit is bekend dat die Afrikaner oor die algemeen gretig is om Engels te leer, maar hulle het gevoel dat die kinders met die vreemde taalmedium geen goeie vordering kon maak nie. Daarom is dit dat hulle 'n versoekskrif opgestel het waarin hulle vir meer Hollands in die skole gevra het. Toe dit vir hulle geweier is het hulle, hoewel die geldelike toestande benard was, oorgegaan tot die stigting van hulle eie C.N.O.-skole waar die moedertaal meer tot sy reg kon kom.

Hoewel nie die hoogste nie, is daar 'n ander waarde van 'n taal: dat dit bevrediging gee aan die spreekdrif, wat 'n mens veral by

1) Schrijnen, Jos.: Moderne Taalgroei, bls. 4.

kinders opmerk. Dit spreek van self dat as die kind lus het om te praat, hy daardie lus die beste kan bevredig deur die gebruik van die moedertaal. Trouens, in die praktyk blyk maar alte dikwels dat 'n leerling wat 'n vreemde taalmedium gebruik, 'n houding van terughoudenheid toon. Hy het as 't ware nie lus om te praat nie. Al verklaring hiervoor is dat hy nie tuis genoeg is in die vreemde taal wat hy as medium gebruik nie.

Die Afrikanerkind wat hom kort ná die Anglo-Boere-oorlog met Engelsmedium moes behelp in die Britse skool moes hom voorwaar soos 'n kat in 'n vreemde pakhuis gevoel het. Hoewel die tye ellendig swaar was, het die Afrikaners onder leiding van die leiers van die C.N.O. hulle eie private skole gestig.

As Afrikanerkinders onder die Britse stelsel deur medium van Hollands onderrig is, sou daar geen C.N.O.-beweging gewees het nie, al moes daar drie uur per week aan Engels gewy word. Trouens, daar is meer as drie uur per week aan Engels afgestaan in die private C.N.O.-skole.

Oor die spreekdrif laat Schrijnen hom in die volgende woorde uit: „Maar spreken- en hier laat ik de kultuurtaal in dienst van de kunst: de schone letteren, geheel ter zijde, en beperk mij uitsluitend tot de volkstaal- spreken geschiedt niet alléén uit sociale noodzaaklikheid, maar ook uit lust en welbehagen, zoals men dat het best kan waarnemen bij den Man-uit-het-volk en bij het kind, die er somwijlen behoefte aan schijnen te hebben, te

voldoen aan hun spreekdrift. Bij het kind staat de spreekdrift vrijwel op één lijn met de speeldrift. Taal is ook uiting van begrippen en gewaarwordingen."[1]

Dit sou eintlik onnodig wees om oor die belangrikheid van die gedagte, of die dinkproses, uit te wy, want die mens onderskei hom van die dier deurdat hy 'n „denkende wese" is.[2] Dit is ook in hierdie opsig dat die beskaafde mens van die barbaar verskil.[3] Dit vereis geen betoog om te bewys dat die ontwikkeling van die dinkproses die doel van die onderwys is nie.

In die Republikeinse tyd het die Uitlanders die onderwysstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek met sy Hollandse taalmedium as feitlik waardeloos bestempel vir die Uitlanderkinders. Hofrop het ek daarop gewys dat die Afrikanerouers die onderwys in die Goewermentskole met hulle Engelsmedium ook waardeloos gevind het vir die Boerekinders. Albei seksies was heeltemal reg in hulle opvatting want daar is 'n baie noue verwantskap tussen die dinkproses en die taalmedium soos ek later sal verduidelik.

Die praktiese onderwyser moet altyddeur die leerlinge aanspoor om te dink. Onverskillig met watter vak hulle besig is, moet hulle altyd aangespoor word om oorsaak en gevolg waar te neem. Dit is soms maklik om hulle dinge werktuiglik te laat leer, maar daar sit min waarde in. Nie die insameling van feitekennis nie, maar die gestadige ontwikkeling van die dinkproses

1) Schrijnen, Jos.: t.a.p., bls. 5
2) Dewey, John: How we think, bls. 14.
3) Dieselfde, bls. 16.

moet as doel gestel word.

Daar is 'n nou verwantskap tussen taal en die gedagte. Sommige meen dat taal en gedagte identies is; andere beskou dat woorde die klere, of die bekleding van die gedagte is, noodsaaklik nie vir die gedagte self nie, maar slegs om dit oor te dra. 'n Ander sienswyse hou Dewey self daarop na. Hierdie sienswyse druk hy so uit: „While language is not thought it is necessary for thinking as well as for its communication."[1] Die taal is derhalwe die werktuig van die gedagte.

Vir die Afrikanerkind is die werktuig van sy gedagte sy moedertaal: Afrikaans. Die Afrikanerkind het onder die Milnerstelsel geen moedertaalonderwys gehad nie.

Om te sê dat taal noodsaaklik is vir die gedagte, kom daarop neer dat tekens of woorde onontbeerlik is vir die gedagtegang. Die

1) Dewey, John: t.a.p., bls. 170.

gedagte het nie met blote dinge te doen nie, maar met hulle betekenis, hulle begrippe wat hulle voorstel. Beskou hierdie voorbeeld: „Hund, dog, hond": dit maak nie saak wat die uiterlike teken is nie, as die betekenis maar net duidelik is.

Vir die Afrikanerkind het die woord „hond" betekenis, vir die Engelse kind „dog", en vir die Duitse kind „Hund." Die Engelse en Duitse woorde het vir die Afrikaanse kind geen betekenis nie„; hy ken hulle nie. Deur die bekende Afrikaanse woord word daar assosiasies opgeroep; hy sien in sy verbeelding 'n viervoetige dier wat sy stert swaai, of knor, of blaf, na gelang van omstandighede. Nóg die woord „Hund" nóg die woord „dog" roep daardie assosiasies op, want hulle het vir hom geen betekenis nie.

Hierdie assosiasiewerking beskryf William James as volg:[1)] „The gist of the matter is this: Every impression that comes in from without, be it a sentence which we hear, an object of vision,

1) James, William: Talks to teachers on Psychology, bls. 157.

or an effluvium which assails our nose, no sooner enters our consciousness than it is drafted off in some determinate direction or other, making connection with the other materials already there, and finally producing what we call our reaction. The particular connections it strikes into are determined by our past experiences and ‚associations' of the present sort of impression with them. If, for instance, you hear me call out A,B,C, it is ten to one that you will react on the impression by inwardly or outwardly articulating D,E,F. The impression arouses its old associates: they go out to meet it; it is received by them, recognized by the mind as ‚the beginning of the alphabet.' It is the fate of every impression thus to fall into a mind preoccupied with memories, ideas, and interests, and by these it is taken in. Educated as we already are, we never get an experience that remains for us completely nondescript: it always reminds of some thing similar in quality or of some context that might have surrounded it before, and which it now in some way suggests. This mental escort which the mind supplies is drawn, of course, from the mind's readymade stock. We conceive the impression in some definite way. We dispose of it according to our acquired possibilities, be they few or many, in the way of ‚ideas'. This way of taking in the object is the process of apperception. The conceptions which meet and assimilate it are called by Herbart the ‚apperceiving mass'. The apperceived impression is engulfed in this, and the

result is a new field of consciousness, of which one part (and often a very small part) comes from the outer world, and another part, (sometimes by far the largest) comes from the previous contents of the mind."

Mense wat so maklik die gebruik van 'n vreemde taal as medium aanbeveel, of selfs die gedeeltelike gebruik daarvan soos die Provinsiale Onderwyskommissie van Transvaal,[1] hou glad nie 'bekening met die appersepsiemassa van Herbart nie. Die Onderwyskommissie wat gedeeltelik tenminste uit deskundiges op die gebied van onderwys bestaan het, het in sy meerderheidsrapport tweetaligheid as ideaal in ons land voorgestel. Om die ideaal te bereik is dit volgens die Kommissie nodig dat albei tale as voertale gebruik word in alle skole. Hierdie aanbeveling van die gebruik (hoewel gedeeltelik) van 'n vreemde taal as medium van onderwys is 'n veronagsaming van die genoemde sielkundige beginsel, appersepsie.

Op dieselfde manier het die Milnerstelsel met sy Engelsmedium vir Boerekinders geen rekening gehou met die appersepsiebeginsel nie. Die C.N.O.-manne het gevoel dat as 'n Afrikanerkind sy onderwys ontvang deur medium van Engels daar geen voordeel getrek word uit sy bestaande appersepsiemassas nie. Van hierdie appersepsiemassas, wat vergelyk kan word met 'n vrugbare bedding word geen gebruik gemaak nie deurdat gedagtes wat heeltemal vreemd is daaraan, daarop gesaai word. Omdat die Milnerskole in die opsig

1) Verslag van die Prov. Onderwyskommissie, bls. 231.

van weinig nut vir die Afrikanerkinders was, het die C.N.O. hulle eie skole gestig.

Appersepsie is die resultaat van die assosiasie van begrippe. Hierdie resultaat is ŉ soort van samesmelting van die nuwe met die oue, waarin dit baiekeer onmoontlik is om te onderskei watter een van die twee faktore die vernaamste is.

In alle appersepsiewerkings van die verstand is daar ŉ bepaalde wet waarneembaar, die wet van besparing.[1] As ons nuwe begrippe opneem dan probeer ons instinkmatig die reeds bestaande voorraad begrippe so min as moontlik te versteur. Ons probeer altyd om ŉ nuwe begrip so te bepaal dat dit saamsmelt met wat ons reeds ken. Ons haat enigiets wat absoluut nuut is, enigiets sonder naam, en waarvoor ons ŉ naam moet vind. Dan neem ons maar die naaste naam, hoewel dit onvanpas is. ŉ Kind wat sneeu vir die eerste maal sien, sal dit suiker, of wit skoenlappers noem. Caspar Hauser het die eerste ganse wat hy gesien het perde genoem.[2] Met die oog op hierdie feite was dit onbillik om die vreemde Engelse taalmedium op die Boerekinders af te dwing na 1902.

1) James, William: t.a.p., bls. 159.
2) Dieselfde.

Ons appersepsiemassas laat my dink aan die ware wat die winkelier in sy rakke pak. Die winkelier haat dit dat sy klassifikasie versteur word. Let op wat Dewey sê hoe ons aan die klassifikasie van ons begrippe kom. Hy sê: „The chief intellectual classifications that constitute the working capital of thought have been built up for us by our <u>mother tongue</u>."[1)]

Gee die kind 'n vreemde taalmedium, en jy oortree dadelik die bowegenoemde ekonomiese wet. Jy noodsaak die kind om weer 'n splinternuwe klassifikasie te maak van sy begrippe. Behalwe die onplesier wat jy hom aandoen, plaas jy hom terug. In plaas van dat hy kan voortgaan, moet hy nou eers weer 'n nuwe klassifikasie van sy begrippe maak.

Veral in die laer klasse is die gebruik van 'n vreemde taalmedium uiters tydrowend. Tog het Afrikanerouers na die verwoestende Vryheidsoorlog in sommige gevalle noodgedwonge vir goewermentsonderwys gevra omdat dit kosteloos was. In hierdie verband vertel I.Wüst van Krugersdorp hoe hy in 1903 'n goewermentskool op Doornpoort, Rustenburg begin het. Die welgestelde ouers wou 'n C.N.O.-skool hê, maar die armes, wat soos gewoonlik die meeste kinders gehad het, het die vrye goewermentsonderwys verkies. Eersgenoemdes het hulle die goewermentskool laat welgeval omdat hulle geglo het dat die onderwyser ('n Hollander) wel sou sorg vir die regte gees in die skool.

Met 'n vreemde taalmedium sal die kind veral in die begin, meer

1) Dewey, J.: t.a.p., bls. 175.

aandag moet gee aan woorde as die geval sou wees met die moedertaal. Minder aandag sal derhalwe aan die onderwerp gegee kan word.

By die onderwys moet uitgegaan word van die bekende na die onbekende. As die kind skooltoe kom, moet ons probeer om gebruik te maak van assosiasies wat reeds gemaak is. Ook moet ons bou op die belangstelling van die kind. Hy het reeds sekere taal-assosiasies en 'n mate van kennis deur die taal verkry, en daarmee geassosieer. Dit spreek van self dat die opvoeder van hierdie omstandigheid behoort gebruik te maak.[1)]

Die verstandige opvoeder sal bou op die reeds bestaande begrippe, wat [illegible] kind besit. Hy sal gebruik maak van die bestaande assosiasies. Veronderstel die kind moet die woord AAP leer lees. Verder veronderstel ons dat die woord by 'n prentjie van 'n aap staan. Die kind [illegible]osieer die prentjie met 'n werklike aap, wat hy tevore gesien het. Die woordklank AAP is ook nie onbekend nie. Al wat oorbly, is om die geskrewe woord AAP in verband te bring met die illustrasie en die woordklank.

As 'n Afrikanerkind die Engelse woord „APE" moet leer lees, mis hy die begrip wat uit die bekende woordklank ontspruit.

Die dinkproses van selfs die volwassene word nadelig beïnvloed deur die gebruik van 'n vreemde medium. In so 'n geval moet ons meer aandag gee aan die taal. en gevolglik minder aan die onderwerp onder bespreking. Ons kom gedurig taalmoeilikhede teë;

1) Schmidt, C.H.: The Language Medium Question, bls. 36.

ons moet stilstaan en hulle eers oorkom, en daarna kan ons eers weer voortgaan met ons gedagtegang. Die gedagtegang sal mank gaan aan kontinuïteit en die belangstelling sal afneem, want ons belangstelling hang daarvan af of ons sonder stoornis ons aandag aan die onderwerp kan gee.

As ons lees of luister na iets wat in ŉ vreemde taal uitgedruk word, dan moet ons noukeurig aandag gee om,

(a) die woorde te verstaan,

(b) die woorde met hulle betekenis te assosiëer,

(c) en die inhoud van die geheel te volg.

Die woordorde is vreemd, en onbekende woorde het as gevolg dat ŉ mens naderhand die betekenisinhoud van ŉ stuk moet raai of aflei.

Volgens die rapport van die Direkteur van Naturelleonderwys gaan dit in die Naturelleskole baie swak omdat ŉ vreemde taal-medium daar in swang is. Ek haal aan uit die rapport van 1922: „The serious elimination of pupils from native schools and the high percentage of failures in the departmental examinations are largely due to the insistence upon English as the medium.

Pupils who fail at the Inspector's examinations are naturally inclined to leave school, while even those who survive become „tired" of a curriculum which, because of its reference to foreign things in a language imperfectly understood, makes no appeal to them."[1)]

As ons h vreemde taal gebruik, het ons hoërop gesê, moet ons aandag gee aan beide die taalmedium en die betekenisinhoud van die onderwerp. Daar is h gedurige heen en weer swaai van die aandag van die een op die ander. Dit het as gevolg vermoeienis, wanneer die leerling in die meeste gevalle moedeloos word en tou opgooi. Buitendien, sodra die leerling begin moeg word, verloor hy die vermoë om te konsentreer. Dit is bekend dat as ons begin moeg word, enige nietigheidjie ons aandag kan aftrek van die voorwerp waarop ons probeer konsentreer. Dinge waarvan onder normale omstandighede geen notisie geneem word nie, trek dan ons aandag, soos byvoorbeeld die reën wat op die sinkdak val, of h verbygaande trem.

Dit spreek van self dat ons nie doelmatig kan dink as ons vermoeid is nie. Ons dink foutief en die gedagtegang is langsaam. Die vermoë om te memoriseer, word nadelig beïnvloed. Hierdie moeilikhede het ons almal ongetwyfeld ondervind, veral, b.v. as ons verstandelike werk aangepak het nadat ons aan h harde voetbalwedstryd deelgeneem het.

Dit is maar die onmiddellike en direkte gevolge van vere

1) Schmidt, C.H.: t.a.p., bls. 36.

moeienis. Daar is 'n ernstiger gevolg, hoofpyn, of nog erger, as ons nie versigtig is nie, senuwee-instorting. Te veel huiswerk het al hierdie gevolge teweeggebring, en daarom word dit, veral in die laer klasse, gedurig deur die Departement van Onderwys by wyse van omsendbrief belet.

Dit is makliker vir kinders om hulle te oorwerk as hulle 'n vreemde taalmedium gebruik, as wanneer hulle hulle eie taal besig.

Van kleins af is ons huis en al ons ervarings met 'n sekere taal geassosiëer. Ons maats praat dieselfde taal as ons. Ons dink in die taal, en al ons gedagtewisseling vind plaas in dieselfde taal. Maar as ons nou op skool 'n ander taal as medium moet gebruik, dan is dit asof ons in 'n ander atmosfeer gedompel word. Al die vroeëre assosiasies is nou van geen die minste betekenis nie. Die Boerekinders wat in die Kampskole en later in die Goewermentskole moes worstel met 'n vreemde taalmedium is werklik te bejammer. Die manne wat verantwoordelik was vir die destydse onderwysstelsel het die oog gehad nie op die opvoeding van die Boerekinders nie, maar op hulle anglisering.

Baie van die studente van daardie dae het uitgeblink in die openbare eksamens, selfs bokant hulle meer bevoorregte eentalige mededingers. Hierdie feit word weleens deur andersdenkendes misbruik om te bewys dat die medium van onderwys, veral in die hoër klasse en aan die universiteit, nou nie so danig daarop aankom

nie. Dit is ongelukkig ŉ saak hierdie wat hom nie tot statistiese behandeling leen nie. Dit is onmoontlik om die menslike gees, soos die menslike liggaam, op die ontleedtafel te plaas om vreemde of kwaadaardige gewasse te ontdek. As dit moontlik was, sou ons seker by baie Engelsmediumopgeleide Afrikaners nog die merktekens vind van ŉ denasionaliseringskanker. Daardie resultaat het die manne van die C.N.O. in die Milnerskole voorsien, en daarom is dit dat hulle onder die ongunstigste omstandighede denkbaar hulle eie skole gestig het.

Die Vereniging van Hoofde van Afrikaansmediumskole op die Witwatersrand gee kortliks as volg die redes waarom beweer word dat die Afrikanerkind in die Afrikaansmediumskool behoort opgelei te word:[1]

1. Die kind gaan voort in die taal waarin hy opgegroei het, daar is geen oorplanting van die boompie nie, hy staan en bly groei in Vaderlandsbodem. Dis die taal wat hy verstaan, en dis al middel waardeur ŉ mens tot sy verstand kan spreek.
2. Opvoeding is reeds ŉ moeilike taak, vir beide leerlinge en opvoeder. Moet ŉ mens dan nog allerhande hindernisse in die pad van die kind en die onderwyser stel? Of moet by der hand geneem word die middele wat op die duidelikste wyse sal spreek tot die kinderverstand?
3. In die Afrikaansmediumskool het die Afrikanerkind die beste geleentheid en die skoonste kans om tot ontwikkeling te kom,

1) Vereniging van Hoofde van Afr. med. skole: Moedertaalpamflet 1936, bls. 13.

omdat sy siel nie nog gekwel word deur onverstaanbare dinge wat hy eers nog moet vertaal in sy gedagte voor hy dit tot uitvoer kan bring. nie..

In die Afrikaansmediumskool is die Afrikanerkind tussen sy gelykes, in h omgewing waarin hy kan ontwikkel en vorder na sy beste vermoë, en hy ly nie onder h minderwaardigheidsgevoel nie. Hy is tuis waar hy is. Hy is nie h remskoen nie, en dit is hy onwillekeurig in h vreemde omgewing en met h vreemde taal.

En al sou h ouer ook nog tevrede wees dat sy kind in h Engelsmediumskool is, en tevrede wees dat die kind daar vorder en selfs hoog staan in sy klas, dan nog bereik die kind daardie peil en behaal hy daardie sukses ten koste van sy selfrespek en op hoër ouderdom as die Engelse kind, soos reeds bewys is met die gevolg dat die Afrikanerkind van die staanspoor af gekniehalter is en bly. As dieselfde kind in h Afrikaansmediumskool was, sou hy deur middel van sy eie taal en h simpatieke omgewing baie meer gevorder het, en as hy h skrander kind is, sou hy in h Afrikaanse skool meer kans gehad het om uit te blink, selfs h briljante leerling en student geword het.

4. Dr. Eybers, Onder-Sekretaris van die Unie-Departement van Onderwys, het gesê: „Dis moeilik om te dink, dat h ouer kan dink, dat sy kind kan leer dink, as hy in h vreemde taal moet leer dink."

Die skool se vernaamste en tewens moeilikste taak is om die kind te leer dink, en as die kind en die onderwyser dan nog van beide kante gestrem en belemmer word in so 'n delikate geestesarbeid, hoe kan daar dan die gewenste vordering en sukses wees?

Om 'n kind te leer dink, en dis die taak van die onderwyser, is nodig:

(a) Selfvertroue;

(b) 'n Gunstige omgewing;

(c) Simpatieke leiding;

(d) 'n Taalskat.

Waar moet die kind nou die selfvertroue vandaan haal as hy lankal uitgevind het en weet dat hy nie so goed is as sy makkertjies in die taal wat die onderwyser praat nie. Hy sal soos 'n steeks perd, half sku, skaam en verleë, sukkel en ruk en pluk, en dan maar uit blote mismoedigheid weer laat los e vassteek, met dalk nog 'n pak boonop!

Waar sal hy 'n gunstiger omgewing hê as tussen kinders wat sy eie taal praat, in plaas van voortdurend in 'n hoekie te moet skuil, bang om vrypostig uit sy skulp te kruip, en in so 'n posisie gehou, net omdat hy 'n bietjie vreemde vernis moet optel en 'n sogenaamde fynheid moet aankweek.

Waar sal hy meer simpatieke leiding ontvang as daar waar hy deur iemand opgelei word wat direk tot sy hart kan praat, en met wie hy uit sy hart kan praat, en sy moeilikhede sonder hindernis kan meedeel.

Sy taalskat, hoe min b(duidend dit ook al skyn, bestaan reeds al uit honderde woorde as hy op skool kom. Hierdie skat moet hy weggooi en vaarwel sê, en vertrap. En hy word lastig geval en gehinder en gekwel met ŉ taal wat hy nie kan verstaan nie, en wat hy van nuuts af moet aanleer.

Tot watter doel? Net om die Afrikanerkind te verengels.

Hierdie sogenaamde anglisasieproses was in werklikheid ŉ ontstammingsproses, ŉ geestelike verslawingsproses. Deur middel van ŉ spesiale Engelse onderwysstelsel moes dit op ons kinders toegepas word om hulle nasionale bewussyn te vernietig, om hulle te denasionaliseer en van hulle halfgebakte Engelse te maak. Dit was die slim uitgewerkte plan wat beoog was met die Britse *onderwysstelsel* in Suid-Afrika. Tot ŉ mate het hulle ook daarin geslaag, met noodlottige gevolge vir ons land en volk.[1)]

ŉ Goeie voorbeeld van verengelsing het ons in hoofregter J.H. de Villiers (… …ere lord). In verband met die Afrikaanse Taalbeweging … De Villiers in ŉ redevoering gehou op 13 Mei 1876 bedui. .at Engels tog maar die toekomstige landstaal sou wees ten spyte van wat vir Hollands gedoen word.[2)]

Ander voorbeelde van verengelste Afrikaners vind ons onder die Stockenströms, Cloetes en ander bekende geslagte.

By enige denkbare volk op aarde mag opvoeding tog nooit ŉ ander as hierdie doel hê nie, nl. die vorming van die selfstandig

1) De Villiers, W.P.: Die verhouding tussen Boer, Brit en Bantoe (ongepublisseerde manuskrip, aangehaal deur Kemp: Die pad van die veroweraar, bls. 78).
2) Bot en Kritzinger: Letterkundige Leesboek, bls. XVII.

denkende en oordelende mens tot die diens van sy eie groep. Dit spreek egter vanself dat geen mens ooit iets kan verrig, ja, selfs kan probeer, tensy hy van die besit van die nodige bekwaamhede vir die taak oortuig is nie. Bewussyn van eie waarde is dus die voorvereiste vir alle opvoeding. En nou is daar alleen een taal waardeur die mens hom self so kan leer ken, dat hy tot insig in sy menslike waarde kan kom, en dit is die moedertaal. Waar h kind gedwing word om deur middel van h vreemde taal sy onderrig te ontvang, moet dit by hom die indruk veroorsaak dat hy tot h minderwaardige groep behoort en dat hy dus noodwendig h minderwaardige wese is. Op hierdie gebied heers daar onder opvoedkundiges geen verskil van mening nie. Die feit dan dat hoogontwikkelde Britse opvoedkundiges soos Sargant en Adamson in die skole wat hulle in ons land vir die opleiding van Boerekinders opgerig het, alle nasionale bewussyn onderdruk het en die kind geleer het om sy volk, sy kultuur en sy taal te minag, is h oortuigende bewys dat die doel van die Britskoloniale onderwysstelsel nie was die opvoeding nie, maar die geestelike verslawing van die Boer.[1)]

Die manne van die C.N.O. het sterk beswaar gemaak teen hierdie geestelike verslawing van die Boer. Daarom het hulle, hoe benard die ekonomiese omstandighede ook al was, liewer hulle eie skole gestig.

Die oordeelsvermoë van h mens hang af van sy geestelike ver-

1) De Villiers, W.P.: t.a.p., Kemp, bls. 79.

band met sy eie volk. Is die geestelike verband egter vernietig, is alle selfstandige oordeel uitgesluit; die arme wese is nou afhanklik van die beoordelinge van ander en moet dus eenvoudig die voorskrifte van ander volg.

Daarom beteken denasionalisasie geestelike verslawing. Vir enigeen wat nog sy oë kan en wil gebruik, moet dit duidelik word dat die gedenasionaliseerde Boer nie meer die oordeelsvermoë van sy voorouers besit nie. Maar is die vooropgestelde doel van die Britse onderwysbeleid nie die ontstamming van die Boer nie?

Die skool wat die Brit op die Boer afgedwing het, het die persoonlike en nasionale waardebewussyn probeer vernietig, individualiteit en inisiatief onderdruk, die kind uit sy eie natuuromgewing en stamverband losgeruk, en deur die inpomp van kennis wat die kind nooit in verband met sy eie lewe sou kan bring nie, die versameling van daardie kennis verhinder wat die kind van sy eie maatskappy sou kan verkry het en wat hom in staat sou gestel het om as geestelik en ekonomies selfstandige mens sy eie lewe op die platteland te lei.

Ons sit vandag nog opgeskeep met die noodlottige gevolge van daardie verderflike onderwysbeleid. Die produk van daardie onderwysstelsel is mense wie se name alleen nog hulle Afrikaanse afkoms verraai.

Die enigste teenwig teen hierdie denasionaliseringsproses is die Afrikaansmediumskool vir die Afrikanerkind. Hierdie skool.

die bestaan waarvan tans onder bedreiging staan, is h uitvloeisel en voortsetting van die C.N.O.-skool.

# Hoofstuk 8.

## Samevatting.

Gaandeweg het ons die beginsels wat die aard van die C.N.O.-stelsel bepaal behandel en ons het ook gewys op die doel waarna die manne van die C.N.O. gestrewe het. Hulle het as doel gehad die vorming van 'n sekere soort van mens met 'n sekere lewensbeskouing. Ons sal daardie beginsels kortlike saamvat en ook kortlike die doel van C.N.O. omskrywe, en wel onder die volgende hoofde:

1. Die Vrye Skool en die Staatskool.
2. Skoolbeheer.
3. Godsdiensonderwys.
4. Nasionale Onderwys.
5. Doelstelling van die C.N.O.

1. Die Vrye Skool en die Staatskool.

Die C.N.-skool is die Vrye Skool. Daaronder verstaan ons dat die skool vry is in die sin dat die ouers die volle verantwoordelikheid dra vir die opvoeding van hulle kinders. Die Vrye Skool is heeltemal vry van enige inmenging van die kant van die Staat. Volgens die doopsformulier beloof die Christelike (Kalvinistiese) ouer om die kind op te voed, of te laat opvoed. As die ouer nie in staat is om die opvoeding van sy kind te aanvaar nie, dan is dit die plig van die Kerk om dit te doen. Eers wanneer albei, die ouer en die Kerk, nie in staat of onwillig is

om daardie deur God opgelegde plig te vervul nie, eers dan mag die Staat ingryp. Onder gewone omstandighede moet die Staat die Vrye Skool subsidiëer.

In verband met die beginsel van die Vrye Skool wat gen. Smuts in sy wet wou handhaaf, het hy hom in ɦ toespraak op die jaarvergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging as volg uitgelaat: „De omwerking van de bestaande onderwijswet moet gezond zijn en we verwachten de steun van de bevolking. De schoolkommissies moeten de onderwijzers aanstellen en toezicht op het onderwijs houden, zodat alles met recht toegaat en dan is de Regering net daar om te kontroleren. En als het tegenwoordig stelsel zo kan omgewerkt worden, waarom kan het C.N.O. dan voortaan niet saamgaan? De Regering zal net betalen en inspeksie houden."[1]

Die skoolkommissies, die verteenwoordigers van die ouers, moes nie net die onderwysers aanstel nie, maar hulle moes ook toesig hou oor die onderwys, „zodat alles met recht toegaat." Die ouers het dus die volle verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders.

Volgens die opsteller van die Smutswet is dit die plig van die Regering om vir die onderwys te betaal en inspeksie te hou.

Die C.N.-skole was slegs ɦ voortsetting van die Republikeinse skole soos blyk as ons die beginselprogram van die C.N.O. met die Republikeinse onderwyswette vergelyk.

1) T.O.: Onderwysblad vir C.N.O., 1 Mei 1907.

Die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het ook die saak van die opvoeding heeltemal aan die ouers oorgelaat, presies soos die C.N.O. later. Dit blyk uit die sogenaamde Manseveltwet:[1] „De Regering der Zuid-Afrikaansche Republiek, uitgaande van het beginsel dat het de taak is der ouders te zorgen voor het onderwijs hunner kinderen, beperkt hare bemoeiingen met het schoolwezen:

(a) tot het aanmoedigen van particulier initiatief (onderneming) bij de burgerij door geldelike bijdragen ter ondersteuning van scholen;" ens.

(b) gaan oor „schooltoesicht" en

(c) oor „stichten van ene inrichting voor hoger onderwijs."

In antwoord op 'n versoekskrif van ouers om die beheer van skole onder die Goewermentskoolstelsel ná die Anglo-Boere-oorlog, was die antwoord dat die Goewerment beter as die mense van die omgewing geweet het welke onderwysers aangestel behoort te word. Verder is daarop gewys dat die Regering besig was om Normaalskole op te rig waarin jong manne en vroue van Suid-Afrika opgelei sou kon word. Die vrees vir die invoer van 'n oorheersende oormag van onderwyskragte van oorsee was dus ongegrond.[2]

1) Wet No. 8 van 1892, Artikel 1.
2) Malherbe, E.G.: t.a.p., bls. 319.

Hierdie antwoord was nie tersake nie. Die vraag was nie of die owerheid beter as die omgewing kon oordeel oor die bevoegdheid van 'n onderwyser nie. Onder die C.N.O.-stelsel het die ouer die reg van aanstelling van die onderwyser, of hy 'n landsseun of van oorsee is, onderworpe aan die goedkeuring van die betrokke owerheid. Of daardie owerheid 'n Goewerneur van 'n Kroonkolonie is, en of hy 'n provinsiale Departement van Onderwys is, maak geen onderskeid nie.

2. <u>Skoolbeheer.</u>

Die Vrye Skool word deur die ouers beheer, maar in die Staatskool is die ouers neutraal of passief.

Tydens die onderhandeling oor amalgamasie van die C.N.O.- en Staatskole was dit 'n baie ernstige saak vir die manne van die C.N.O. dat hulle in daardie geval die beheer van skole deur die ouers sou moes prysgee.[1)]

Ons het in 'n vorige hoofstuk gesien dat dit uit 'n geldelike oogpunt baie swaar gegaan het om die skole vir C.N.O. aan die gang te hou, en dit het geskyn of amalgamasie uitkoms sou gee.

1) Dönges, T.A.: mededeling.

Toevallig was 'n Booregeneraal in die persoon van generaal J.C. Smuts, wat die C.N.O.-beweging nie onsimpatiek was nie, Minister van Onderwys in die Regering van die destydse Transvaalse Kolonie. Generaal Smuts het die C.N.O.-manne belowe dat hy in sy voorgenome skoolwet voorsiening sou maak vir ouerlike beheer. Hierdie voorsiening is gemaak in die vorm van skoolkommissies, wat as volg saamgestel is:

„'n Skoolkommissie bestaande uit nie minder as vyf, en nie meer as sewe lede, kan gekies word vir enige openbare skool deur ouers, wat woonagtig is binne die skooldistrik of binne drie myl van die grense daarvan, en wat op die tyd van die verkiesing een of meer kinders op die register van so 'n skool ingeskryf het, en elke sodanige kommissie sal in funksie bly gedurende 'n tydperk van drie jaar."[1]

Maar „'n Raad (Skoolraad) kan enige openbare skool of groep openbare skole bestuur, hetsy regstreeks of deur middel van 'n subkomitee uit sy eie lede, en sal vir daardie doel al die bevoegdhede en pligte hê van skoolkommissies in terme van hierdie wet."[2]

Wat die skoolbeheer betref was die Smutswet dus 'n kompromis, want 'n skool kon 'n skoolkommissie hê onder sekere omstandighede, maar dit was ook moontlik vir 'n skool om deur die Skoolraad beheer te word. Die ouers het in so 'n geval geen seggenskap in sulke belangrike sake as die aanstelling van onderwysers nie.

1) Wet No. 25 van 1907, Artikel 67 (1).
2) Dieselfde, Artikel 68.

Trouens „die bevoegdhede en pligte van 'n kommissie is om so 'n aandeel in die benoeming, of skorsing of ontslag van onderwysers te neem soos voorgeskryf is in artikels ag-en-sewentig, tagtig en een-en-tagtig."[1]

Dat daar baie skole in Transvaal is wat nie deur skoolkommissies beheer word nie, is die bevinding van die Provinsiale onderwyskommissie, en die aanbeveling is dat hierdie stand van sake af te keur is. Ek haal aan uit die Verslag:

„Die mate waartoe die ouers van skoolgaande kinders gebruik gemaak het van die reg om skoolkommissies te benoem, verskil aanmerklik in die distrikte van die Provinsie. In sommige van die plattelandse distrikte waar die onderwys goed gevestig is, is die skoolkommissie 'n vaste instelling en word selfs die kleinste skool op hierdie manier verteenwoordig. In ander distrikte, veral in die groter stadsgebiede, het omtrent die helfte van die skole geen skoolkommissies nie.

Op hierdie stadium wil die Kommissie die dringende noodsaaklikheid beklemtoon vir die bestaan van die een of ander owerheid wat die ouers verteenwoordig, om elke skool regstreeks te beheer: ‚Die Ouerraad van die........-skool, soos ons dit wil noem.'

Die ouer is die persoon wat die diepste belang het by die skool. Sy belang is nie alleen die akademiese belangstelling van die goeie burger nie, of van die professionele opv ikundige wat die beste vir die kinders van die volk nastreef nie; vir hom

1) Wet No. 25 van 1907, Artikel 71 (3).

is dit die karakter en die vooruitsigte van sy kind wat op die spel is. 'n Beleid, wat toelaat dat hierdie sluimerende energie onontwikkeld bly, is verkwistend. Die Ouerraad is die gepaste middel om hierdie energie tot voordeel van die skool saam te trek. (Hierdie suggestie is in ooreenstemming met die C.N.O. se beginsel van ouerlike beheer.)

Om die onderwys doeltreffend te maak, moet dit gesteun word deur harmoniese samewerking tussen die huis en die skool. 'n Stelsel wat die invloed van die huis verontagsaam, sien nie alleen 'n belangrike hulpmiddel oor die hoof nie, maar laat dikwels 'n negatiewe krag toe om die pogings van die skool te verydel. Die Ouerraad kan 'n skakel smee tussen die huis en die skool wat albei hierdie heilsame invloede sal verenig om die nuwe geslag te vorm. 1)

Volgens die Provinsiale Onderwyskommissie het die plattelandse skole verteenwoordigende skoolkommissies, waardeur die ouers beheer oor die skole het. Dit is die Afrikanerouers wat 'n mens op die platteland aantref. Hulle glo aan ouerlike beheer soos deur die C.N.O. vasgestel in die artikel wat ek tevore aangehaal het.

Die ouers, in die stadsgebiede waar daar minder skoolkommissies bestaan volgens die Provinsiale Onderwyskommissie, is vir 'n groot gedeelte Engelssprekend. Net soos die Uitlanders van voor 1900 en dié gedurende die Milnerregime het hulle geen belang in ouerlike beheer nie.

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, paragrawe 117, en 118.

Generaal Smuts het in Wet No. 25 van 1907 albei seksies van die bevolking bevredig. Die Afrikanerouers kan hulle ouerlike beheer hê deur 'n skoolkommissie. Die Engelssprekende ouers kan die beheer van hulle skool aan die skoolraad oorlaat.

III. Godsdiensonderwys.

Volgens Christelike beginsels is die ouers die persone wat geroepe is om die kinders, wat aan hulle toevertrou word deur die Here, op te voed in die vrese van die Here. Dit onderneem en beloof die ouers by die doop van die kinders. Die groot gedagte in die doop is dat die ouers die kinders van God ontvang het in Sy Genadeverbond, dat die kinders, daarom as heilige verbondskinders, die eiendom van die Verbondsgod, moet beskou word.

As Verbondsgod beloof die Here om vir die kinders te wees 'n God van saligheid, soos die doopformulier dit duidelik maak. Maar dan eis die Here dat die kinders sal bestaan as Sy kinders, dat hulle die enige God, Vader, Seun en Heilige Gees sal aanhang betrou en liefhê van ganser harte, van ganser siele, van ganser gemoed; dat hulle die wêreld sal verlaat, die oue natuur sal doodmaak, en in 'n nuwe godsalige lewe sal wandel.

Van die ouers word verwag dat hulle die kinders omtrent die beloftes en die pligte sal onderwys. Die ouers beloof om die kinders, as hulle hulle verstand kry, in die leer te onderwys of te doen en te help onderwys. Die plig van die ouers is om

die kinders te leer dat die hoogste geluk daarin bestaan om die eiendom te wees van die Drie-enige God, en die hoogste roeping om God op die beste wyse te dien en te verheerlik.[1]

Dit is feitlik die doel van Christelik-Nasionaal Onderwys.

Die Milnerskole het ten opsigte van die Godsdiensonderwys neutraal gestaan. Net so die skole van die Council of Education.

In daardie skole is voorsioning gemaak vir Bybelse geskiedenis. Die geskiedenis van die volk van Israel is nog nie godsdiensonderwys nie. Die verhaal van die gebeurtenisse uit die Nuwe Testament op 'n objektiewe manier voorgestel, is ook nie godsdiensonderrig nie. Onder die Milnerskoolstelsel was dit nie 'n vereiste dat die onderwyser lid van die kerk of selfs 'n Christen moes wees nie. Al was 'n onderwyser lid van die een of ander kerk mog hy nie in sy Bybelse geskiedenis enige dogma of leer onderwys nie. Daarom sê ons dat die Milnerskole ten opsigte van die Godsdiensonderwys neutraal gestaan het.

Die Smutswet het probeer om albei hierdie rigtings te bevredig, want onder „Bepalings met betrekking tot Godsdiensonderwys en Vrystelling daarvan, sal in elke openbare skool:

(1) die skooldag geopen word met gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel;

(2) Onderrig in Bybelgeskiedenis gegee word binne die eerste Halfuur van elke skooldag;

(4) geen leer of dogma eie aan enige godsdienstige gemeente of

1) Postma, W.: De Vriend des Volks, 11.8.1905.

seute in enige openbare skool onderwys word nie."[1]

Die opening van die skooldag met gebed, Bybelgeskiedenis en selfs die lees van 'n gedeelte van die Heilige Skrif, is, gesien uit die standpunt van die Christelike ouer, nie Godsdiensonderwys nie. Bowestaande subseksie (4) is teenstrydig die opvattinge van die manne van die C.N.O.

Die Provinsiale Onderwyskommissie onderskryf, mynsinsiens, die standpunt van die C.N.O.

Die volgende is die uitgangspunt van die Kommissie:

„Die Kommissie is daarvan oortuig dat godsdiensonderrig die grondslag van alle ware onderwys is, dat dit die volk bestendig, veral 'n samegestelde volk soos ons s'n, dat dit die ~~werk~~ middel is om 'n sterk persoonlike karakter op te bou en dat kultuur sonder godsdiens nie betroubaar is nie. Die Kommissie is tewens daarvan oortuig dat die bevolking van Transvaal verlang dat hierdie godsdiensonderrig in 'n Christelike gees en as 'n integrerende gedeelte van die skoolleerplan gegee moet word."

4. <u>Nasionale Onderwys.</u>

Die opvoedkundige waarde van die moedertaal as medium van onderwys is deur die manne van die C.N.O. nie alleen besef nie, maar ook benadruk.

Die Afrikanerdeel van die bevolking ná die oorlog was nie in die oupad toe hy geprotesteer het teen 'n afskeping van sy moedertaal in die Goewermentskole nie.

1) Wet No. 25 van 1907, Artikel 34.

Hoewel met wapengeweld ten onder gebring, kon die Afrikaners op grond van 'n artikel in die Vredestraktaat[1] van Vereeniging moedertaalonderwys as 'n reg eis.

Die onlangse Provinsiale Onderwyskommissie het dit nodig geag om die belangrikheid van die huistaal of moedertaal te beklemtoon.[2]

As kultuurvak, tewens, is die moedertaal die belangrikste, want dis die vak wat elke uur van die dag gebruik word, en wat die grootste invloed op die karakter uitoefen.

Waar die huistaal so 'n eienaardige posisie inneem in die opvoedingstelsel, hoef dit ons nie te verbaas dat die manne van die C.N.O., onder die benardste geldelike omstandighede so krampagtig gestrewe het na die behoud daarvan ná die Anglo-Boere-oorlog nie.

Die ideaal in ons land volgens die meerderheidsrapport van die Transvaalse Onderwyskommissie is eenheid van taal en ras, en om dit te bereik, is dit nodig om die opvoeding van die kind, die omgewing en beïnvloeding van die denke van die kind, so af te stuur dat dié ideaal verwesenlik word.

Hierdie ideaal, eenheid van taal en ras, was dieselfde wat die Milnerskool in die oog gehad het, want „the old education system of the South African Republic with its Dutch Superintendent, inspectors and officials had been swept away so thoroughly that

1) Vredestraktaat van Vereeniging Art. 5: „The Dutch Language will be taught in public schools in the Transvaal and the Orange River Colony where the parents of the children desire it, and will be allowed in Courts of Law when necessary for the better and more effectual administration of Justice."
2) Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie, bls. 219.

not a vestige had remained. There was not a single Dutch name on the list of inspectors and other officials. They were all English. To be sure, many of them were excellent educators-men of culture and high ideals, men who also did their best to acquire the Dutch language. But the fact remains that the power at the back of them was an intensely bureaucratic one which had as its ideal the anglicisation of the two conquered colonies with as great a rapidity as possible. The power of the State was used to bring about denationalisation of a people through the medium of the schools.[1]

Om sy doel, eenheid van taal en ras, te bereik is die aanbeveling[2] van die Onderwyskommissie: „Dat die toekomstige beleid van die Provinsie moet wees om hom daarvoor te beywer dat albei tale as voertale gebruik word in alle skole, hetsy Dubbelmedium-, Parallelklasse, of afsonderlike skole."

In Pretoria, waar in Oktober 1930 die ou Transvaalse Universiteitskollege verhoog is tot die status van 'n universiteit, is daar 'n poging aangewend om 'n inrigting vir hoër onderwys te gebruik met die oog op rassesam[illegible]ing. 'n Onpartydige toeskouer sê daarvan: „It was the r[illegible]n on a small scale of Cecil Rhodes' ideal, who had wanted to gather the young together from all parts of South Africa into one big University. They will

1) Malherbe, E.G.: t.a.p., bls. 315.
2) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, bls. 231.

live together, play together, get to know each other, spread out over Africa and make it a united country." He spoke those words in 1891. Forty one years later the only experiment of this kind ended in failure."[1]

Die ondervinding het eweneens geleer dat eenheid van taal en ras NIE op die skole, soos aanbeveel, kan bereik word nie, doodeenvoudig omdat die kinders van die verskillende rasse glad nie tussen skoolure met mekaar op die speelgrond meng nie. Eerder word daar op daardie skole h gees van ond rlinge teensin tussen die groepe geopenbaar.

Owerigens behoort eenheid van taal en ras nie as doel van die onderwys gestel te word nie, want dit is eintlik h staatspolitieke idee.

Ook het die ondervinding geleer dat eenheid van taal en ras uitloop op verengelsing. Hoe ver die verengelsing reeds in Suid-Afrika gevorder het, besef ons self nie.

Dr. Barnouw, h Hollands-Amerikaanse professor wat onlangs Suid-Afrika besoek het, sê: „The effect of this anglicising process is a strange anomaly of which the Afrikaners themselves are apparently unaware: their outlook on life, their conceptions of the world abroad, their ideas of sportsmanship, even their manners and forms of social intercourse, bear the trade mark ‚Made in England.'"[2]

1) Barnouw, A.J.: t.a.p., bls. 42.
2) Dieselfde, bls. 40.

Dit is presies die ideaal waarna die Milnerstelsel gestrewe het.. Barnouw sê van die Afrikaner: „As a social animal the Afrikaner belongs to the species called Briton."[1]

Hierteenoor stel ons die ideaal van die C.N.O., wat weer deur die minderheidsrapport van die Transvaalse Onderwyskommissie só gestel word:[2] „Tenslotte kom dit alles neer op die vraag of daar twee volksgroepe in Suid-Afrika, elkeen met sy eie kultuur, naas mekaar bestaan en as sodanig geëerbiedig moet word, of nie. Ons medelede het 'n voorstel verwerp wat ons gedoen het om die bestaan van aparte kultuurgroepe te erken as die redelike grondslag vir die aparte skool. Die vraagstuk is dus of die volkseenheid daarin lê dat die twee groepe hartlik moet saam werk om Suid-Afrika op te bou, dan of die eenheid daarin lê dat een of beide van die groepe hul identiteit moet verloor. As dit die regte beskouing is, dat een of beide hulle identiteit moet verloor, dan sal die skool met parallelklasse die logiese gevolg wees, en dit sal meteens die beste instrument wees om die bestaande identiteit van die groepe uit te wis. As eersgenoemde die regte opvatting is, en dit is ons oortuiging, dat beide volksgroepe hulle identiteit moet behou, dan sal die Provinsie waar moontlik moet bly by die bestaande reëling van aparte skole."

1) Barnouw, A.J.: t.a.p., bls. 41.
2) Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, bls. 268 (17).

V. Doelstelling van die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging.

Lord Milner se beleid was om die Boerebevolking deur middel van sy skoolstelsel te denasionaliseer.

Direkteur Sargant het baie gou na die afloop van die Anglo-Boere-oorlog besef dat dit baie beter sou wees vir die opvoeding en ook ekonomieser as plaaslike skoolkommissies herstel kon word wat verantwoordelik kon gehou word vir die aanstelling van die onderwyskragte. Die helfte van die lede sou deur die Dorpsrade aangestel word, wat die belasting sou hef vir die onderwys en die ander helfte sou deur die Goewernour aangestel word. Die beheer van die onderwys sou derhalwe vir die grootste gedeelte in die hande van plaaslike besture gewees het. In plaas van self h opvoedingstelsel te ontwikkel moes die funksie van die Departement van Onderwys volgens Sargant wees om h stelsel deur ander ontwikkel te kritiseer.

Sy baas, lord Milner, egter, wou hom geen gehoor gee nie, en die burokratiese stelsel van administrasie is vir politieke redes bestendig. 1)

Dis nogal interessant om die „aggressiewe Brit" h bietjie nader toe te lig, en wel by monde van Ramsay Macdonald, wat eens op h tyd Eerste Minister van Engeland was. Hy vertel onder meer: „Die Brit in die buiteland is inderdaad h Brit. Ek het verskeie mense in Suid-Afrika ontmoet wat ek in Engeland geken het. Hier

1) Malherbe, E.G.: t.a.p., bls. 316.

in Engeland het hul nasionalisme maar liggies op hulle gerus, maar in Suid-Afrika veroorsaak die gedagte aan hul moederland 'n vlam in hul oë en 'n lughartige trots in hul tred. Hoe ons dit ook al verklaar, die Engelsman in die buiteland word rasend aggressief, rasend patrioties, rasend toegewyd aan die belange van sy land, (d.w.s. Engeland). Selfs wanneer hy sy land versaak het vergeet hy hom nie.[1]

Die volgende uit die pen van generaal Jan C. Smuts gaan oor daardie soort van Engelsman wat daarop uit was om van die Afrikaners halfgebakte Britte te maak: „Hierdie mense het nog nooit hul land liefgehad of 'n hartstog in enige vorm daarvoor gevoel nie. Hulle beskou Suid-Afrika met onbedekte minagting, 'n Kafferland, goed genoeg om geld of 'n naam in te maak, maar nie goed genoeg om in gebore te word of te sterf nie. Wat is daar gemeenskaplik tussen sulke mense en die Boer, wie se sieleweefsel van hierdie veragte aarde gemaak is?"[2]

1) Macdonald, J. Ramsay: What I saw in South Africa, bls. 25.
2) Millin, S.G.: General Smuts, Vol. II., bls. 194.

Hierd[illegible] [illegible]ooghartige, aggressiewe, minagtende ultra-Britte soos ge[illegible] [illegible]ulle beskrywe en van wie lord Milner die voorman was, [illegible] daarop uit om van die Boere kastige Engelse te maak. Een van die metodes wat toegepas is, was om die Engelse taal in die skole alleenheersend te maak.

Tereg het T.M.Healy in die Britse Laerhuis in hierdie verband die vraag gestel: „With regard to education, will not Sir Alfred Milner establish schools from which is excluded all teaching of the Dutch language, a point upon which the Dutch have the strongest possible feeling, and in which every incident connected with the late war will be given in the school books in the form the most discreditable to the Boers?"[1)]

Dit is presies wat gebeur het. Geen nasie met enige selfrespek kon hom so ŉ onderwysstelsel laat welgeval nie. Hoewel stoflik geruïneer het die volk sy eie C.N.O.-skole gestig waar die moedertaal tot sy reg kon kom.

Die sogenaamde anglisasieproses was in werklikheid ŉ ontstammingsproses, ŉ geestelike verslawingsproses. Vergelyk hiermee wat in ŉ vroeër hoofstuk gesê is van Skotland en Wallis. Deur middel van ŉ spesiale Engelse onderwysstelsel moes dit op die Afrikanerkinders toegepas word om hulle nasionale bewussyn te vernietig, om hulle te denasionaliseer en van hulle halfgebakte Engelse te maak. Dit was die uitgewerkte plan wat beoog was met die Britse onderwysstelsel in Suid-Afrika. Tot ŉ mate

1) Parliamentary Debates No. 5. Vol. 88, bls. 272.

Hierdie hooghartige, aggressiewe, minagtende ultra-Britte soos gen. Smuts hulle beskrywe en van wie lord Milner die voorman was, was daarop uit om van die Boere kastige Engelse te maak. Een van die metodes wat toegepas is, was om die Engelse taal in die skole alleenheersend te maak.

Tereg het T.M.Healy in die Britse Laerhuis in hierdie verband die vraag gestel: „With regard to education, will not Sir Alfred Milner establish schools from which is excluded all teaching of the Dutch language, a point upon which the Dutch have the strongest possible feeling, and in which every incident connected with the late war will be given in the school books in the *form the most discreditable to the Boers?*"[1]

Dit is presies wat gebeur het. Geen nasie met enige selfrespek kon hom so 'n onderwysstelsel laat welgeval nie. Hoewel stoflik geruïneer het die volk sy eie C.N.O.-skole gestig waar die moedertaal tot sy reg kon kom.

Die sogenaamde angliseasieproses was in werklikheid 'n ontstammingsproses, 'n geestelike verslawingsproses. Vergelyk hiermee wat in 'n vroeër hoofstuk gesê i[illegible] Skotland en Wallis. Deur middel van 'n spesiale Engelse [illegible]stelsel moes dit op die Afrikanerkinders toegepas word om [illegible]ie nasionale bewussyn te vernietig, om hulle te denasionaliseer en van hulle halfgebakte Engelse te maak. Dit was die uitgewerkte plan wat beoog was met die *Britse* onderwysstelsel in Suid-Afrika. Tot 'n mate

1) Parliamentary Debates No. 5. Vol. 88, bls. 272.

het hulle ook daarin geslaag, want soos Professor Barnouw sê: „... selfs die Afrikaner se maniere en sy maatskaplike omgang dra die handelsmerk „Made in England.'"

Net ná die uitbreek van die oorlog verklaar die Markies van Salisbury en Eerste Minister van Engeland, dat Engeland geen uitbreiding van gebied soek nie, maar slegs 'n toestand van rus in die Suid-Afrikaanse binneland sodat die myne goed ontgin kon word en op daardie manier handel laat ontstaan. Engeland wil nie goudvelde hê nie, maar „we desire equal rights for all men of all races and security for our fellow subjects and for the Empire," verklaar hy verder.

Ons beskik egter oor 'n hele aantal uitlatings uit daardie tydperk, van vooraanstaande Britse staatsmanne, wat duidelik openbaar dat almal besef het dat die voorwendsel van 'n gevestigde regering, stemreg vir alle blankes, soewereiniteit, ja, al die strydkrete wat die ontbranding verhaas het, maar niks anders was as voorwendsels nie. Lord Tweedmouth bv. verklaar: „For his part he would wipe away all details of which so much was heard, questions of Suzerainity, Franchise, and so forth. He would put our position rather on the ground that we were from the natural situation of affairs in South Africa the predominant Power in that country." Lord Kimberley betuig: „The issues about the Franchise and about a joint enquiry were only apparent issues." President Kruger het dit ook só ingesien, getuig sy uitlating

teenoor Milner tydens die Bloemfonteinse Konferensie in 1899, nl. dat Milner nie die stemreg vir die Uitlanders wil hê nie, maar wel die hele Republiek wou inpalm.

Daar is dan ook Britse Staatsmanne wat onomwonde verklaar dat die hele stryd neerkom op 'n kwessie van gesag, van aansien, van die oorheersing van Britse seggingskap oor die Boere, m.a.w., 'n kwessie van die vernietiging van die Afrikaanse kultuurgedagte in Suid-Afrika deur die Engelse kultuurgedagte.[1)]

Die Britse onderwysstelsel was 'n tweede front in die aanval op die Afrikaanse kultuurgedagte.

Teen hierdie aanslag het die manne van die C.N.O. in verset gekom. Hulle stelsel moes dan feitlik reëlreg die teenoorgestelde wees van die Britse stelsel. In die Engelse skole moes die Boerekinders gevorm word tot „'n species called Briton," wat lojale burgers van die grote Britse Ryk sou wees. Die C.N.O. moes daardie kinders red en behou vir eie volk en land. Die kinders in die C.N.O.-skole moes gevorm word tot burgers wat getrou sou wees aan die kerk van die vaders en op nasionale gebied besiel sou wees met die gees van die voorgeslag.

1) Coetzee, A.J.: t.a.p., bls. 122.

Ons het bevind dat ons die strewe van die manne van die C.N.O. kan benader in verband met:

a. Taalmedium;

b. Die vrye skool en die staatskool;

c. Skoolbeheer;

d. Godsdiens;

e. Die produk waarna die skool gestrewe het.

a. Taalmedium.

Dit is 'n pedagogiese beginsel waaroor min te redeneer val dat die jong kind sy onderrig deur moedertaalmedium behoort te ontvang. Daarom is dit dat die Transvaalse Onderwyswet voorsiening maak vir onderwys deur die moedertaal tot standerd IV.[1)]

Die Milnerskool wou Engels hê vir die Boerekinders en die C.N.O. Hollands. Deur kostelose onderwys het die Koloniale Regering sy skooldeure wyd oopgesit vir Boerekinders, en die motief daaragter was ongetwyfeld die verengelsing van dié kinders. Toevallig het lord Milner c.s. nie daaraan gedink dat: „a better grounding in the grammar of the language that was nearest kin to their own might give them, (the Dutch children) incidentally, a firm grasp of the difficulties of English."[2)]

b. Die vrye skool en die staatskool.

Die onderskeid tussen die vrye skool en die staatskool kom daarop neer dat die ouers alle seggenskap het in die vrye skool terwyl die staat die volle beheer in die staatskool het.

1) Wet No. 25 van 1907, Artikel 30.
2) Barnouw, A.J.: t.a.p., bls. 3.

Die vrye skool was die skool so na die hart van die Afrikaner. Dit was die skoolstelsel wat hy van die voorgeslag as 't ware geërf het. Nog voor die Groot Trek het die Afrikanerouers hulle eie skole gestig en beheer. Daarom is dit dat die C.N.O. vrye skole gestig het.

Lord Milner het nieteenstaande die raad van Sargant die vrye skoolstelsel in die gewese Republieke uitgewis en nie toegelaat dat daar 'n spoor van ouerlike beheer oorgebly het nie.

Onder die C.N.O.-stelsel het slegs ouers kiesreg vir lede van 'n skoolkommissie gehad. Gewoonlik, dog nie noodsaaklik nie, het die skoolkommissie uit ouers bestaan. Die Afrikaner, anders as die Uitlanderouer, eis die volle beheer oor die onderwys van sy kind.

Die Koloniale Owerheid was van sienswyse dat hy beter in staat was as die ouers om te oordeel oor die bevoegdheid van onderwyskragte.

d. Godsdiens.

Daar bestaan byna volkome uniformiteit onder die Afrikaners op kerklike gebied. Onder die drie Hollandse kerke bestaan daar geen beginselverskil nie. Die Afrikanerouer verkies Godsdiensonderrig bokant Bybelse geskiedenis. Die doel van die onderwys is om die kind op te voed tot lidmaatskap van die kerk. Professor Barnouw laat hom as volg oor hierdie omstandigheid uit: „From the Boer's point of view the chief aim of education was to

train the child for memberskip in the Church. Knowledge of the Catechism and the Bible was the accomplishment that they valued most."[1]

As ons bedink dat die Uitlanders uit Engelse, Skotte, Duitsers en Jode bestaan het kan ons verstaan dat die Goewermentskool nie die nadruk op godsdiensonderrig kon lê soos die C.N.O. nie.

e. [illegible]produk waarna gestreef is.

Enige onderwysstelsel stel sig ten doel die vorming van 'n sekere tipe man en vrou.

Die Goewermentskoolstelsel was Brits in sy uitkyk. As ons dink aan 'n man soos lord Milner moet ons aanneem dat hy die vorming van net een soort man en vrou in die oog gehad het. Dit sou 'n man en vrou wees wat dieselfde uitkyk gehad het as hy self. Vir hulle sou daar soos vir Milner net een moederland wees: Engeland.

Maar ook die Boerekinders moes in die Engelse beskermingstroom opgeneem word: „It seemed absurd that such a small body of people should be permitted to perpetuate ideas and customs that were not English."[2]

Vir die Afrikaner is daar nie 'n ander moederland as Suid-Afrika nie. „The Dutch Boers never hankered back for the Low Countries and for reunion with the stock from which they sprang."[3]

1) Barnouw, A.J.: t.a.p., bls. 3.
2) Van den Heever, C.M.: Die Stryd om ewewig, bls. 250.
3) Barnouw, A.J.: t.a.p., bls. 18.

Daarom was die strewe van die C.N.O. die vorming van burgers en burgeresse wat die tradisies en godsdiens van die voorgeslag nie alleen sou erken en respekteer soos die Uitlander dit soms doen nie, maar die tradisies sou uitlewe en die godsdiens van die vaders aanvaar.

Daarom was die strewe van die C.N.O. die vorming van burgers en burgeresse wat die tradisies en godsdiens van die voorgeslag nie alleen sou erken en respekteer soos die Uitlander dit soms doen nie, maar die tradisies sou uitlewe en die godsdiens van die vadere aanvaar.

Bibliografie.

Act No. 25 of 1907. Transvaal. (Die Smutswet).

Adam, Frank: The Clans, Septs and Regiments of the Scottish Highlands.
W. & A.K. Johnston Ltd., Edinburgh & London 1908.

Aucamp, A.J.: Bilingual Education and Nationalism with special reference to South Africa.
J.L van Schaik, Bpk., Pretoria, 1926.

Barnouw, Adriaan J.: Language and Race Problems in South Africa.
The Hague, Martinus Nijhof, 1934.

Barrow, George: Wild Wales, its people, language and scenery.
T.Nelson & Sons.

Boshoff, S.P.E.: Beskouinge en Feite.
Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1936.

Coetzee, A.J.: Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand, 1886-1936.
Afrikaanse Pers Beperk.

Dewey, John: How we think.
D.C.Heath & Company, London.

Elder, Isabel Hill: Celt, Druid and Culdee.
The Covenant Publishing Co., Ltd. London, 1938.

Fitzpatrick, J.Percy: The Transvaal from within.
William Heinemann, London, 1899.

Flint, W. & Gilchrist, J.D.F.: Science in South Africa.
T.Maskew Miller, 1905.

Greyling, E.: Christelike en Nasionale Onderwys, Dele I & II.
Nasionale Pers Beperk, 1941.

Grosheide, F.W. en ander: Christelijke Encyclopaedie.
Uitgave van J.H.Kok te Kampen.

James, William: Talks to Teachers on Psychology, and to students on some of life's ideals.
Longmans, Green & Co., London, 1920.

Jespersen, Otto: Language, its nature, development & origin.
London, Geo. Allen & Unwin Ltd.,
40 Museum Street, W.C.

Kemp, J.C.G.: Die pad van die veroweraar.
Nasionale Pers, 1942.

Kirkpatrick, Edwin A.: Fundamentals of Child Study.
The Macmillan Company,
New York, 1920.

Loram, Charles T.: The Education of the South African Native.
Longmans, Green & Co., Ltd,
39 Paternoster Row,
London, E.C. 4. 1927.

Lowe, Claude A.: British Israel Truth.
The British Israel World Federation,
Johannesburg.

Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 tot 1900.

Macdonald, J.Ramsay: Wat ek in Suid-Afrika gesien het.
Vertaal deur J.Albert Coetzee.
Voortrekkerpers, Johannesburg, 1941.

Macpherson, Hector: Scotland's battles for spiritual independence.
Hodder & Stoughton, London, 1905.

Malherbe, E.G.: Education in South Africa, 1652-1922.

Minutes of meetings of the Council of Education.

Moormann, J.G.M.: De Moedertaal.
Dekker & van de Vegt, N.V.
Nymwegen-Utrecht, 1936.

Morgan, R.W.: Paul in Britain.
Covenant Publishing Co., London.

Morton, H.V.: 1. In search of Wales.
2. In search of Ireland. Third Edition.
3. In search of Scotland.
Methuen & Co. Ltd., London.

Nathan, Manfred: Paul Kruger, his life and times.
The Knox Publishing Company, Durban.

Preller, Gustav S.: Andries Pretorius.
Afrikaanse Pers, 1937.

Reunert, Theodore: Autobiography.

Robinson, John: Science in South Africa.

Schmidt, C.H.: The Language Medium Question.

Scholtz, G.D.: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe.
Voortrekkerpers, 1944.
Schrijnen, Jos.: Moderne Taalgroei.
Samenwerkende Maatschappij, Volksdrukkerij, 1926.
Souvenir Programme: The National Eistedfodd of South Africa.
Spoelstra, B.: Ons Volkslewe.
J.L. van Schaik, Pretoria, 1924.
Staatsdrukker: Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie, 1939.
Stockenstrom, Eric: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II.
Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1928.
Transactions of the honourable Society of Cymmrodorian.
Issued by the Society, London, 1936.
Van Breemen, B.H.: Mooi Sannie, schetsen uit Zuid-Afrika.
Amsterdam, H.J. Boon.
Van den Heever, C.M.: 1. Die Afrikaanse Gedagte.
2. Die stryd om ewewig.
Die Nasionale Pers, Kaapstad, 1941.
Van Ginneken, Jac.: De roman van een Kleuter.
L.C.G.Malmberg, Nymegen, 1917.
Vereniging von Hoofde van Afrikaansmediumskole op die Rand:
Moedertaalpamflet.
Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika:
Gedenkboek.
J.L. van Schaik, Boekhandel, Pretoria, 1918.
Vriend des Volks, De: Bloemfontein, 1905 tot 1917.
Wet No. 8 van 1892, Zuid-Afrikaansche Republiek.

**Author** Gregory Morgan Jenkins
**Name of thesis** Die Strewe Van Die " Council Of Education" Van Johannesburg Vergelyk Met Die Van Die Manne Van "christelike-nasionale Onderwys". 1944

*PUBLISHER:*
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

*LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.